# Vrye Weekblad

**Die nuwe stem vir 'n nuwe Suid-Afrika**

3 Februarie 1989 | Tel: (011) 836-7236/7/8/9 | Prys: R1,20 (R1,07 + 13c AVB)




## Moeder van die nasie haar titel kwyt

4

## 'n Kortkop-oorwinning: FW 69, Barend 61

**Lees volgende week wat is die ware gesig van die nuwe leier**

Senior Finansies-man se naam nou genoem

# Hoë skelms - nog meer intriges

**DESPERATE onderhandelings word agter geslote deure in Pretoria gevoer om te keer dat Albert Vermaas en sy geldsmokkel-maatskappye hierdie week finaal bankrot verklaar word. Indien die onderhandelings slaag, sal dit veroorsaak dat 'n groot deel van die Vermaas-skandaal geheim sal bly.**

**Martin Welz**

Ondanks pogings om die skandaal diskreet tot 'n einde te bring, word al hoe meer groot name betrek. Daar word nou selfs gespekuleer oor 'n moontlike CIA-betrokkenheid.

Hierdie spekulasie word gesterk deur die besoeke wat die Amerikaanse ambassadeur, Edward Perkins, verlede jaar aan Vermaas se wildplaas gebring het. Daar is ook hardnekkige gerugte van groot winste wat in Angola gemaak sou kon word met Amerikaanse hulp vir Jonas Savimbi. En dan is daar die geheimsinnige bedrywighede van Vermaas se lugredery in Afrika en Suid-Amerika.

Vrye Weekblad sal oor die komende weke die skandaal tot in al sy uithoeke ondersoek en ontbloot. Daar sal gekyk word na:

* Die vloedgolf vreemde valutatransaksies wat oor die afgelope twee jaar blykbaar seepglad en ongemerk deur die Reserwebank vloei en name wat in dié verband by herhaling hul verskyning maak. Die Reserwebank is midde-in die een skandaal op die ander.

* Die noue verbintenisse tussen top-politici en amptenare en 'n kring ryk sakemanne en makelaars wie se bedrywighede al hoe meer aandag trek.

Intussen is daar hierdie week in Pretoriase regskringe verwys na die betrokkenheid van plaaslike "Griekse", "Libanese" en "Joodse" sindikate wat meer as R100 miljoen in Vermaas se skema belê het.

Dit is hulle wat op vreemde wyse skerm dat Vermaas insolvent verklaar word en namens hom 'n skikkingsaanbod saamgestel het met 'n belofte dat R155 miljoen aan die einde van hier-

*Na bladsy 2*

## Saamtrek in Harare

'N VIERDAAGSE regskonferensie oor die oorgang van Suid-Afrika na 'n samelewing sonder apartheid is dié week in Harare deur 33 Suid-Afrikaanse akademici, hoofsaaklik regsgeleerdes, en 15 prominente lede van die ANC bygewoon.

Die konferensie is deur Idasa gereël as 'n opvolg-aksie van die Dakar-beraad in 1987.

Hoewel Vrye Weekblad net oor die eerste twee dae van die konferensie berig, het dit gelyk of daar reeds ooreenstemming oor 'n groot aantal vraagstukke bereik is. Die ANC en die Suid-Afrikaners het saamgestem dat daar nie sterk ideologiese verskille tussen hulle is nie.

Die belangrikste punt op die agenda was die ANC se nuwe konstitusionele voorstelle, wat op die Freedom Charter berus.

Aangrypende tonele het afgespeel toe Albie Sachs, wat verlede jaar sy arm in 'n ontploffing in Maputo verloor het, by die konferensie opgedaag het.

Volledige berigte op bladsy 3.



Prof Johan van der Vyver van Wits, prof Albie Sachs, senior ANC-lid, en prof André van der Walt van Unisa by die regskonferensie in Harare

Bedgoggas, Dr Treurnog, Magnus Pl en die Vlok-op — 13

# Hoë skelms — die sage duur voort

*Van bladsy 1*

die maand van die buiteland sal kom om al Vermaas se skuld te betaal.

Vreemd aan die aanbod is die veronderstelling dat nagenoeg R75-miljoen wat Vermaas buiteland toe gestuur het onverklaard verdwyn. Met die aanbod sal 'n onbekende buitelandse koper vir Chieftain Air, wat net nagenoeg R35-miljoen werd is, vir R155-miljoen koop. Hy betaal betaal dus R120-miljoen vir geheime kontrakte of kundigheid wat aan Vermaas persoonlik kleef.

'n Ander is dat die aanbod sonder 'n bankwaarborg vir betaling kom, en nie eens deur die aanbieder onderteken is nie. Tog wil hierdie, meestal anonieme, meerderheid ander skuldeisers dwing om die aanbod te aanvaar.

In vandeesweek se onderhandelings is die onbekende skuldeisers deur twee bekende Pretoriase prokureurs verteenwoordig. Een van hulle, Louis Shapiro, het reeds voor die Harms-kommissie getuig oor die meer as R1 miljoen wat hy, sy familie en vriende belê het.

Nuut op die toneel hierdie week is Steve Klagsbrun van die firma Klagsbruns. Klagsbrun was self 'n belegger en agent wat ander beleggers vir Vermaas gewerf het. Onlangs het dié firma 'n groot terugslag gehad toe hulle uitgevang is met 'n miljoen-rand-belastingbedrogspul.

In hierdie week se onderhandelings verteenwoordig Klagsbrun, na betroubaar verneem word, 'n groep hoofsaaklik Griekse en Libanese sakemanne en anonieme sindikate wat tiene miljoene rande by Vermaas belê het.

Die aanbod vereis dat Vermaas se boedel en maatskappy privaat gelikwideer sal word, en dat nòg Vermaas nòg sy skuldeisers ondervra sal word oor die omstandighede rondom hul besigheid.

Onder die bekendes wat as agente opgetree het, is Dot Spoelstra, vrou van die gesiene Pretoriase regter.

## Stille vennoot

Dit het ook nou aan die lig gekom dat die nuutaangestelde registrateur van finansiële instellings, dr Theo van Wyk, tot onlangs 'n stille sakevennoot was van dr Eugene Berg, Pretoriase advokaat, Ciskeise bankier en 'n sentrale figuur in die Vermaas-drama.

Berg was die voorsitter van Eurobank wat R27 miljoen van beleggers in Vermaas se skema belê het. Berg, Van Wyk en Jan Lombard, seun van dr Jan, het die destydse Franse Bank aan die Allied-Bougenootskap verkoop. Destyds is net die name van Berg en Lombard bekend gemaak. Van Wyk se betrokkenheid blyk vir die eerste keer in 'n dokument wat Berg aan die Harms-kommissie voorgelê het.

Voor die Harms-kommisssie is getuienis gelewer oor 'n eiendomstransaksie waar Vermaas 'n eiendom noord van Pretoria vir R400 000 gekoop het en daarna aan 'n ou vriend in die buiteland vir meer as R22 miljoen verkoop het.

Dit veroorsaak dat daar opnuut gekyk word na die omstandighede rondom die uitsonderlike kabinetsbesluit waarvolgens die eiendom tot nywerheidsgrond gehersoneer is.

Onder die eiendomsmaatskappye wat in dieselfde tyd in die gebied bedrywig was, was Wonderboom-Ontwikkelingsmaatskappy waarin Danie Steyn, minister van Ekonomiese Sake en Tegnologie, voorheen 'n groot belang gehad het. Dit word nou deur Steyn se swaer beheer.

'n Ander maatskappy was Natprops, 'n beursmaatskappy waarby Pietie du Plessis, gewese minister van Mannekrag, en die vise-president van die Reserwebank, dr Jan Lombard, en hul seuns die beherende belang gehad het.

Dié maatskappy is na verskeie terugslae nou in beheer van 'n Amerikaner wat groot geld gemaak het met die bou van Ciskei se mislukte internasionale lughawe.

En soos die draaie deesdae loop, was die konsultant vir die lughawe die einste man wat Vermaas geadviseer het oor die aankoop van sy vliegtuie. (Word vervolg...)

# Eetstaking in tronke brei uit

**Elsabé Wessels**

'N ERNSTIGE eetstaking in Suid-Afrikaanse tronke is besig om uit te brei onder aangehoudenes wat onder die noodtoestand aangehou word. Die aangehoudenes eis dat hulle verhoor of vrygelaat word.

Volgens 'n brief wat glo uit die Diepkloof-gevangenis gesmokkel is, is daar nou sowat 73 eetstakers in dié tronk.

Die SA Gevangenisdiens het die egtheid van die brief bevraagteken en gesê dit lyk na 'n tipiese voorbeeld van die propagandaveldtog wat teen die Gevangenisdiens en die regering gevoer word.

Na verneem word het twee aangehoudenes in die Witbank-gevangenis en 'n aangehoudene wat in die psigiatriese eenheid van die Hillbrow-Hospitaal teen depressie behandel word, hulle ook by die eetstakers aangesluit.

Die gesinne van die Diepkloof-eetstakers, van wie sommige al langer as twee jaar sonder verhoor aangehou word, beweer nou dat die eetstakers na 'n verlate deel van die tronk geneem is en dat daar gedreig word om hulle na meer konserwatiewe gevangenisse in Boksburg en Vereeniging oor te plaas.

Die uitbreiding van die eetstaking is onthul in 'n brief wat uit Diepkloof gesmokkel is, het die Sowetan dié week berig.

Daarvolgens het sowat 53 aangehoudenes hulle aangesluit by die 20 wat verlede week reeds begin het om kos te weier.

Die tronknota lees: "Ons kollegas weier kos nou reeds 'n week lank. Die regering hou vol om ons eise te ignoreer en bly soos altyd onsensitief vir ons probleme. Ons is ook kwaad omdat die regering weier om, selfs in die lig van ons kollegas se verswakte gesondheid, op hul nood ag te slaan.

"Ons vertoë tot julle regering dat mense vir lang tydperke van meer as 24 uur sonder verhoor aangehou word - skoliere wat op skool moet wees en broodwinners wie se aanhouding families laat swaarkry - het op dowe ore geval."

Volgens familie van die eetstakers het hulle meer as 'n week ophou eet nadat daar nie ag geslaan is op memorandums, petisies en vertoë wat aan die Minister van Wet en Orde en die Staatspresident gerig is nie.

Gevangeniswese het gister in 'n verklaring die egtheid van die tronknota bevraagteken. "Dit lyk na 'n tipiese voorbeeld van 'n propaganda-veldtog wat van buite die gevangenis gevoer word om die SA Gevangenisdiens en die regering in 'n slegte lig te stel," sê hulle in 'n verklaring.

Hulle ontken ook dat aangehoudenes mediese sorg geweier is of dat hulle gedreig is dat hulle na ander tronke oorgeplaas sal word. "Oorplasings word volgens 'n vaste beleid uitgevoer," sê die verklaring.

Diegene wat op 'n eetstaking gaan, word gewaarsku dat dit hul gesondheid kan benadeel. Voedsels en mediese sorg word steeds aan hul beskikbaar gestel, lui die verklaring.

# Kalmte in Soweto-skole ná geweld

**Anton Steenkamp**

NA twee weke van geweld sedert die skole in Soweto op 13 Januarie heropen het, waarin twee onderwysers se motors uitgebrand is en minstens een onderwyser met 'n mes gesteek is, begin dinge weer kalmeer na oproepe deur die ANC, die burgemeester van Soweto, en kerk-, jeugen gemeenskapsleiers.

Die geweld het losgebars nadat 'n groep leerlinge wat verlede jaar hul matriekeksamen gedruip het, hertoelating gevra het by Fidelitas Sekondêre Skool. Die skoolhoof het geweier, en die leerlinge het begin amok maak.

Omtrent 200 onderwysers is daarna deur die Departement van Onderwys en Opleiding (DOO) van verskeie skole in Soweto en Diepkloof onttrek.

Die leerlinge is ontevrede met die maatreëls van die Departement van Onderwys en Opleiding wat bepaal dat leerlinge wat matriek gedruip het, of ouer as 21 is of as "aktiviste" beskou word, toelating tot gewone dagskole geweier kan word.

Die DOO het voorsiening gemaak vir volwasse onderwyssentrums waar middag- en aandklasse aangebied word vir die leerlinge wat matriek moet herhaal.

Volgens die burgemeester van Soweto, Sam Mkhwanazi, was die leerlinge nie heeltemal seker wat dié sentrums sou behels nie, en het hulle verkies om dagskole by te woon.

Hy het met verteenwoordigers van die leerlinge samesprekings gevoer en gaan aanbeveel dat een skool wat op die oomblik nie gebruik word nie, slegs vir die herhalers as dagskool ingerig word. Mkhwanazi sal dié aanbeveling met die streeksdirekteur van die DOO, Peet Struwig, bespreek.

Nadat Mkhwanazi en ander gemeenskaps- en kerkleiers van Soweto met die leerlinge gesels het, is die situasie nou weer "byna normaal".

Die ANC het ook vroeër vandeesweek 'n beroep op die leerlinge gedoen om die geweld te staak en gesê "dit help nie die leerlinge in hul stryd teen apartheidsonderwys nie".

## Dié week in die nuus

### Suid-Afrika

**'n Uitvoerende lid van die UDF**, Andrew Boraine, pleit onskuldig op 'n aanklag dat hy verbode boeke in sy besit gehad het. Die saak is uitgestel tot 2 Maart.

**Drie mense is dood** en talle beseer nadat die polisie 'n messteekvoorval moes ondersoek in Davidsonville, Roodepoort.

**Ciskei weier** om samesprekings te voer met Suid-Afrika en Transkei oor die verslegtende verhoudinge tussen die twee Xhosa-state.

**Minister Pietie du Plessis** is woedend oor die "sogenaamde exposé" van die Du Plessis-familie se sake-bedrywighede. Hy sê aspekte daarvan is gebaseer op "verdraaiings, skinderpraatjies en onwaarhede".

**Die Permanente Bouvereniging** sluit sy laaste tak in die Ciskei as gevolg van stygende kostes.

**'n Nuwe regse groep**, die Boere Vryheidsbeweging (BVB), is deur sowat 120 ontevrede gewese AWB-lede gestig. Die BVB sal streef na 'n Afrikaner-volkstaat.

**Die ANC het** 'n beroep gedoen op leerlinge in die townships om hulle van enige vorm van geweld of vandalisme te weerhou.

**Twaalf mense is dood** en nege beseer in 'n brand by Sasol III. Die geraamde skade beloop R50 miljoen.

**Die aandklokreël in** Ovamboland word op 20 Februarie opgehef.

**Genl Jannie Geldenhuys** sê dit is onverantwoordelik om voor te stel dat diensplig verkort moet word as gevolg van Suid-Afrika se onttrekking aan Namibia.

**Nelis Greyling, 21,** joernalis van Beeld, word steeds aangehou in 'n tronk in Maputo.

**Die James-kommissie bevind** dat oud-minister Amichand Rajbansi onbevoeg is om amptelike of semi-amptelike poste te beklee. Kriminele vervolging teen hom word oorweeg.

**Mnr Danie van Zyl**, die leier van die Nasionale Party in die Johannesburgse Stadsraad, het 'n beroep op die regering gedoen om standpunt in te neem oor die Groepsgebiedewet. Hy sê hyself verstaan nie die huidige situasie nie.

**Inwoners van Kraaifontein** dreig om bruin inwoners in blanke gebiede uit te gooi indien die regering nie optree nie.

**Nelson Mandela** en Joe Slovo eis dat Winnie Mandela ontslae moet raak van haar sokkerklub.

**Vier mynwerkers is dood** en een word vermis na rotsstortings in die Kloofgoudmyn naby Westonaria.

**Eenrigtingruite aan voertuie** word verbied in die Transvaal.

**Brakpan se rugbyklub** is deur die dorp se KP-stadsraad verbied om gemengde sport op die Bosmanstadion te speel. Net die "blanke ras" mag van die stadion gebruik maak, is besluit.

**'n Standbeeld van dr Verwoerd** gaan in Pretoria opgerig word teen 'n geraamde koste van tussen R300 000 en R700 000.

**Die polisie is** steeds besig om die moord op Azapo se Sekretaris van Gesondheid, dr Abubaker Asvat, te ondersoek.

### Internasionaal

**'n Verwoestende sikloon** tref Mautitius en meer as 4 000 mense moes inderhaas uit laagliggende gebiede verskuif word uit vrees vir grondverskuiwings.

**Die Suid-Afrikaanse regering** het 'n lening van R100 miljoen rand van Switserland bekom.

**Die Law Society in Londen**, verteenwoordigend van die meeste prokureurs in Engeland en Wallis, onttrek beleggings van twee vooraanstaande Britse maatskappye, Northern Engineering Industries en Courtaulds, wat sake doen in Suid-Afrika.

**Die Suid-Afrikaanse ambassadeur** in Australië, David Tothill, ontken bewerings dat Suid-Afrika betrokke is by die aanval op die ANC-verteenwoordiger, mnr Eddie Funde, se huis.

**Die Kanadese minister** van Buitelandse Sake, Joe Clark, het gewaarsku dat verpligte sanksies teen Suid-Afrika dalk ingestel gaan word.

**Die eerste groep Kubaanse soldate** wat hul onttrek aan Angola het per boot in Havana aangekom.

**Die Suid-Afrikaans gebore** Abdullah Ibrahim (Dollar Brand) kom in Londen aan vir optredes in onder andere die bekende Ronnie Scott's-jazzklub.

**Aartsbiskop Desmond Tutu** ontmoet die Sekretaris-Generaal van die VVO, dr Javier Perez de Cuellar, in New York vir samesprekings oor ontwikkelinge in Suidelike-Afrika.

**In die World** Wildlife Fund se jaarverslag word berig dat die aarde 'n ramp, soortgelyk aan een wat 65 miljoen jaar gelede twee derdes van alle lewende spesies uitgewis het, in die gesig staar.

**Mikhail Gorbachev** het aangekondig dat hy Kuba in die eerste week in April gaan besoek.

Alle politieke kommentaar in hierdie uitgawe van Vrye Weekblad is deur Max du Preez, en opskrifte deur Koos Coetzee. Albei is van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg.

# Sachs omhels kollegas met een arm

Peta Thornycroft

HARARE - Aangrypende tonele het hier afgespeel toe prof Albie Sachs, met net een arm ná 'n bomontploffing verlede jaar, dié week uit Londen op die regskonferensie aangekom het.

Hy het oud-kollegas in die ANC, wat hy jare voor sy verminking laas gesien het, met een arm omhels. Onder hulle was Phyllis Naidoo, wat self deur 'n briefbom in Lesotho beseer is.

'n Direkteur van Idasa, dr Frederik van Zyl Slabbert, het dié week gesê: "Dit was skokkend vir almal van ons om hom te sien. Dit het 'n definitiewe punt gemaak. Dit was 'n emosionele oomblik."

Sachs was moeg maar opgewek met sy aankoms. Hy is toe net uit die hospitaal ontslaan ná 'n operasie om bloedklonte te verwyder uit sy linkeroog wat ernstig beseer is toe 'n bom verlede Maart onder sy motor in Maputo ontplof het. Sy een arm is in die slag omtrent mors-af geruk.

Die ANC gee Suid-Afrika die skuld daarvoor.

Sachs het ook Suid-Afrikaanse afgevaardigdes, wat hy nog nooit voorheen ontmoet het nie, met sy een arm omhels.

Albie Sachs is 'n uitstekende regsgeleerde en lank reeds 'n lid van die ANC.

Dit is die eerste keer sedert die vroeë jare sestig toe hy Suid-Afrika verlaat het dat hy regspersoonlikhede uit Suid-Afrika ontmoet wie se akademiese werk hy jare reeds lees.

Hy mag nie in Suid-Afrika aangehaal word nie, maar 'n Zimbabwiese kollega het gesê hy is seker Sachs het geen wraakgevoelens oor sy verminking nie. Nie eens woede teen dié wat die bom geplant het nie.

"Albie dink net nie so nie. Hy dink hoegenaamd nie aan 'n oog om 'n oog en 'n arm om 'n arm nie. Hy wil nie eendag huis toe gaan na 'n samelewing van eenarm- en eenoog-mense nie."

Sachs word allerweë beskou as een van die hoofargitekte van die ANC se konstitusionele voorstelle vir 'n post-apartheid Suid-Afrika wat op hierdie konferensie bespreek word.

Hy was waarskynlik die jongste Suid-Afrikaner wat tot die Balie toegelaat is nadat hy aan die Universiteit van Kaapstad afgestudeer het. Hy het Suid-Afrika verlaat na jare van teistering en 90 dae in aanhouding, en het 'n gerespekteerde regsakademikus en skrywer in Brittanje geword.

Toe Mosambiek onafhanklik word, het hy sy weg terug na Afrika gevind en hom in Maputo gevestig, in 'n stad en land waarvoor hy klaarblyklik lief geword het.

Die regering van Mosambiek het aan hom hoogs verantwoordelike take, soos die demokratisering van koloniale wette, opgedra.

Toe die Nkomati-verdrag onderteken is, en die ANC beveel is om alle diplomate, met die uitsondering van tien, na Lusaka te stuur, is Albie Sachs op versoek van die Mosambiekse regering uitgesluit. Hoewel hy van jongs af 'n lid van die ANC was, was dit nou sy primêre taak om Mosambiek te dien.

In 1985 het sy ANC-kollegas in Maputo hom verkies om hulle op die ANC se Tweede "Consultative Conference" in Kabwe, Zambië, te verteenwoordig.

# Van Suid-Afrika na Dakar na Harare...



Prof Denis Davis van Kaapstad, Steve Tshwete, hoofbestuurslid van die ANC, en prof Johan van der Westhuizen van Pretoria by die regskonferense in Harare

**Peta Thornycroft, 'n senior Zimbabwiese joernalis, het vir Vrye Weekblad agter die skerms gaan loer van die beraad tussen Suid-Afrikaanse regsakademici en prominente ANC-lede.**

HARARE- "In Dakar het ons nog soos honde aan mekaar gesnuif om mekaar op die proef te stel. Hierdie keer bespreek ons besonderhede."

Dit is die belangrikste kenmerk van die Harare-beraad tussen 33 Afrikaners, hoofsaaklik regs-akademici, en 15 prominente lede van die African National Congress.

Afrikaners wat die ANC voorheen ontmoet het was meer op hul gemak as die nuwelinge, maar almal was dit eens dat die skugterheid van die nuwelinge teen die vierde dag iets van die verlede sal wees.

Selfs op die eerste dag het dit nie gelyk of daar enige fundamentele verskille tussen die twee groepe was nie. Albei groepe sê hulle het geen groot ideologiese verskille nie.

Die oorheersende vraag is: Wat moet gedoen word om werklike verandering teweeg te bring, en hoe moet die oorgang na 'n post-apartheid Suid-Afrika binne 'n presiese wetlike raamwerk gehanteer word?

## Oortuiging

'n Zimbabwiese bydrae tydens die soms langdradige, soms lewendige, debat was: "Wees versigtig dat julle nie net verandering kry en die ou wette onaangeraak laat nie." Dit was duidelik 'n verwysing na Zimbabwe se uitvoerende magte - 'n erfenis uit die ou Rhodesië - om mense sonder verhoor aan te hou.

Die ANC sê dat hulle sekerlik oor die doodstraf uitgevra sal word, maar hulle sal met absolute oortuiging kan sê dat hulle dit nooit sal toelaat nie. Die doodstraf is geen afskrikmiddel en geen geneesmiddel nie en dit sal nooit weer ná apartheid in Suid-Afrika heringestel word nie.

Die ANC het die konferensie en die Suid-Afrikaners wat dit bywoon as "ontsaglik belangrik" beskryf. Hul houding is dat die akademici nie net met woorde speel nie maar werklike vraagstukke wil bespreek.

Dit is ook duidelik dat hulle groot plesier verskaf om Afrikaners te ontmoet. Die naelstring tussen die twee groepe is ooglopend.

Die Dakariete hernu vriendskappe, terwyl nuwelinge nie net hul nuuskierigheid bevredig nie, maar ook begin om tot die debat by te dra, het 'n Dakariet gesê.

En die debat weerspieël 'n breë konsensus. Een van die groot bangmaak-vraagstukke - Marxiste versus die ander - is nog nie en sal waarskynlik nie bespreek word nie.

'n Afrikaner het dit so gestel: "Ons is regsgeleerdes en ons opleiding laat ons toe om verder as dit te kyk, hoewel ons natuurlik die Marxistiese regstelsel bespreek het. Ons praat oor die manier waarop die oorgang na 'n post-apartheid Suid-Afrika hanteer moet word. In Namibia is daar Resolusie 435 en in Rhodesië was daar Lancaster House.

"In Suid-Afrika het ons reeds 'n oorgangsproses, maar die regering beheer die oorgang - wat 'n teenstrydigheid is. Dit lei ons na 'n staat van beleg."

En hoewel die ANC se militêre bedrywighede onder die soeklig sal kom, hoop die Afrikaners om ware onderhandeling te bespreek.

"Ons soek gerusstellings oor sekere fundamentele dinge soos menseregte, basiese demokratiese beginsels, en ek dink nie ons verskil van die ANC daaroor nie.

"Ons vind die ANC nie meer monolities as wat ons is nie. Ons vind hulle oop. Ons almal aanvaar dat die Suid-Afrikaanse regbank nie meer so onafhanklik is as wat dit was nie, maar ons wil die howe nie afskryf nie. Daar moet 'n ander uitweg wees."

Die ANC het gesê dat hulle sekere praktiese lesse geleer het, en dat hulle die opregtheid van die Afrikaners aanvaar. "Ons verwag glad nie van hulle om alle ANC-standpunte te aanvaar nie."

## Beheer

Miskien is die belangrikste onderwerp wat bespreek sal word die ANC se konstitusionele voorstelle vir 'n post-apartheidsamelewing, wat op die Freedom Charter gebaseer is.

Dit lyk nie asof die Afrikaners enige werklike besware daarteen het nie. Soos een van die Suid-Afrikaanse akademici dit gestel het: "Hulle is omtrent so demokraties soos hulle kan wees ... maar ons as regsgeleerdes sal natuurlik kyk na ingeboude beheer (checks and balances), die misbruik van mag en sulke dinge."

Nie dat hy en sy kollegas die ANC se opregtheid by die opstel van die voorstelle betwyfel nie. "As regsmense moet ons dit egter ontleed."

"People's courts" is deur albei kante bespreek en gekritiseer. Die wyse waarop dit meer doeltreffend gemaak kan word is ook bespreek. Daar is egter nie gevra dat die demokratisering van die regsprosesse stopgesit moet word nie.

Die status van guerrillas as oorlogsgevangenes, en die grondkwessie is ook bespreek.

Selfs al word apartheid en die Groepsgebiedewet môre afgeskaf, sal min swartes grond kan koop - waarvan hulle sedert 1913 op sistematiese wyse beroof is.

Niemand, selfs nie op die eerste dag, was ongemaklik oor die vraagstuk van nasionalisering nie, hoewel geen uitsluitsel oor nasionalisering en die herverspreiding van grond daardeur verkry is nie.

Die debat oor die grondkwessie was onemosioneel, en die siening was dat dit verder ondersoek moet word.

Daar was geen ernstige poging om die vryemarkstelsel as die beste opsie vir Suid-Afrika te verdedig nie.

Daar was eenstemmigheid dat geen oplossing vir die toekoms sonder die ANC as primêre deelnemer uitgewerk kon word nie.

Alles was egter nie akademies nie. Etes, 'n partytjie, 'n funksie by die huis van die Indiese Hoë Kommissaris, wat amper meer Brits as die Britte is, het alles gepaard gegaan met grappe, en die uitruil van herinneringe en stories vanuit wyd uiteenlopende agtergronde wat saamgesnoer word deur 'n gemeenskaplike liefde - Suid-Afrika.

## Uitgesluit

Die pers is by die besprekinge uitgesluit. En daar is ooreengekom dat in gesprekke met die pers geen bydraes aan die name van persone gekoppel sou word nie.

Wat duidelik is is dat die Afrikaners van 'die huis', soos die ANC Suid-Afrika noem, en hul medeburgers in ballingskap saamstem oor 'n gemeenskaplike toekoms. Die wetlike raamwerk vir die oorgang na 'n post-apartheid Suid-Afrika is bespreek.

## Hoeveel invloed het geleerdes?

Peta Thornycroft

HARARE - Hoe invloedryk is die Afrikaanse akademici wat die regskonferensie bygewoon het werklik in Suid-Afrika?

Een akademikus het gesê: "Ons is baie invloedryk. Ons is verteenwoordig 'n belangrike deel van die Afrikaanse akademiese wêreld."

'n Ander een het gesê: "Ons is akademici en beïnvloed studente se bewustheid, maar die regering is nie oor ons bekommerd nie. Hulle word ook nie deur ons beïnvloed nie. Ons is nie 'n bedreiging vir hul magsbasis nie."

Die ANC glo die groep is "uiters belangrik" omdat hulle akademici en Afrikaners is. Die dialoog is 'n stap vorentoe.

'n Senior staatsamptenaar van Zimbabwe het gesê: "Hierdie konferensie fassineer my. Die ANC is baie gelukkiger as ons. Hulle wittes, hierdie Afrikaners, is Afrikane."

# Mynwerkers gebruik 1926-wet teen Reefs

**Anton Steenkamp**

DIE National Union of Mineworkers gaan 'n vergete wetsartikel uit 1926 gebruik in hul aansoek om herindiensneming van twee werkers by die Vaal Reefs-mynmaatskappy.

Dit sal as 'n toetssaak dien vir meer as 11 000 werkers wat in 1987 ná 'n staking deur Vaal Reefs afgedank is.

In 'n aansoek wat volgende week voor die Hooggeregshof dien, sal die twee werkers se prokureur gebruik maak van Art 164 van die Wet op Mynregte, wat bepaal dat 'n mynmaatskappy nie meer as 20 persent van sy arbeidsmag in 'n maand mag afdank nie.

Die prokureur, Paul Benjamin, sê hulle sal argumenteer dat dié artikel ook van toepassing is op afdankings ná 'n staking. Die dispuut vloei voort uit 'n massa-afdanking van Vaal Reefs se werkers in 1987, nadat 'n wettige staking deur die NUM gereël is.

Volgens die NUM is meer as 20 persent van die werkers afgedank. Vaal Reefs sê egter 11 400 werkers, 19,8 persent van die arbeidsmag, is afgedank.

Die artikel waarop die werkers staatmaak, sal geskrap word indien die voorgestelde Mineraalwetsontwerp, wat op 15 Desember verlede jaar gepubliseer is, deur die Parlement aangeneem word.

# Lang messe uit vir Winnie

**Max du Preez**

DIE "Moeder van die Nasie" het haar titel verloor.

Winnie Mandela is nou amptelik in onguns by diegene wat tel in die ANC en UDF nadat sy in die jongste tyd die Mandela-naam baie skade aangedoen het.

In Soweto-kringe word daar al lankal gegis dat daar aansienlike spanning is tussen haar en haar man, Nelson, en dat die huwelik dalk nie sy vrylating sal oorleef nie.

Die jongste bron van ontevredenheid is haar "sokkerklub" - 'n klomp eiegeregtige, ongedissiplineerde jong mans wat ook as haar lyfwagte optree. Sy het opdrag van haar man en die leier van die ANC in ballingskap, Oliver Tambo, gekry om die klub summier te ontbind.

Nadat sy egter reeds aan almal wat wou hoor vertel het dat die klub reeds ontbind het, het sy verdere argwaan gewek toe sy verlede naweek met die spannetjie in hul Mandela-sweetpakke by die begrafnis van die aktivis Abu-Baker Asvat opgedaag het.

Asvat was was 'n ondersteuner van die swart bewussynsbeweging en is onlangs in sy huis doodgeskiet. Winnie Mandela het daarop aanspraak gemaak dat sy weet waarom hy geskiet is. Wilde gerugte wil dit nou hê dat hy deur 'n lid van die sokkerspan geskiet is nadat hy een van hul slagoffers vir ernstige beserings behandel het.

Die inwoners van Soweto is al baie maande lank moeg vir die skollie-agtige optrede en arrogansie van die sokkerklub en Winnie Mandela se oënskynlike goedkeuring van hul gedrag.

## Aanval

Aktiviste het al verskeie protesvergaderings teen die klub en Winnie se deelname daaraan gereël, en in Oktober verlede jaar is 'n krisiskomitee aangestel om die saak te hanteer.

Senior politieke leiers soos Cosatu se Cyril Ramaphosa en Sydney Mafumade, die SA Raad van Kerke se eerw Frank Chikane, die UDF se Aubrey Mokoena, en suster Bernard Ncube dien op die "Winnie-beheerraad".

Aartsbiskop Desmond Tutu het selfs vandeesweek in New York 'n aanval op haar geloods.

Die sokkerklub het ná bewering onlangs vier jeugdiges uit die sorg van 'n Metodiste-priester, Paul Verryn, ontvoer - glo met Winnie se samewerking. Een van die seuns word nog steeds vermis.

Sy is ook al lankal in voortdurende konflik met die Mandela-prokureur, Ismail Ayob.

Haar eerste konflik met die ANC-leierskap in Lusaka was haar uitlating voor TV-kameras dat die land "met klippe en dosies vuurhoutjies" bevry sou word.

Dit was in die tyd toe necklace-moorde nog heelwat voorgekom het en dit was 'n groot verleentheid vir haar man en die ANC.

Dié snitte word nog gereeld deur die SAUK gebruik om die ANC en Mandela te diskrediteer.

Haar tweede groot flater was haar eensydige onderhandelinge met 'n Amerikaanse prokureur oor die kommersiële gebruik van die Mandela-naam.

Sy is onmiddelik deur haar man en deur Ayob gerepudieer.

Nelson Mandela en Winnie Madikizela is in 1958 getroud. Hulle het maar min van 'n huwelik gehad: in November 1962 is hy Robbeneiland toe en is tot vandag toe 'n gevangene.

# Swapo-aangehoudenes vrygelaat

**Anton Steenkamp**

ONDANKS ontkennings deur die SWA Uitsaai-korporasie, is aanhouding sonder verhoor steeds 'n werklikheid in Namibia.

Die voorsitter en sekretaris van die Swapo-tak op Rundu, Nimrod Moremi en Raphael Dinjando, is verlede Woensdag vrygelaat nadat hulle sedert 9 November aangehou is. Hulle het nooit in die hof verskyn nie.

Hulle is deur die SWA-Gebiedsmag in hegtenis geneem ná 'n Swapo-vergadering op Rundu. Die binnelandse vleuel van Swapo is 'n wettige politieke organisasie in Namibia.

Moremi het gesê hulle is van 9 November tot 27 Desember by die Mashari-weermagbasis aangehou. Daar was geen beddegoed in die selle nie en die vloer is gereeld natgegooi. Dit het slaap baie bemoeilik. Dinjando is snags aan die vensterraam vasgeboei.

Die aangehoudenes se prokureur, John Ford, sê dit lyk asof die SWA-Gebiedsmag aanhouding as metode gebruik om Swapo-verteenwoordigers op die vooraand van die verkiesing buite aksie te stel.

Die skakeloffisier van die SWAGM was nie vir kommentaar beskikbaar nie.

# NGK-vergadering teen apartheid maak opslae

**Elsabé Wessels**

'N VERKLARING waarin apartheid en staatsgeweld verwerp word en waarin 'n onderhandelingsproses gevra word om mag aan die meerderheid Suid-Afrikaners oor te dra, is ter elfder ure op 'n historiese byeenkoms van predikante van die drie NG-Kerke teruggetrek.

Die verklaring is nie onderteken en vrygestel nie omdat "ons gesamentlik besluit het dat ons nog nie ryp genoeg is vir so 'n verklaring nie", het dr Bobby Loubser van die NG Kerk-gemeente Tamboerskloof gesê.

Die informele beraad van sowat 100 NG-predikante wat Maandag en Dinsdag in Kaapstad gehou is, is dié week heftig gekritiseer in die NG Kerk se mondstuk, Die Kerkbode.

In 'n hoofartikel het die Kerkbode se redakteur, dr Fritz Gaum, die motiewe van die byeenkoms bevraagteken en die "opsigtelike verbygaan van amptelike kanale" gekritiseer.

## 'Historiese deurbraak'

Hy het sy bedenkinge oor die "styl en metode" van die byeenkoms uitgespreek en aangevoer dat sulke byeenkomste verdere polarisasie in die kerk kan meebring.

Predikante wat die byeenkoms bygewoon het, het dit egter as 'n historiese deurbraak in verhoudinge tussen predikante van die drie NG-Kerke beskryf.

Die beraad is belê om die groeiende polarisasie in die land te bespreek en strategie vir versoening tussen die drie kerke te verken, het dr Bobby Loubser gesê.

Loubser het sy misnoeë met Die Kerkbode se hoofartikel uitgespreek en gesê die byeenkoms was nie in die geheim gereël nie. Twee moderatuurslede van die Wes-Kaaplandse Sinode was uitgenooi en diegene wat die beraad wou bywoon, was welkom.

"Ons het opgetree volgens 'n besluit van die Wes-Kaaplandse sinode waarin predikante versoek is om in 'n gepolariseerde samelewing ems te maak met versoening."

Gaum maak die byeenkoms verdag in sy hoofartikel, maar die hele byeenkoms is gelei deur die gees van gebed, het Loubser gesê. "Het die amptelike kerk dan 'n goddelike prerogatief om oor versoening te praat?"

## 'Geweldige betekenis'

Die beraad is deur die moderatore van die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika, dr Allan Boesak en ds Sam Buti, bygewoon. Altesame 28 predikante van die NGK, 31 van die NG Sendingkerk en 11 van die NGK in Afrika het vergader om die NG-Kerke se rol in die stryd teen apartheid en die noodtoestand te bespreek.

Boesak, wat die vergadering vroeg verlaat het om na die buiteland te vertrek, het gesê die ontmoeting het "geweldige betekenis" omdat dit die eerste keer is dat predikante uit die drie kerke buite kerklike strukture oor die situasie in die land kon praat.

Daar is nou 'n identifiseerbare groep in die NGK waarmee kontak behou kan word, het hy gesê.

SASJ

**Die SASJ betuig hiermee sy solidariteit met Vrye Weekblad. Julle onverskrokke verslaggewing oor dringende sake van die dag bewys julle as 'n nuwe krag in die Suid-Afrikaanse media en 'n skitterende voorbeeld van onafhanklike joernalistiek in Afrikaner-geledere.**

**Ons wens julle alle sukses toe in jul komende hofsake waarin die belangrike beginsel van persvryheid en die moontlike verskraling daarvan ter sprake is.**

**Die Suid-Afrikaanse media sal slegs vry wees wanneer:**

*** Alle staatsensuur-maatreëls afgeskaf word**
*** Alle joernaliste in aanhouding vrygelaat word**
*** Alle mense die reg het op vryheid van spraak**

**Die Nasionale Raad**
**SUIDER-AFRIKAANSE GENOOTSKAP VAN JOERNALISTE (SASJ)**

* Die SASJ is 'n nie-rassige demokratiese vakbond van joernaliste.



Een van die woonstelblokke in Mayfair

*Foto's: Paul Weinberg*

# Mayfair: waar die mense ná donker intrek

**Jacques Pauw**

"DÍT wat jy hier sien," sê Danny du Preez, sy jong gesig geswel deur baie drank, "is die ware Mayfair."

Danny sit in Nic se kroeg in die Libertas Hotel in Mayfair. Dis 'n tipiese eenster-joint in 'n laerklasbuurt. "Jy moes die poolmatch Saterdag gesien het. Dit was nou vir jou 'n jol."

Danny, 'n spoorwegwerker met agteroorgekamde, olierige hare en swart vingernaels, wys na die plakkaat wat verlede naweek se snoekerwedstryd geadverteer het.

Op die plakkaat is foto's van twee kaal meisies vasgeplak. Die een is Linda Lusardi, die Britse kaalbasnooi. Sy was die eerste prys. Die ander is 'n blondekop met groot, swaaiende borste. Sy was die tweede prys.

"Al die manne wat jy hier sien, was Saterdag ook hier," sê Danny en sluk lank aan sy brandewyn en Coke.

Om die halfmaantoonbank lê die manne op hul elmboë en drink. Dis òf brandwyn òf bier.

Nic se joint ken geen kleur nie. Daar is witmense, daar is bruinmense, daar is Indiërs.

Werkersklasmans met eelte op hul hande steek 'n dop saam met hulle gekleurde drinkebroers.

'n Groepie wit, middeljarige mans sit om 'n tafeltjie. Hy ken hulle, sê Danny. Hulle kom drink baie keer hier 'n dop voor hulle "bruin hoere" gaan haal. Dis baie goedkoper as wit meisies, sê hy.

Die manne praat tipiese kroegpraatjies. "Ja, ons praat soms politiek. Maar die laaste ruk is dinge baie stil."

Danny stem KP. Hy hou nie van swartes nie. Die meeste van sy vriende in Mayfair stem ook vir die regses. Onder hulle is AWB-manne.

Oor die insident verlede Sondag toe regses onwelvoeglike slagspreuke op die mure van 'n huis gespuit het en verhoed het dat 'n Indiërgesin in Mayfair intrek, haal Danny net sy skouers op.

"Ja, dis seker nie reg nie. Maar weet jy, dis snaaks, dis so half asof die mense sterker gekant is teen die Indiërs wat inmove as as die ander gekleurdes.

"Die huispryse het geval. Crime is oral op straat. My kinders mag nie met die brownies speel nie. Dis slegte invloede. As daar 'n Indiër langs my intrek, sal dit my ook die hel in maak."

Ry deur Mayfair, en kyk na die kinders van alle kleure wat saam in die strate speel.

Maar daar is iets wat Mayfair uniek, selfs effens siek, maak.

Dis Sondagaand. 'n Trok, volgelaai met meubels, ry sonder ligte deur 'n straat in Mayfair. Die trok draai om, ry weer deur die straat en stop voor 'n leë huis.

Die meubels word in algehele stilte afgelaai. Eers as al die meubels ingedra is, word die ligte aangesit.

Nog 'n gekleurde gesin het onwettig in Mayfair ingetrek.

Die mense is versigtig, want hulle weet ene Alan McCabe en sy regse trawante patrolleer Mayfair se strate op soek na gekleurdes wat dit waag om in te trek.

Die groot ding is: trek net eers in, want dan kan McCabe of die polisie jou nie uitskop nie. Volgens 'n hofbeslissing kan die staat nie mense uitsit as daar nie verblyf in hul groepsgebied beskikbaar is nie.

Dit is presies hier waar dinge verlede Sondag vir ene mnr Doyle, 'n elektrotegniese ingenieur, verkeerd geloop het.

Hy en sy gesin het die meubels begin aflaai en daar was geen moeilikheid nie. 'n Rukkie later was daar negentig regses. Hul motors het in sy oprit geparkeer gestaan. Die mense het op hom begin skel.

'n Galgtou is oor die muur gehang en slagspreuke soos "Die boere is hier om te bly" en "Coolie, fuck off" is teen die huis geverf. Mense het gedreig om hom en sy gesin te skiet.

Dis dié dat mnr Doyle liewer besluit het: "Ek woon nie waar ek onwelkom is nie. Ek kan nie my kinders grootmaak tussen mense wat nie na rede kan luister nie."

Vir Doyle het Danny du Preez min simpatie. "He had this trouble coming. He should have moved in after dark."

Dis presies wat Ronnie Kamaar en sy gesin agtien maande gelede gedoen het.

"Ons het laat Sondagaand ingetrek. My vrou en kind het voor in die trok gesit. Sy het saggies gehuil omdat sy bang was dat die wit regses iets aan hul kind kon doen.

"Terwyl ons op en af in die straat gery het, het ek soos 'n dief begin voel. Ja, het gedink, dis eintlik die wittes se plek. Wat soek jy hier?

"Ons het die meubels vinnig afgelaai en in die huis ingedra. Ons het dit nie eens reggeskuif nie. My vrou het net vinnig die lig aangesit om die beddegoed te kry en daarna het ons gaan slaap. Mens weet mos nie wie bly langs jou nie.

"Ek het die nag niks geslaap nie. Nou en dan het 'n kar voor die huis verbygery. Ek was elke keer bang dat hy voor ons huis sou stop.

"Ek is die volgende oggend baie vroeg werk toe. Toe ek by die huisuitry, het my wit buurman in 'n blou oorpak by sy hek uitgestap op pad werk toe. Ek het my hand gelig om hom te groet. Hy het my net aangekyk.

"Niemand het ons nog ooit kom pla nie. Ek en my wit buurman het nog nooit met mekaar gepraat nie. Ek het al gehoor hoe baklei hy met sy kind as dié oor die muur in ons erf loer.

"Sy ander kind is 'n ruk gelede dood nadat hy lank siek was. Sy vrou het dit vir my vrou by die wassery gesê. Ons het nooit simpatie gaan betuig nie. Ek was te bang.

"Ek weet nie of ons kinders ooit sal saamspeel nie. Ek dink nie ons sal mekaar ooit groet nie. Maar so is Suid-Afrika mos maar, ons groet en gesels nêrens met mekaar nie."

Mayfair, sowat twee kilometer van die middestad van Johannesburg, is in 1896 as 'n hoëklas-woonbuurt geproklameer.

Sowat 13 000 mense woon nou in 2 100 huise en 600 woonstelle in die gebied.

Iewers in die laat jare sewentigs het die eerste gekleurdes in Mayfair begin intrek. 'n Groot aantal huise en woonstelle het leeggestaan, en eienaars het besluit dis nie die moeite werd om verliese te ly nie.

Daar word vertel van eienaars wat nuwe huurders aangesê het om hul koppe te laat sak en te probeer om soos skoonmakers te lyk wanneer hul die gebou binnekom of verlaat.

'n Studie wat deur die Randse Afrikaanse Universiteit gedoen is, het die volgende feite oor Mayfair aan die lig gebring:

* Van die totale bevolking van Mayfair is 51 persent gekleurd - die oorgrote meerderheid van hulle is Indiërs.
* In die afgelope vier jaar het huispryse met 161 persent gestyg, hoofsaaklik weens die invloei van Indiërs.
* 'n "Nuwe geslag" blankes - yuppies - begin nou in Mayfair intrek. Die meeste van hulle is teen die Groepsgebiedewet gekant.
* Die Indiërs in die gebied is middelklas en het heelwat hoër akademiese kwalifikasies as die blankes.



'n Witman en 'n bruin seun — 'n tipiese gesig in Mayfair

# Afgedankte onderwyser wil hof toe

**Dennis Morris**

KAAPSTAD - 'n Onderwyser wat verlede jaar deur die Departement van Onderwys en Opleiding oor beweerde wangedrag geskors is, is onlangs afgedank omdat hy 'n tydelike pos in 'n ander skool aanvaar het om sy gesin te onderhou.

Wellington Mvunge, 'n voormalige onderwyser aan die Njongo Laerskool in Khayelitsha, bespreek nou die kwessie met sy prokureurs met die oog daarop om sy afdanking in die Hooggeregshof te beveg.

"Ek beskou dit as onregverdige ontslag, aangesien ek nie betaal is nie en nie 'n kans gehad het om my te verdedig nie," sê Mvunge.

Mvunge, 'n lid van die ingeperkte Democratic Teachers Union (Detu), is op 28 Maart verlede jaar geskors en het in Augustus in die landdroshof in Mitchells Plain verskyn op 'n aanklag dat hy sy voormalige hoof, Vuyani Magodla, aangerand het. Hy is op 4 Oktober vrygespreek.

Aangesien hy getroud is en twee kinders het, het hy 'n tydelike pos by St Mary's-Laerskool in Nyanga aanvaar, sê sy prokureur, Essa Moosa.

"Die departement het dit agtergekom en hom afgedank."

Die wet bepaal dat 'n geskorste onderwyser gedurende sy tydperk van skorsing nie vir 'n ander werkgewer mag werk nie.

Mvunge, wat die afgelope nege jaar skoolhou, sê die skorsing het hom sleg getref. "Ek is baie lief vir skoolhou en ek is nie betaal terwyl ek geskors was nie."

Spanning het tussen Mvunge en sy kollegas by Njongo opgebou toe hy beswaar gemaak het daarteen dat sommige van hulle in skoolure kinders na sjebeens stuur om vir hulle drank te koop.

Die saak het in Maart verlede jaar tot 'n uitbarsting gekom toe sy kollegas na bewering sy huis in Khayelitsha met bakstene, klippe en messe bestorm het.

"Ek het dit aan die polisie gerapporteer, maar niks het gebeur nie."

In April is sy huis met petrolbomme bestook terwyl hy onder die noodregulasies aangehou is.

# 'Blankes moet besef hulle word belieg'



Jan van Eck

**Op die vooraand van die afkondiging van die eerste noodtoestand op 21 Julie 1985 het Jan van Eck en 'n handjievol wit kollegas saam met sowat 50 000 swartmense 'n begrafnis van vier aktiviste in Cradock bygewoon. Dit was 'n keerpunt in sy lewe. ELSABÉ WESSELS het dié week met hom gesels oor sy ervaring as waarnemer en getuie van onrus.**

TOT en met die aand van 20 Julie 1985 was Jan van Eck, in sy eie woorde, net 'n wit politikus betrokke in die blanke politieke sfeer.

Die emosie en oortuiging van die skare swartmense wat die begrafnis van Matthew Goniwe, Fort Calata, Sicelo Mhlauli en Sparrow Mkhonto bygewoon het, het hom egter finaal tot die buite-parlementêre politiek bekeer.

In die maande en jare wat gevolg het, waarin die eerste tydelike noodtoestand permanent geword het, het Van Eck onwillekeurig 'n getuie van polisie-optrede geword. Sy indrukke is vervat in 'n boek, "eyewitness to unrest", wat pas by Taurus-uitgewers verskyn het.

"Voor die begrafnis het Molly Blackburn gesê ek sal nie verstaan wat in die swart gemeenskap aangaan voordat ek nie so 'n begrafnis bygewoon het nie." Sy was reg, want dié gebeurtenis het Van Eck se lewe ingrypend verander. Hy het sy vrees verloor.

Dié begrafnis lui die boek in. "In hierdie twee dae is die waarheid by my ingeskerp dat die swart bevrydingstryd in Suid-Afrika nie oor die vernietiging van witmense gaan nie, maar oor die vernietiging van die stelsel wat swartmense onderdruk.

"Op Cradock het ek gekies. Ek kon identifiseer met die mense se strewe na vryheid. Daarna kon ek myself nie meer onttrek en distansieer nie. Dit het 'n permanente werklikheid geword.

"Blankes moet besef hulle word belieg. Van parlementêre vlak tot op televisie, en selfs as daar na onrusvoorvalle verwys word, word die belangrikste feite weggelaat. Dit skep 'n baie gevaarlike werklikheid.

"In Cradock het die buite-parlementêre politiek vir my 'n persoonlik saak geword. Voorheen het ek die swartman se stryd gesteun, maar dit was intellektueel. Op Cradock het ek 'n emosionele werklikheid aanvaar. Ek het die mense in die bevrydingstryd leer ken. Ek het hulle werklike diep lyding aanskou en kon identifiseer met hulle hartstogtelike strewe na geregtigheid en vryheid," skryf van Eck in sy boek.

Maar dit was slegs die begin.

'n Paar weke later het hy gehoor dr Allan Boesak en Aartsbiskop Tutu is toegang geweier tot die begrafnis van die 18-jarige Sthembele Mathiso in Kaapstad. Die gebeure wat later die middag van 10 Augustus 1985 voor die landdroshof in Wynberg afgespeel het, het vir hom 'n bloudruk geword van polisie-optrede onder die noodmaatreëls.

"Daar is geen teken van respek vir wet en orde of respek vir die regstelsel nie. Die fondamente van die demokrasie is aangetas. Die noodtoestand het anargie geskep. Mense glo nie meer geregtigheid sal seëvier nie. Jy gaan nie na 'n polisiekantoor toe nie, want hulle jaag jou weg.

"Dit spreek vanself as jy wet en orde én die howe ondermyn, soos die polisie dit nou doen, dat 'peoples courts' tot stand gaan kom. As geregtigheid nie deur die regte kanale geskied nie, gaan jy jou eie geregtigheid probeer vind.

"Onderdrukkende polisie-optrede het die oorgang na vreedsame verandering verminder," sê Van Eck.

Die noodtoestand het volgens hom 'n vals vrede tot gevolg gehad.

"Daar is 'n gevoel van genoegdoening onder die gemiddelde blanke. Hy sien niks op televisie of in die koerante nie. Dit lyk asof die polisie en staat alles onder beheer het.

"Intussen weet 'n mens dat meer en meer swartmense nou oorgegaan het tot die ondersteuning van geweld teen die staat. Geweld in die naam van die noodtoestand laat mense glo dat hulle nie meer gelyke beregtiging kan kry nie. "Hulle glo hulle kan geregtigheid slegs laat seëvier deur hulle op geweld te beroep. Umkhonto we Sizwe wen al hoe meer steun.

"Die polisie probeer nie konfrontasie verhoed nie. Hulle skreeu net bevele," sê Van Eck.

"Ek dink die blanke kieser is geheel en al oningelig. Hy het geen idee van wat in die swart gemeenskap aan die gang is nie, en daarom kan hy nie positief reageer op die oproepe uit die swart gemeenskap nie.

"Die blanke kieser kan nie verstaan waarom 'n man wat 'n klip gooi nie as 'n krimineel beskou word nie."

In Augustus 1987 het Van Eck hom losgemaak van die Progressiewe Federale Party om 'n groter rol in buite-parlementêre politiek te speel.

Hy het egter sy posisie as 'n onafhanklike in die parlement behou met die hoop om ander blankes tot nuwe insigte te bring.

"Ek gebruik die parlement. Onder die noodtoestand is die parlement een van die min plekke waar 'n mens wettiglik en ten aanskoue van die buitewêreld feite openbaar kan maak.

"Dit is die enigste plek waar polisie-brutaliteit ontbloot kan word. Ons het 'n ganse bevolking wat gestroop is van mag, wat hulle nie op gewone wette kan beroep nie en wat dus uitgelewer is aan die staat.

"Terwyl die regering alle inligting onderdruk, is ek in die bevoorregte posisie om die regering se onderdrukking aan die kaak te stel. Solank ek 'n saak in die parlement noem, kan dit in die media onthul word en sodoende word die muilband van die noodtoestand teengewerk."

Van Eck het nie 'n gemaklike posisie in die parlement nie. Sy spreekbeurte is kort en wanneer hy begin praat, volg 'n uitbarsting van Nasionale Party-tussenwerpsels en koggeling.

"Dit is soos 'n sirkus as ek begin praat. As ek begin praat, is dit moeilik om myself te hoor. Hulle vra my gedurig om die plek te verlaat omdat ek nie belang stel in die parlementêre proses nie. Ek beskou hul teenstand as 'n kompliment," sê Van Eck.

# Wat het hulle met ons ouers gemaak?

Sue Fleming

PIETERMARITZBURG - Duisende kinders is ouerloos en huisloos gelaat in 'n bitter oorlog in swart woongebiede hier tussen Inkatha en die United Democratic Front.

In gevegte tussen die twee politieke organisasies is meer as 1000 mense in die afgelope twee jaar dood.

Tot dusver vanjaar is amper 60 dood, volgens Peter Kirschoff, direkteur van die Pietermaritzburg Agency for Christian Social Awareness (Pacsa).

Noodlenigingswerkers sê die kinders het die ergste gely onder die geweld, wat geen tekens van afname toon nie.

'n Verteenwoordiger van die Advieskantoor in Ashdown, waar die UDF sterk steun geniet, het gesê duisende kinders het dié woongebied die afgelope twee jaar verlaat nadat hul huise in die omgewing afgebrand is.

Baie inwoners het hul huise vir weeskinders oopgemaak, en het klein bedrae kontant van Pacsa en ander noodlenigingsgroepe ontvang om hulle te versorg.

In 'n klein "matchbox"-huisie in Ashdown is 24 mense ingeprop in twee klein kamertjies, wat slegs twee stoele, 'n paar persoonlike besittings en 'n bietjie kombuisgereedskap bevat.

Die tweejarige Nomfondo Zondi en haar broers Dumisane, 12, en Bheki, 18, is onder die 18 kinders wat die huis met ses volwassenes deel.

Die Zondi-kinders het saam met hul gesin in die nabygeleë Taylor's Halt gewoon toe geweld tussen die twee faksies uitbreek. Die Zondi-kinders se ouers is dood en hul huis is afgebrand.

Die kinders het na 'n buurhuis gevlug, maar twee dae later is hierdie huis ook afgeb[illegible]nd. Hulle het toe na Ashdown gev[illegible].

"Dit was bai[illegible] [illegible]ker toe mense na ons huis ko[illegible] [illegible]n op die deur hamer. Ons moes [illegible] vinnig hardloop en ek onthou dat [illegible] my kleinsussie oor die rivier ge[illegible] het. My ouers kon ons nie volg [illegible] en is doodgemaak," het die tien[illegible]jarige Dumisane gesê.

Hy dink Inkath[illegible] [illegible]as verantwoordelik vir die aanv[illegible]. As hy die aanvallers kon sien, s[illegible] hy wraak neem, het hy gesê.

"Elke keer as [illegible] dink aan wat gebeur het, wil ek [illegible]il. As ek een van dié ontmoet wat m[illegible] familie doodgemaak het, is ek be[illegible]rees sal ek iets doen."

Woordvoerders van die vakbondreus Cosatu, wat die UDF steun, het gesê 'n groot deel van die geweld in Natal word deur jongmense gepleeg.

'n Cosatu-amptenaar in Pietermaritzburg, Bheki Ngidi, het gesê ouers het min beheer oor jongmense, wie se lewens in die geweld vasgevang is. Die inperking van jeuggroepe deur die regering het ook organisasie onder die kinders afgebreek.

"Die kinders besluit op hul eie wat hulle wil doen. Daar is geen beheer nie en dit veroorsaak nog meer geweld in die woonbuurte hier."

Ngidi het gesê kinders uit die platteland het na Pietermaritzburg gevlug om die gevegte te ontsnap. Skole is oorbevolk, en baie skoolhoofde weier om plattelandse leerlinge in te skryf. - AFP


# Vrye Weekblad

## Is jy die soort wat alles sluk wat vir jou gevoer word?

Is jy tevrede dat ander mense namens jou besluit wat jy moet glo?

As jou antwoord "ja" is, moet jy asseblief nie die vorm hieronder invul nie. Dit sal jou baie ongelukkig maak om elke week Vrye Weekblad te lees.

Om seker te maak jy kry Vrye Weekblad elke week, stuur die vorm aan ons en ons gee jou sommer 15% afslag. Dit sal jou R52 (AVB ingesluit) kos om vir 'n jaar in te teken, en R28 (AVB ingesluit) vir ses maande. Stuur dit aan: Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.


Vrye Weekblad
Die nuwe stem vir 'n nuwe Suid-Afrika
Anton Rupert praat oor 'n nuwe Suid-Afrika 7
Biddag of afdag: Wat beteken die Gelofte vandag? 8 en 9
Hier kom 'n vry Namibia!
PW eis groot vir 'laster'
Het hulle 16 Desember gekaap?
SAUK se Groot Skêr slaan weer toe
In ons tydskrif: Die Russe in die Boere-Oorlog

Ek wil graag vir 6/12 maande op Vrye Weekblad inteken en sluit hiermee 'n posorder/tjek in vir

R ..................................................

Naam: ..................................................

Adres: ..................................................

..................................................

..................................................

# ONS STEEK NIKS WEG NIE

# Moet advokate skuldiges verdedig?

**'n Advokaat of prokureur vind uit sy kliënt is inderdaad skuldig. Moet hy nog steeds die verdediging behartig?**

**ANTON STEENKAMP kyk na die standpunt van twee regsgeleerdes**

MOET 'n prokureur of advokaat sy kliënt verdedig as hy weet die persoon is skuldig?

Dié debat word voortgesit in die jongste uitgawe van De Rebus, die Suid-Afrikaanse prokureurstydskrif.

'n Prokureur van Kaapstad, KA Wilson, sê die regs-etiese antwoord is duidelik: Die prokureur mag nie lieg en sê sy kliënt is onskuldig nie, maar as hy hom aan die saak onttrek, benadeel hy die kliënt.

Die uitweg is om aan te voer dat die staat sy saak nie bewys het nie, want elke beskuldigde is daarop geregtig dat die saak teen hom bewys word.

Die vraag is nie, volgens Wilson, of dit moreel "reg" is vir 'n prokureur om 'n kliënt te verdedig met die wete dat hy skuldig is nie; dit is of dit gewens is, as al die oorwegings van ons regstelsel in ag geneem word.

Wilson voer aan dat die belange van geregtigheid beter gedien word as 'n prokureur binne die regsreëls 'n kliënt verdedig as dat hy verdedig word deur 'n prokureur wat hom nie binne dié beperkings hou nie.

Adv E Bertelsmann, SC, stem saam. Hy noem die geval waar hy pro Deo opgetree het vir 'n jong beskuldigde wat 'n klasmaat met 'n mes doodgesteek het. Die seun het teenoor hom erken dat hy dit met voorbedagte rade gedoen het, en dit het voor omtrent vyftig getuies op 'n sokkerveld gebeur.

Ná oorweging het Bertelsmann nietemin sy kliënt aanbeveel om onskuldig te pleit, maar hom nie gevra om te getuig nie. Hy het toe die staatsgetuies onder kruisverhoor geneem, en hul getuienis was so swak voorberei dat die staat nie bo redelike twyfel kon bewys dat sy kliënt met voorbedagte rade moord gepleeg het nie.

Die seun is op die ou end aan strafbare manslag skuldig bevind en het 'n baie ligte vonnis gekry.

Bertelsmann argumenteer dat dit verkieslik is dat tien skuldiges vrygespreek word weens gebrek aan bewyse as dat een onskuldige persoon met onvoldoende bewyse skuldig bevind word.

Dit is belangrik dat die hoë standaard van bewysreg in ons howe nie verlaag word nie.

Die staat moet in strafsake sy saak bo redelike twyfel bewys; as morele of emosionele oorwegings hierop begin inbreuk maak, open dit die deur vir die aanvaarding van oppervlakkige ondersoeke en bewyse wat nie aan die nodige standaarde van die strafproses- en bewysreg voldoen nie.

Dit is die plig van advokate en prokureurs as amptenare van die hof om te verseker dat behoorlike prosedure-standaarde in stand gehou word, al beteken dit ook dat 'n skuldige persoon vrygespreek word, sê Bertelsmann.

# Magtige staatsliggaam skeep Afrikaans sleg af

**Lospraatjies**

**deur Fanie Olivier**



KONGRESSE loop in Suid-Afrika saam met vakansies en seisoene, wintermaande in Durban, somers in die Kaap; April hang dit af waar jy 'n goedkoop lokaal kan kry en in die lente is enigiets seker vrugbaar.

Drie omvangryke konferensies het die laaste tien dae plaasgevind: die regsdosente en die pleitbesorgers vir Nederlands in die Kaap (natuurlik); die een oor navorsing in die geesteswetenskappe by die RGN se pienk paleis in Pretoria.

Oor laasgenoemde wil ek hier 'n taalklip in die bos gooi en 'n paar vrae vra oor die toekoms van Afrikaans. (En dié oor Afrikaans loop al weer vooruit na 'n bielie van 'n simposium einde April in Durban oor Afrikaans in 'n ander Suid-Afrika...)

Die saamtrek by die RGN het plaasgevind onder die hoof: Knowledge and Method, met as omskrywing A Conference on the Philosophy and Methodology of the Human Sciences.

Die aansien van die kongres is bevestig deur die deelname van minstens vier buitelandse sprekers - 'n prestasie wat in hierdie era van akademiese en kulturele boikotte nogal boekdele spreek vir die wyse waarop die RGN bejeën word.

Net minder as tagtig referate is gelewer, waarvan sommige swak was en ander uitstekend. Dis egter opvallend dat die meeste van die navorsers geen idee het hoe bladsye en tyd met mekaar saamhang nie. Maar dit daar gelaat.

Ek skat dat goed 70 persent van die kongresgangers en bykans die helfte van die sprekers Afrikaanssprekend was. En tog was daar nie 'n enkele referaat, waarvan ek weet, in Afrikaans gelewer nie.

Wat gaan aan? wil 'n mens vra. Hier is ons besig met die geesteswetenskappe en met dissiplines waarin taal sentraal staan: die slim mense daar het die hele terrein van die geesteswetenskappe reeds ver-taal tot "diskoerse".

Maar die voertaal en die roertaal van die meerderheid van die mense daar word so weggeskuif (amptelik) dat dit nie eers 'n kantlynopmerking regverdig het nie.

'n Mens het natuurlik baie begrip vir die buitelandse besoekers ('n bietjie minder vir die eietydse jingo's). Maar daar staan die magtige RGN met die ouditorium volledig ingerig vir meertalige kongresse; bankproppe vir oorfone en 'n ateljee waarvandaan vertalers kan werk indien referaatbywoners so 'n diens sou verlang. Wat gaan aan? wil 'n mens vra.

Hoekom openbaar die RGN so 'n minagtende houding teenoor Afrikaans op so 'n belangrike kongres? Hoekom onderwerp die Afrikaanssprekendes hulle so gedweë aan hierdie vorm van intimidasie?

Nog belangriker: Wat dink die buitelandse besoekers hierna oor Afrikaans: dat Afrikaans maar net die taal van apartheid en van geweld en van 'n dom en verbeeldinglose amptenary is?

Het die hele ontwikkeling en verfyning van Afrikaans nou ironies genoeg doodgeloop in 'n dissipline wat hoog opgee oor taal?

Daar is geen enkele rede waarom daar op 'n kongres van hierdie aard nie ~~met reg van~~ Afrikaans gebruik gemaak behoort te word nie, waarom mense nie aangemoedig behoort te word om ook op die gebied van die wetenskapsteorie die grense van die taal (en daarom ook van sy mense) te verbreed nie.

NP van Wyk Louw het op hierdie terrein nooit toegewings gemaak nie, hoewel sy gebruik en kennis van Engels onberispelik was. Want hy het geglo dat Afrikaans inderdaad ook 'n "fyn, fyn net van die woord is, waarmee ons blink en vet visse uit baie waters haal."

## Kenia se bomenslike slang oorlede

NAIROBI — 'n Luislang van oor die drie meter lank wat volgens bygeloof oor bonatuurlike magte beskik en, nadat sy van haar tuisdorp verwyder is, amper 'n revolusie in die kleine veroorsaak het, is die week dood.

Die slang Omieri is deur die inwoners van Nyakach in westelike Kenia beskou as 'n manifestasie van hul voorvaders wat oeste kan beïnvloed.

Omieri se oorplasing na die nasionale museum se slangpark nadat sy brandwonde opgedoen het in haar natuurlike habitat in 1987, het groot debatte in die parlement tot gevolg gehad.

Nyakach se volksraadslid, mnr Ojuang' K'Ombundo, het haar terugkeer geëis en gewaarsku dat haar afwesigheid misoeste in die distrik tot gevolg kan hê.

Sy is uiteindelik met groot fanfare teruggeneem na die gebied in Mei 1987, maar in plaas van om haar te neem na Nyakach, het hulle haar na die nabygeleë Kisumu-slangpark geneem waar sy dood is.

Mnr K'Ombundo het gevra dat haar oorskot in Nyakach begrawe word uit respek vir sy kiesers se wense.

**Vir die effek . . .**

**PIA NIEMAND skryf oor finansiële markte**

# Naïewe belegger is die verloorder

DIT is nou ongelukkig só dat markte op nuus - veral slegte nuus - reageer en floreer.

Ná maande se stagnasie, het die nuus van President PW Botha se beroerte koerse op die kapitaalmark met ongeveer 10 punte laat styg. Dis egter nie 'n buitengewone groot beweging nie en die feit dat die aandelemark skaars gereageer het, beteken moontlik dat die markte geleer het om finansiële en politieke teleurstellings in Suid-Afrika te aanvaar, of met apatie te beskou.

Emosies het vandeesweek hoog geloop toe 'n artikel, wat in die Saturday Star verskyn het, twee situasies geskets het waardeur die belegger sonder twyfel geld sal verloor.

Die een is waar 'n makelaar nie oop kaarte met sy kliënte speel nie, en die ander is waar 'n kliënt só deur sy ego en geldsug gedryf word dat hy nie behoorlik navorsing doen voordat hy sy geld belê nie.

Gerugte wil dit hê dat sekere makelaars dié artikel as 'n blote kwaadstokery beskou wat net die mark kan benadeel. 'n Mens wonder of dié wat gekla het hulself dan vereenselwig met die onderduimshede wat in die artikel beskryf word, en indien nie, waarom die artikel (wat daarop gemik is om die belegger te beskerm) hulle so ontstel.

Markte, en veral die kapitaalmark, is vir die meeste mense 'n raaisel. Ondanks die effektebeurs se moeite om die man op straat op te voed en die maatreëls wat ontwerp is om die belegger te beskerm, kan die naïewe belegger steeds maklik uitgebuit word.

(Ek verwys nou nie noodwendig na die makelaars verbonde aan die effektebeurs nie. Inteendeel, die geleenthede om kanse te vat is groter vir individue wat nie deur regulasies beperk word nie.)

Na my mening kan 'n mens die belegger nie genoeg inlig oor moontlike slaggate nie. Die risiko is groot genoeg wanneer hy in die mark belê, en dit behoort nie nodig te wees dat hy hom nog moet bekommer oor die bona fides van sy makelaar nie.

Die "National Futures Association" van Chicago het dit selfs nodig geag om 'n bulletin uit te gee met voorbeelde van finansiële skandale en advies oor hóé om dit te vermy.

'n Vindingryke makelaar het blykbaar 'n kliëntelys van 200 mense opgestel. Aan 100 sê hy koerse gaan op en aan die ander helfte dat koerse gaan daal. Vyftig persent van sy kliënte maak dus geld.

Hy gaan dan terug na die wenners en herhaal die proses: aan 50 sê hy koerse gaan op en aan die res sê hy dit gaan af. Daar is dus nou 50 mense wat twee maal sy "goeie advies" gevolg het, geld gemaak het daardeur, en nou skaars kan wag om hul geld aan hom te oorhandig.

Die kubus-kultuur van 'n paar jaar gelede het bewys hoe maklik die dwaas van sy geld geskei kan word. Bedrog hoef nie ooglopend te wees nie; dit kan ook 'n vorm van "wanbestuur" wees.

In albei gevalle bly die onverskillige belegger die verloorder.

# Dis baie aande wat ek en die kinders op brood en koffie gaan lê

**Ondanks apartheid is Suid-Afrikaanse swartmense beter af as dié in die res van Afrika. Wit oorheersing is miskien nie aangenaam vir hulle nie, maar ten minste het die witman gesorg dat daar genoeg kos is vir almal.**

**Of so lui die argument wat al dekades lank deur wit Suid-Afrikaners aangevoer - en dikwels geglo word.**

**Hierdie mite is nou finaal die lug in geblaas deur die verslag vir die tweede Carnegie-ondersoek na armoede in Suid-Afrika deur Francis Wilson en Mamphela Ramphele wat pas in boekvorm by David Philip verskyn het. In der waarheid is apartheid een van die belangrikste bydraende faktore tot die armoede in ons land.**

**MAX DU PREEZ doen verslag**

## Die groot kloof tussen ryk en arm

DIE eerste ding wat 'n mens tref aan die verslag is die statistieke oor hoe arm die meeste Suid-Afrikaners werklik is - en hoe ryk 'n klein klompie wittes is.

Die gaping tussen die rykes en die armes in Suid-Afrika is die grootste ter wêreld. Die rykste 20 persent van die bevolking besit 75 persent van die rykdom, vergeleke met 62 persent in Brasilië en 39 persent in Amerika.

Soos verwag kan word, loop die arm-ryk verhouding sterk op rasselyne. In 1983 het die verdeling van jaarlikse besteebare inkomste per capita só gelyk: blankes R6 242; Indiërs R2 289; Kleurling R1 630; swartmense in metropolitaanse gebiede R1 366; en swartmense in ander gebiede R388.

Blankes maak net sowat 15 persent van die totale bevolking uit, maar 64,9 persent van die inkomste gaan na hulle toe. Swartmense maak 73 persent van die bevolking uit en kry net 24,9 persent van die inkomste.

Die verhouding tussen ongelykheid en armoede in Suid-Afrika kom duidelik na vore wanneer lewensverwagting by geboorte met die bruto binnelandse opbrengs (BBO) van verskeie lande vergelyk word.

In China is die per capita BBO 310 dollar en die lewensverwagting 69 jaar; in Sri Lanka is dit 360 dollar en 70 jaar; in Brasilië is dit 1720 dollar en 64 jaar; in Mexico 2040 dollar en 66 jaar; en in Suid-Afrika is dit 2340 dollar en 54 jaar.

Een van die verskriklikste gevolge van armoede is hongersnood en ondervoeding, veral onder kinders. In Suid-Afrika is die syfers skrikwekkend, veral as in gedagte gehou word dat ons een van die min lande in die wêreld is wat kos uitvoer.

In 1975, sê die verslag, is tussen 15 000 en 27 000 kinders onder vyf weens wanvoeding dood.

Daar word geraam dat sowat 'n derde van alle swart, bruin en Indiërkinders onder 14 jaar ondergewig is en hul groei weens wanvoeding belemmer is. In sommige gebiede soos Chatsworth by Durban en in die Ciskei is dié syfer so hoog as 70 persent.

In 1987 het Operasie Honger 'n ondersoek na wanvoeding by 28 swart dorpies in Noord-Transvaal, Noord-Kaapland en Oos-Kaapland gedoen. Gemiddeld 49 persent van die Transvaalse kinders het aan groeibelemmering gely, 58 persent van die Oos-Kaapse kinders, en 80 persent in Noord-Kaapland.

Maar die probleem lê nie net by die tuislande nie. In 'n studie wat van 2000 Sub A-kinders uit 21 Kleurlingskole van die Stellenbosch-omgewing gedoen is, is bevind dat 21 persent van hulle aan groeibelemmering en wanvoeding ly.

Die dieët van 'n bruin kind van drie en 'n half jaar oud uit die Stellenbosch-omgewing lyk só: 'n Sny bruinbrood met margarine en koffie met 'n halwe teelepel suiker en Cremora vir oggendete; koffie met 'n halwe teelepel suiker en Cremora vir middagete; en koffie met 'n halwe teelepel suiker en Cremora vir aandete.

Wanvoeding en kindersterftes gaan hand aan hand. En dis hier waar Suid-Afrika baie sleg afsteek by buurstate en ander Afrika-lande.

Die kindersterftesyfer vir swart Suid-Afrikaners tussen 1981 en 1985 was tussen 94 en 124 (per duisend). Die 1985-gemiddelde in Botswana was 72, Zimbabwe en Kenia 76, Kongo 77, Tunisië 78, Algerië 81, en Zambië 84. Suid-Afrika kom naby een van die armste lande ter wêreld, Burundi, wie se gemiddelde kindersterftesyfer 119 was.

'n Ander maatstaf van armoede is ongeletterdheid.

Volgens die sensus van 1980, wat Transkei en Bophuthatswana uitgesluit het, was 33 persent van swartmense bo 15 ongeletterd terwyl 30 persent van dié ouer as 20 nie meer as ses jaar lank skool toe gegaan nie.

In teenstelling daarmee het net een persent van blankes hulself as ongeletterd beskou en was daar net twee persent ouer as 20 met minder as 'n Standerd 4-opvoeding.

## Owen kritiseer verslag skerp

**Ken Owen, redakteur van Business Day, het skerp kritiek teen die Carnegie-verslag uitgespreek. Hier volg uittreksels uit 'n artikel dié week.**

Die opheffing van armblankes, die gevolg van die eerste Carnegie-studie oor armoede in hierdie land, het daarin geslaag omdat armblankes betrek is in die burokrasieë om vetgevoer te word, terwyl arm swartmense buite gelaat is om honger te ly.

Die boodskap van die Wilson-Ramphele boek, soos ek dit verstaan, is dat ons nou hierdie eksperiment moet herhaal vir die swart bevolking. Een van die metodes wat gebruik word is eenvoudig morele afpersing: om hartroerende voorbeelde van die armes se lyding aan te haal, en om die skuld daarvoor op die ryk blanke te plaas.

Die slegte nuus is dat die boek 'n katalogus is van elke ou gediskrediteerde idee wat die afgelope 30 jaar die rondte gedoen het: die grond is verwoes deur oorbevolking; die woude is opgebruik; miljoene mense het nie toegang tot water nie; wanvoeding is veel hoër onder swartes as blankes veral in plattelandse gebiede en so aan.

Dit alles word nie geblameer op die geskiedkundige gebrek aan opvoeding nie, ook nie op die normale styging van die bevolkingsgroei soos die sterftesyfer daal nie, ook nie op 'n gebrek aan kapitaal en investering nie, maar op "apartheid" - die blankes het alles gevat en moet dit teruggee. Intussen word alle vooruitgang ontken.

## Misdaad skokkend in SA

Misdaad is nog 'n verskynsel wat met armoede en swak sosio-ekonomiese toestande vererger. Die beste Suid-Afrikaanse voorbeeld is die Kaapse Vlakte. Meer as twee keer soveel mense is in 1986 in die Vlakte vermoor as in die hele Brittanje daardie jaar. Die volgende 1979-tabel gee 'n goeie idee van hoe hoog die misdaadsyfer in Suid-Afrika en die Kaapse Vlakte is in vergelyking met Wes-Duitsland en Brittanje (per 100 000 van die bevolking).

| | Wes-Duitsland | Brittanje | SA | Kaapse Vlakte |
|---|---|---|---|---|
| Moord | 6 | 1 | 27 | 48 |
| Verkragting | 11 | * | 63 | 116 |
| Roof | 379 | 27 | 178 | 481 |
| Aanranding | 278 | 176 | 1 047 | 1 328 |





Heelbo: Kinders wat aan kwasjiorkor ly in die Dearham-hervestigingskamp in Bophuthatswana.
Bo: Mev Batai en kinders in die Oxton-hervestigingskamp in die Ciskei.
Foto's: Struan Robertson

# 'Bloutrein', honger en armoede ...

**Heelwat gevallestudies oor verskillende aspekte van armoede word in die Carnegie-verslag behandel. Hier is 'n paar daarvan.**

### Die lewe in Beaufort-Wes

EK is in 'n tweeslaapkamer-woonstel in Nerinastraat. Die vensters is met planke toegeslaan. Die mure is 'n vuil ligbruin. Dit vat 'n ruk voor 'n mens se oë aan die donker gewoond is. Twee beddens staan teenoor mekaar. Op die een is 'n stapel ou komberse.

In die ander kamer is net een bed waarop 'n middeljarige man lê wat baie siek lyk. Die mure is kaal. Daar is nie eens 'n tafel of stoel nie.

Die hoof van die huishouding is nie daar nie, sê die ou vrou oorkant my. Ses of sewe kinders drom om my saam. Hulle vertel dat daar negentien mense in die huis woon - die baas, sy vrou, sy suster, twee tannies, vier dogters, agt kleinkinders en 'n loseerder.

Die man op díe bed is 'n skoonseun. Het hy werk? Nee, sê die ou vrou, "hy ry net die bloutrein".

Bloutrein is brandspiritus. Die mense drink ook "wittrein", 'n mengsel van OMO en bleikmiddels. Dit maak die mense "goggakoppe", sê die vrou.

Gedurende die warm maande slaap tien mense in die huis en nege, insluitende die kinders, buite. Winter is 'n tragiese storie...

### Winter kom nader

Vier jaar gelede nog het Mzolisi Fani 'n goeie werk en veilige huis gehad op die blanke plaas waar hy gewoon en gewerk het. Maar toe gebeur 'n vreeslike ding: die plaas verander van eienaar en die hele vorige werksmag word afgedank en van die plaas af weggejaag.

Fani en sy gesin is verander van trotse plaaswerkers tot platsak bedelaars en leeglêers in Oos-Londen.

Ongelukkig het hy geen simpatie van die munisipale owerhede in Oos-Londen gekry nie. Hulle townships is van die heel swakstes in Suid-Afrika.

Fani en sy gesin het vier jaar lank in die verskriklikste armoede in 'n sinkgehuggie gewoon. Maar ten minste was dit 'n tuiste wat hulle teen die elemente beskerm het.

Toe, op 8 November verlede jaar, het 'n groep kitskonstabels en munisipale polisiemanne 'n klopjag op die plakkerskamp gedoen. Hulle het gesê hulle soek na dagga.

Al die mans is in hegtenis geneem en daarvan aangekla dat hulle onwettig plak. Toe hulle vrygelaat word, moes hulle agterkom dat al hul gehuggies met besittings afgebrand is.

Fani se vrou, Numzi, wat in die kamp met haar baba agtergelaat is, het gesien hoe 'n kitskonstabel iets wat brand in die gehuggie ingooi.

Sedertdien leef die 81 plakkers in die verskriklikste armoede in agt tentjies wat deur die Rooikruis geskenk is. Winter kom nader en daar is nog geen moontlikheid van 'n meer permanente tuiste nie.

### 'n Weduwee se smart

Mev Corbelius, 65, is die hoof van 'n huishouding van nege mense. Sy is 'n weduwee met 'n ouderdomspensioen van R83 per maand. Sy is ook die enigste broodwinner. Haar enigste seun werk ver weg en maak geen bydrae tot die huishouding nie.

Daar is ses kleinders, wat almal skoolgaan. Haar dogter, wat 29 jaar oud is, werk net 'n paar maande van die jaar as vrugteplukker.

'n Bedrag van R17.83 word maandeliks vir huur betaal. Daarna is net R65.17 oor vir hout of kole, kos, klere en ander huishoudelike middels.

Dit is 'n gemiddeld van net R7 per persoon vir alle lewensnoodsaaklikhede.

Hoe oorleef 'n mens as die minimum hoeveelheid kos vir elke persoon om te oorleef, minstens vier keer soveel kos?

### Een bed vir almal

Hoe kan mens mekaar respekteer wanneer die man, vrou en kinders almal een bed moet deel? Kom 'n besoeker, kan mens hom nie eens behoorlik ontvang nie. Mens moet buite sit en gesels omdat daar nie plek in die huis is nie. 'n Kuiergas kan ook nie oornag nie, want daar is nie genoeg slaapplek nie. Dis vreeslik vernederend.

### Die pyn van honger wees

Jy kan die wreedheid sien wat ons almal getref het wat hier staan. Ons drink so baie drank omdat ons so baie honger is. Mens vind partykeer dat as mens honger is, het jou maag die ondersteuning nodig wat net drank kan gee.

Miskien is dit omdat iemand vir jou werk vir die dag gegee het, maar toe hy jou aan die einde van die dag moes betaal het, het hy spoorloos verdwyn.

Jy gaan slaap met hongerte nadat jy in hongerte gewerk het.

Dit is hoekom jy so baie mense sien wat uit vullisblikke eet.

Dis 'n geval van jou hart verloor omdat jy nie werk het nie.

Daarom moet die maag met drank aangevul word.

### Jessie Tamboer van Grahamstad

Jessie het haar kinders so liefgehad dat sy hul lyding nie meer langer kon verdra nie. Sy het nie meer werk gehad nie en kon nie vir hulle kos of klere koop nie. Sy het besluit om haarself liewer dood te maak.

In Junie verlede jaar het Jessie vyf liter paraffien oor haarself uitgegooi en vir 'n vuurhoutjie begin soek. Sy het uiteindelik voor die koolstoof gaan staan en haar rokspante in die kole gedruk. Sy het onmiddellik aan die brand geslaan.

Jessie het nie 'n woord geuiter terwyl sy in die agterplaas van haar huisie brandend rondgeloop het nie. 'n Buurman het haar gesien, water oor haar uitgegooi en die ambulans ontbied.

Sy is met 90 persent brandwonde in die hospitaal opgeneem en is nog dieselfde dag dood.

Jessie was lank voor haar dood baie depressief. Haar man, Solomon, is vroeg verlede jaar deur 'n polisieman in Port Elizabeth doodgeskiet nadat hy glo by huisbraak betrokke was en hom teen arrestasie teengesit het.

Jessie het nie genoeg geld gehad om hom te begrawe nie en kon haarself nooit daarvoor vergewe nie.

Jessie het 'n tweevertrek-huisie met haar susters en hul kinders gedeel. Die vyftien mense moes beurte maak om elders te gaan slaap omdat daar nie genoeg plek vir almal was nie. Net een van die mense het werk gehad.

In Mei het sy na die Departement van Binnelandse sake gegaan om haar kinders se geboortesertifikate te kry om vir moontlike staatshulp te kwalifiseer. Hulle het vir haar gesê sy moet drie maande wag.

Uitkoms was vir Jessie Tamboer te ver.

### Dít is armoede

Armoede is om nie te weet waar jou volgende maaltyd vandaan kom nie, om gedurig in vrees te leef dat die council jou en jou meubels gaan uitsmyt en altyd te bid dat jou man tog net nie sy werk moet verloor nie.

Dit is vir my armoede.

Mev Witbooi, Philipstown in die Karoo.

### Nou gaan dit bitter

Daai tyd het dit goed gegaan - nou gaan dit bitter. Daai tyd het ek nooit met my kinders sonder kos gaan slaap nie, maar hier's nou al baie aande wat ek en die kinders op brood en koffie gaan lê, of partymaal is daar net 'n bietjie koffie.

### Bejaardes in die Ciskei

Hierdie oumense het hulle wil om te oorleef en te veg heeltemal verloor. Ons kry hulle dikwels in donker kamers op gehawende beddens. Hulle is gewoonlik honger en byna altyd vieslik vuil. Die honger maak hul nog meer deurmekaar.

As jy hul huisies binnegaan kan jy 'n uitgemergelde ou vrou kry wat al haar trots verloor het. Al wat sy sê, is: "Ek is honger, ek is honger."

Daar is dikwels geen kos in die huis nie; miskien net 'n bietjie sout. Soms is die kospot blinkgeskuur in afwagting vir kos om te kook.

Ek het 'n verlamde ou vrou gekry wat die hele tyd haar hand in 'n pot gedruk het asof sy besig was om te eet. Die pot was al baie dae leeg.

## Oor grond, brandhout en elektrisiteit

DIE beskikbaarheid, verdeling en bewaring van grond is van die belangrikste kwessies in Suid-Afrika, sê Wilson en Ramphele in hul verslag.

Die konflik oor grond, veral tussen wit en swart, "loop soos 'n seismiese fout" deur Suid-Afrika, terwyl die verwoesting van ons bodem een van die grootste krisisse in die bestaan van ons subkontinent word.

Oorbevolking en oorbeweiding het gelei tot grootskeepse erosie deur wind en water. Selfs blanke plase in die Karoo word met tussen 27 en 36 persent oorbewei.

Die woestyn is besig om uit die suidweste in te dring teen 'n tempo van 2,6 km per jaar.

In die vyftiende eeu het die plantegroei om Cradock en Queenstown meestal uit soetgras bestaan. Teen 1950, ná dekades se oorbeweiding deur blanke boere, is die gras met bossies vervang. Daar word voorspel dat die gebied teen die jaar 2015 deur die woestyn oorgeneem sal wees met net 'n bietjie vetplante wat oorleef.

Bevolkingsdigtheid wissel gewoonlik na gelang van die klimaat en die gehalte van die grond. Dit is nie altyd die geval in Suid-Afrika nie.

In die Transvaalse platteland, uitsluitende die tuislande, is die bevolkingsdigtheid 11 mense per vierkante km, maar in die verspreide stukkies tuisland in dieselfde provinsie is die digtheid 29 in Bophuthatswana, 65 in Lebowa, 74 in Gazankulu, 63 in Kangwane en 193 in KwaNdebele.

In Natal is die bevolkingsdigtheid op wit plase 22 per vierkante km vergeleke met die gemiddelde van 76 in KwaZulu.

In Kaapland is die plattelandse bevolkingsdigtheid buite die tuislande net twee mense per vierkante kilometer, terwyl dit 55 in Transkei en 82 in Ciskei is. In die Vrystaat is daar nege mense per vk km op die platteland, terwyl die syfer vir Qwa-Qwa se platteland 298 is.

Een van die belangrikste gevolge van oorbevolking in landelike gebiede is ontbossing deur mense wat vuurmaakhout soek om hul kos gaar te maak. Terselfdertyd raak die groeiende onbeskikbaarheid van brandhout 'n geweldige probleem vir die bevolking.

Op die grasvelde van KwaZulu, byvoorbeeld, loop vroue gemiddeld 8,3 km ver om een bondel hout te gaan haal. Dit vat gemiddeld 4,5 uur.

Swart plattelandse huishoudings gebruik tussen drie en vier ton brandhout 'n jaar: 'n per capita verbruik van tussen 500 en 800 kg jaarliks. Die gevolg is dat 200 van die 250 woude van KwaZulu in net die afgelope 50 jaar verdwyn het.

Dit is deesdae duurder vir stedelike gemeenskappe om hout vir verwarming te gebruik as elektrisiteit.

In een ondersoek in Valhallapark, 'n bruin woonbuurt, is gevind dat die huishoudings wat 'n elektrisiteitsaansluiting kon bekostig, net sowat R25 per maand aan energie bestee het teenoor die R65 per maand vir diegene wat paraffien en kerse gebruik.

In Crossroads bestee arm huishoudings sowat 20 persent van hul inkomste aan brandstof, vergeleke met drie persent in die wit middelklas-buurte van Kaapstad en vyf tot sewe persent in die arm maar geëlektrifiseerde bruin buurte van Kaapstad.

Die verslag sê die volgende vraag wat nou gevra moet word, is nie of die armes in Suid-Afrika elektrisiteit kan bekostig nie, maar of hulle kan bekostig om dit nie te hê nie.

# STOFFEL SAL ONS NIE STILMAAK NIE

**MINISTER STOFFEL BOTHA KAN DIE GRASSROOTS-GEMEENSKAPSKOERANT EN DIE NEW ERA-TYDSKRIF ENIGE OOMBLIK SLUIT. HIER IS SY REDES EN ONS ANTWOORDE DAAROP.**

## DIE STEM VAN DIE MENSE SAL NOOIT STILGEMAAK WORD NIE!

**Stoffel sê:**

* Grassroots en New Era verhoog die aansien van die ANC.
* Grassroots en New Era moedig haat en kwade gevoelens teen die veiligheidsmagte aan.
* Grassroots en New Era moedig gewelddadige revolusie aan.

**Ons sê:**

* Ons doen slegs verslag oor die feite.
* Die ANC en sy leiers geniet hoë aansien in Suid-Afrika en oorsee. Deur ons te verhoed om daaroor verslag te doen, sal nie dié werklikheid verander nie.
* Verklaar die ANC 'n wettige organisasie en onderhandel met hulle.

**Ons sê:**

* Ons doen baie min verslaggewing oor die optrede van die veiligheidsmagte weens die noodregulasies.
* Verslae oor die optrede van die veiligheidsmagte is nie kwaadwillig teenoor hulle nie. Dit is eerder die optrede van die veiligheidsmagte wat kwade gevoelens aanwakker.

**Ons sê:**

* Ons het nog altyd vreedsame verandering voorgestaan.
* Vrede in Suid-Afrika is afhanklik van demokratiese regte vir almal, die wettiging van organisasies, die vrylating van politieke gevangenes en aangehoudenes, en vryheid van spraak, assosiasie en inligting.
* Dié wat hierdie regte ontken en onderdruk, wakker geweld in Suid-Afrika aan.

# ONDERSTEUN GRASSROOTS EN NEW ERA

# Nigerië se eie Robbeneiland

**Josiah Uguru**

IS Nigerië se eie Robbeneiland nog steeds 'n tronk - maande nadat die regering aangekondig het dat dit gesluit is?

Na 'n bohaai in die media het die regering aangekondig dat die eiland Ita-Oko nie meer 'n tronk is nie, maar dit lyk of sekuriteit rondom die eiland in die Atlantiese Oseaan regoor Lagos verskerp is.

Mense van 'n visserdorpie naby die eiland sê hulle is aangesê om nie met enige vreemdeling oor Ita-Oko te praat of met hulle visserbote na aan die eiland te kom nie. Hulle kan geskiet word as hulle te na aan die sekuriteitsone kom.

Die deksel op die geheimhouding oor die eiland is verlede September deur die media afgeblaas toe 'n vermiste dosent aan 'n Polytechnic, Segun Adebajo, deur die Civil Liberties Organisation (CLO), wat in Lagos gebaseer is, daarheen gevolg is.

Dit is duidelik dat die polisie die eiland oor die jare in 'n tronk omskep het waar verdagte misdadigers en politici aangehou is. Die CLO sê ten minste 50 politici is tydens Genl Buhari se bewind in 1984 daar aangehou.

Genl Olesugen Obasanjo, 'n voormalige staatshoof van Nigerië, sê dat hy in 1978 'n "rehabilitasiesentrum" op die eiland begin het en nie 'n tronk nie.



Genl Obasanjo — "dit was 'n rehabilitasiekamp"

Die eiland was sy antwoord op die probleem van werkloosheid en onwettige vreemdelinge. Pleks daarvan dat hulle 'n oorlas van hulself in die strate maak, het Obasanjo 'n "ontoeganklike" eiland gesoek waar sulke mense 'n vaardigheid kon aanleer.

Die enigste element van dwang, sê hy, is dat sulke mense deur die polisie met bote of helikopters daarheen geneem is. Hy het besluit op die eiland, wat net deur krokodille, reptiele en ander wilde diere bewoon is, nadat hy daaroor gevlieg het.

Hy sê hy het behuising laat oprig en kragopwekkers geïnstalleer, en voedsel, komberse en ander noodsaaklikhede daarheen laat bring voordat hy dit aan die polisie oorhandig het om dit te administreer.

Omdat dit nie 'n tronk was nie, is dit nooit amptelik erken nie, sê Obasanjo.

Die moontlikheid om van die eiland te ontsnap is omtrent nul. "Selfs as 'n verdagte of aangehoudene die wakker sekuriteitsmanne ontsnap en besluit om die Atlantiese Oseaan te swem, sal hy òf verdrink òf deur krokodille opgeëet word," het 'n vorige aangehoudene gesê.

Die lewe op die eiland was hard en ongenaakbaar. Sodomie het hoogty gevier terwyl mense aan slangbyte dood is nadat hulle in die bosse vrugte gaan soek het.

## Gesluit

Nog 'n voormalige gevangene, Kanwa Kyauta, wat vier jaar lank op die eiland was, het gesê daar was tydens sy verblyf ongeveer 500 gevangenes op die eiland. Kyauta is tien jaar lank op 'n aanklag van strafbare manslag sonder verhoor aangehou, totdat die CLO se regsverteenwoordigers hom van die eiland af gekry het.

Daar word geglo dat baie mense wat as vermis of dood beskou word, nog steeds op Ita-Oko aangehou word. Baie aangehoudenes het geen kontak met familie nie, en weet in werklikheid nie waar hulle is nie.

Nadat die bestaan van die tronk deur die media oopgevlek is, het die regering aangekondig dat dit gesluit word en dat die aangehoudenes na gewone tronke oorgeplaas sou word.

Maar die kans is goed dat dit nog steeds as 'n maksimum sekuriteitstronk gebruik word. - New African

# Brasilië wil Angola help opbou

**Michael Galan**

LUANDA - Brasilië wil sy betrekkinge met Angola versterk en het ekonomiese hulp aangebied om die Angolese ekonomie te herbou wat deur meer as 'n dekade van burgeroorlog verwoes is.

'n Besoek van vier dae onlangs deur die Brasiliaanse president Jose Sarney, wat deur sy minister van Buitelandse Sake, Roberto de Abreu Sodre, en 'n span amptenare vergesel is, dui op 'n duidelike voorneme van die Suid-Amerikaanse land om sy ekonomiese bande met Angola te verstewig.

Brasilië het Angolese olie nodig en kan tegnologie aan dié land verskaf.

Handel tussen die twee lande het in 1975, toe Angola onafhanklik word, op slegs 'n paar miljoen dollar gestaan. In 1987 het Brasilië goedere ter waarde van 207 miljoen dollars aan Angola verkoop terwyl Brasilië hoofsaaklik petroleumprodukte ter waarde van 98 miljoen dollars van Angola gekoop het.

Tydens sy besoek het president Sarney die Angolese geloof en gesê hul moed het "hul soewereiniteit beskerm en beslissend bygedra om kolonialisme in Namibia te beëindig, en hulle berei die weg voor vir die finale bevryding van suidelike Afrika".

Angola het verlede jaar 'n ooreenkoms bereik met Kuba en Suid-Afrika oor die onttrekking van 50 000 Kubaanse troepe uit sy gebied teen 1 Julie 1991 in ruil vir Namibiaanse onafhanklikheid.

Luanda moet egter nog steeds die 14-jarige burgeroorlog met die rebellebeweging Unita beëindig.

## Onderneming

Die Angolese president, Jose Eduardo dos Santos, het Brasilië beskryf as "ons groot broer, onafhanklik vir die afgelope 160 jaar". Hy het gesê Brasilië kan as 'n model vir Angola se ontwikkeling beskou word.

In ooreenkomste wat bereik is, het Brasilië onderneem om 1,1 miljard dollars krediet aan Angola te gee vir sy heropbou. Die krediet dek korttermyn-voedselaankope, en mediumtermyn-projekte in vervoer, telekommunikasie en behuising.

Die Sowjet-Brasiliaanse hidro-elektriese projek by Kapanda sal ook hulp kry. - AFP

# Storm oor popmusiek in Pakistan

ISLAMABAD - Die eerste popmusiek wat hier op televisie uitgesaai is, het 'n hewige politieke, godsdienstige en mediadebat in hierdie Islamitiese land ontketen.

'n TV-program van 90 minute het die Pakistani-sangeres Nazia Hassan en entoesiastiese aanhangers getoon. Hulle is nou die middelpunt van die bohaai.

Konserwatiewe praat van "bandelose liberalisme" wat deur die nuwe premier Benazir Bhutto ingelei is. Bhutto, 35, het verlede maand die eerste vrouepremier van 'n Islamitiese land geword.

Hassan, 23, en haar broer Zohaib was gaste op die eerste uitsending van "Music 89". Hulle het gesing en gedans terwyl honderde tieners in die TV-stasie se ouditorium hande geklap het.

Die stasie en die koerante is deur telefoonoproepe en briewe oorval van ondersteuners sowel as aanhangers van die program.

Konserwatiewe Moslems, wat Bhutto se Pakistan's People's Party afmaak as die "disko-generasie" en liberaliste, kla nou "in die naam van Islam" teen die TV-program omdat "dit seuns en meisies saam vertoon". - AFP

# Kissinger se beleid in Midde-Ooste sneuwel

**Henry Kissinger se beleid om die Palestynse Bevrydingsorganisasie te ignoreer, is nou iets van die verlede. XAVIER BARON doen verslag**

NIKOSIA - Diplomatieke ontwikkelinge in die Midde-Ooste oor die afgelope maand het die beleid van die voormalige minister van Buitelandse Sake van die VSA, Henry Kissinger, geskud en die deur oopgemaak vir omvattende vredesamesprekinge.

Kissinger het in die jare sewentig 'n strategie gevolg wat wat sou verseker dat 'n skikking in die Midde-Ooste op Washington se voorwaardes geskied.

Volgens sy plan sou die Palestynse Bevrydingsorganisasie (PLO) uitgesluit word uit die onderhandelingsproses aangesien die lot van die Palestyne beskou is as 'n probleem wat slegs Arabiese state raak.

Individuele Arabiese regerings is toe aangemoedig om vorentoe te kom vir vredesamesprekinge met Israel. Daar sou geen aktiewe rol vir die Sowjet-Unie of die VVO wees nie.

Dit was 'n strategie wat tien jaar lank Midde-Oosterse diplomatieke pogings in die wiele gery het.

Maar 'n sleutel-element van Kissinger se leerstellinge is op 14 Desember uitgewis toe die Verenigde State sy 13-jarige beleid verander het, en besluit het om met die PLO te praat.

In 1975, toe hy probeer het om 'n gedeeltelike onttrekking deur Israel uit Egipte se Sinai-skiereiland te reël, het Kissinger 'n memorandum met Israel onderteken waarin die VSA onderneem het om nie met die PLO te praat totdat dié organisasie Israel se bestaansreg aanvaar nie.

En in 1987, nadat 'n Amerikaanse passasier op 'n luukse Italiaanse skip deur lede van 'n splintergroep van die PLO vermoor is, het die Amerikaanse kongres besluit dat die organisasie hom ook teen terrorisme moet uitspreek voordat die VSA met hom sal praat.

PLO-voorsitter Yasser Arafat het verlede maand in Genève aan altwee vereistes voldoen toe hy Israel se bestaansreg binne vasgestelde grense erken het en gesê het dat die PLO alles vorme van terrorisme veroordeel.

Die Amerikaanse minister van Buitelandse sake, George Schultz, wat onlangs afgetree het, het sy opvolger bevry van die beperkinge wat volgens baie Midde-Oosterse kenners die VSA se pogings om vrede te bevorder in die wiele gery het.

Kissinger het ook 'n stapsgewyse benadering vir vrede in die Midde-Ooste gehad eerder as om die probleme met omvattende onderhandelinge op te los.

Dit was 'n strategie wat Israel se sterkste vyande, Sirië en Egipte, verdeel het.

Kissinger het in 1975 'n gedeeltelike onttrekking van Israeli-troepe uit die Sinai-skiereiland, wat in die 1969-oorlog beset is, beding.

Maar Israel en Egipte het ook ooreengekom dat hul konflik nie deur militêre mag opgelos kan word nie.

Egipte het daarom wegbeweeg van die Arabiese militêre opsie en het in 1979 'n formele vredesooreenkoms met Israel onderteken.

Kaïro se steun vir Kissinger se beleid het skerp spanning met Sirië tot gevolg gehad, hoewel daar onlangs tekens van 'n verslapping in die spanning tussen die twee lande was. Daar is ook berigte dat Egipte binnekort weer tot die Arabiese groep toegelaat sal word.

Alle Arabiese state, behalwe Sirië, Libanon en Libië, het nou betrekkinge met Egipte herstel wat verbreek is ná die vredesooreenkoms met Israel in 1979.

Egipte het ook saam met die Arabiese wêreld gevra vir 'n Arabiese vredeskonferensie wat deur die VVO gereël word, en beskou nou die Camp David-ooreenkomste oor Palestynse outonomie as verouderd.

Die 1978-ooreenkomste het nie net 'n vredesooreenkoms tussen Israel en Egipte uitgespel nie, maar ook gevra vir Palestynse outonomie op die Westelike Oewer en in die Gaza-strook.

Toevallig lyk dit ook of Israel sy tradisionele vyandigheid teen die VVO versag het aangesien eerste minister Yitshak Shamir onlangs die moontlikheid van 'n beperkte VVO-rol in die reëling van regstreekse samesprekinge tussen Israel en die Arabiese lande genoem het.

Streekskenners het sy toespraak gesien as die begin van die einde van die Camp David-opsie, wat voorheen die enigste vredesraamwerk was wat deur Israel aanvaar is.



Gorbatsjof — Sowjet-invloed neem toe in die Midde-Ooste

Camp David was die juweel in die kroon van Kissinger se stap-vir-stap strategie.

Intussen het die Sowjet-Unie onder president Mikhail Gorbatsjof 'n mag geword wat nie langer van die vredespogings uitgesluit kan word nie, veral omdat druk deur die Sowjet-Unie 'n belangrike rol in die onlangse beleidsveranderinge van die PLO gespeel het.

En die Sowjet-owerhede het herhaaldelik aangebied om volle diplomatieke betrekkinge met Israel te oorweeg so gou stappe gedoen is om 'n internasionale konferensie te reël. - AFP

Vrye Weekblad

# Die Parlement

Die Parlement wat vandeesweek weer begin sit, was verlede jaar nie veel meer as 'n praathuis en 'n plek waar regses oor drome uit die verlede sit en gorrel het nie.

As die LP's dié beeld wil verbeter, sal hulle in die huidige sitting 'n paar sake eerlik en reguit moet aanspreek.

Heel bo-aan die lys van dringende sake is die Groepsgebiedewet.

Die ervaring van Mayfair en Kraaifontein die afgelope week maak dit duidelik dát Suid-Afrika dit nie kan bekostig om nog 'n jaar lank met hierdie wet te sit nie.

Van galgtoue en wit skollies wat beskaafde mense uit hul huise verjaag omdat hulle velle donker is, het Suid-Afrika waaragtig nou genoeg gehad.

Tipies van die Nasionale Party is sy oplossing weereens 'n halfhartige een; een waarop besluit is terwyl die party krampagtig oor sy regterskouer geloer het.

Daar is net een eerbare weg: skaf die wet heeltemal af. Dit is in belang van almal in Suid-Afrika.

Nog 'n argaïese wet wat so gou as moontlik afgeskaf moet word, is die Wet op Afsonderlike Geriewe. Die Nasionale Party sal dit waarskynlik baie teësinnig doen, want sonder dié wet sal al hul skynheilige leedvermaak oor Boksburg nie meer moontlik wees nie.

Maar hoe belangrik woonbuurte en geriewe ook al is, die belangrikste taak van diegene wat in die Parlement sit en dit erns het met ons land se toekoms is om die voortdurende spiraal van polarisasie, inkorting van persoonlike vryhede in die naam van staatsveiligheid, en staatsgeweld en kontra-geweld te pak.

Dit kan net op een manier gedoen word: begin emstig besin oor 'n onderhandelde skikking tussen dié in die Parlement en dié daarbuite.

Stap een is om die noodtoestand af te skaf, die pers weer vry te maak en die groot aantal mense wat aangehou word sonder dat die staat 'n saak teen hulle kan maak, na die gemeenskap terug te laat keer.

Stap twee is om Nelson Mandela en sy kollegas onvoorwaardelik vry te laat. Sonder hul leiers kan die swart gemeenskap nie sinvol met die regering gesprek voer nie.

Daarmee saam moet die verbod op swart weerstandsorganisasies opgehef word. Dit geld vir die ANC, PAC en al die binnelandse groepe wat verbied of beperk is.

As dit gedoen is, sal dit baie maklik wees om aan te dring op 'n algehele moratorium op geweld sodat onderhandeling kan begin. Die ANC self het hom al hiertoe bereid verklaar.

Dan kan ons as Suid-Afrikaners mos begin praat oor hoe ons toekoms moet lyk. Dan kan ons begin met nasiebou, uit ons isolasie breek en ons ekonomiese probleme begin aanspreek.

Is dit te veel gevra? Het Suid-Afrikaners nie die reg om aan te dring op vrede en voorspoed nie?

Helaas, die kanse dat dit gaan gebeur is skraal.

Die regering sal waarskynlik lamgelê word deur die bittere en onsmaaklike binnegevegte tussen senior kabinetslede wat baklei om die posisie van Staatspresident.

Korrupsie sal waarskynlik tot op die heel hoogste vlak bly voortkanker.

En die Volksraad sal waarskynlik 'n bokskryt tussen die neandertalle van die KP en hul opponente van die NP bly; die Raad van Afgevaardiges 'n sirkus van oor-en-weer beskuldigings oor korrupsie en magsmisbruik; en die Raad van Verteenwoordigers 'n teater van ydel dreigemente en hoogheiligheid.

Suid-Afrika sal waarskynlik in 1989 nog 'n reuse sprong nader aan die afgrond gee.

## So sê hulle . . .

"Dr Hendrik Verwoerd het nie vir een belangegroep in die besonder baie beteken nie, maar vir die hele Suid-Afrika." - Willem Cruywagen, oud-administrateur van Transvaal en voorsitter van die Hendrik Verwoerdkomitee.

"Smit sonder 'n H - ek het die hotnot lankal weggegooi." - Elmarie Smit, penningmeester van die PU vir CHO se studenteraad.

"My regering doen nie die soort van ding nie." - David Tothill, SA ambassadeur in Australië, oor 'n aantyging dat 'n SA moordbende 'n haelgeweeraanval op 'n ANC-lid se huis in Canberra uitgevoer het.

"Ek kan nie my kinders grootmaak tussen mense wat nie na rede kan luister nie." - Mnr Doyle, die Indiër-ingenieur wat deur wit KP- en AWB-ondersteuners verhinder is om 'n huis in Mayfair-Wes te betrek.




BRIEWE

**Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.**

## Lappe, wat sê jy nou?

**Leon Bonthuys van Die Oosterlig in Port Elizabeth skryf:**

Ek wil eers die Vrye Weekblad soos die meeste lesers gelukwens met 'n puik koerant hoewel ek soms voel dat u te persoonlik raak.

Ek gaan nie soos almal politiek praat nie, maar ek wil graag vir Lappe Laubscher oor sport aanvat.

Mense wat al saam met Lappe gewerk het weet hy was nog nooit bang om iets te skryf nie, wat ek waardeer, maar dié keer wil ek hom regwys.

Hy skryf in sy boksberig van 13 Januarie dat niemand nog ooit gehoor het van Orlin Norris en James Douglas nie.

Norris word deur al drie wêreldliggame erken. Hy is volgens die IBF sesde, die WBA sewende en die WBC negende. Die bekende Ring-tydskrif maak hom die tiende aanspraakmaker.

Douglas is tweede op die IBF se lys en vyfde op die WBC se lys en hy is volgens The Ring negende.

Douglas het ook al teen Tony Tucker om die IBF se titel geboks en verloor.

Volgens Lappe is hulle miskien onbekend, maar volgens Amerikaanse boksranglyste en tydskrifte weet die boksmense wie hulle is.

Ek sal graag van jou wil hoor Lappe.

Beste groete en voorspoed met die koerant.

### Jaloers op Die Matie

**Eddie H Botha van Financial Mail skryf:**

Net om die rekord reg te stel: In sy brief plaas Riaan Smit van Brixton (VW 27/1/89) my in die uitgelese kring van oud-Maties wat in een of ander stadium op die redaksie van Die Matie gedien het.

Hoe graag ek ook al die ondervinding op my joernalistieke rekord sou wou plaas, is dit ongelukkig nie korrek nie. Ek was nooit op die redaksie van Die Matie nie.

Terwyl my joernalistieke kollegas hul op vroeë leeftyd tot dié leerskool gewend het, was ek en 'n paar ander Maties besig om petisies te versprei om te sorg dat die ASB se outomatiese lidmaatskap op die Matiekampus afgestem word.

Hoe dit ook al mag wees, ek bly steeds jaloers dat ek nie die agtergrond van wat ek as die beste studentekoerant beskou, agter my naam het nie.

### Al darie jazz

**ADV van Rensburg van Vrededorp skryf:**

Sorry, la'k nou eers dagsê. Sterkte en al darie jazz. So terloops:

* Dog Zola swot kommunikasiekunde (sic).

* My innige simpatie aan oom Claasse. Siestog dat hy nou na al die jare en met die Party op sy laaste bene moet sukkel met kompetisie in sy political hi-jacking van die onderwys.

* Lyk my die Natpers het vergeet van Basil d'Oliviera en wie (raai?) eerste politiek met sport (krieket) gemeng het.

* Shame, nê, dat swart kinders nie kinders is nie. Dit sou 'n oorbevolkingsprobleem eerder as 'n ontvolkingsprobleem by plaasskole beteken het.

* Ja vir julle case met Roz Both. Soos Pappa Both het sy ook hoegenaamd niks van waarde om voor te dra nie.

* Wat van 'n profiel oor ds Nico Smit wat sy joppie op unieke wyse in Onze Petoorsdorp doen?

### Hoe werk dit, minister?

**CF Bekker van Western Deep Levels skryf:**

Op 14 Januarie 1989 het kommandement Verre Noord 'n vaandelparade gehou.

Tydens hierdie geleentheid is vier vaandelvlae oorhandig. Die parade is waargeneem deur minister Malan. 'n Mens moet toegee dat die vlae goed vertoon.

Wat my egter onrustig stem is die geld wat hierby betrokke is. Een so 'n vlag kos tussen R6 000 en R10 000.

Teen hierdie agtergrond is daar dienspligtiges wat in werklike gehawende toestande in die kommandement self woon.

Die vraag ontstaan nou: Hoe werk dit?

### Joan Hambidge ...

**Joan Hambidge skryf uit Pietersburg:**

Nou kyk, ek het 'n teorie om te verkoop. Gerrit Olivier - soos onder meer geïllustreer in sy Prontuit-rubriek van 16 Des 1988 beskuldig almal altyd van iets waaraan hy skuldig is. Soos die kwessie van gesag. Want wie redeneer méér outoritêr as mnr Olivier?

Sy bitterbek-aanvalle is so 'n deursigtige erkenning van sy eie literêre impotensie. Dit is opvallend dat mnr Olivier in al sy rubrieke literatore aantree wat meer produktief as hy is.

En dit is dan my vraag: wáár is mnr Olivier se wetenskaplike werk? En nou praat ek nie van sy kletspraatjies of sy flou artikels nie.

Gepraat van misdoen in die skoene van die grotes. Hoor ék Van Wyk Louw in sy graf tol? Ek vind Vrye Weekblad 'n broodnodige koerant - miskien moet julle maar liewers vir Gerrit Olivier wegsteek. Hy is besig om 'n verleentheid vir homself en ander te raak.

### ... en nóg Joan Hambidge

**Joan Hambidge skryf weereens uit Pietersburg:**

In Prontuit van 18 November 1988 betig Gerrit Olivier my oor 'n meningsverskil tussen my en FIJ van Rensburg oor Koos Prinsloo se boek. Mnr Olivier noem my in sy voortreflike illustrasie van ironie "bakleierig", terwyl hyself beledigend raak (!)

Dit is nie juis om te sê dat ek alleen na die literêre gehalte van Prinsloo se Die Hemel Help Ons verwys het nie. My betoog was juis téén dié soort literator wat sy eie morele standaarde op 'n teks probeer afdwing. Dit wil sê: ek is teen sensuur gekant. Ek verwys mnr Olivier graag na my berig in Beeld van 7.10.88.

Ek vind dit hoegenaamd nié in orde dat mnr Olivier my argumente verdraai en dat hy my nie in Beeld aanspreek nie. JC Kannemeyer het in die jongste Tydskrif vir Letterkunde (Nov 88) ingegaan op mnr Olivier se "halwe waarhede en slordighede" (p 97) wat alles in 'n "meevoerende styl" (p 101) geformuleer word. Want ek vind dit 'n wanvoorstelling van my argumente om te maak asof ek niks teen Van Rensburg se sensuur gesê het nie.

My briewe aan die pers mag méér wees as Langenhoven se versamelde werke, maar Olivier se wanvoorstellings en vergrype (om van sy arrogansie nie eens te praat nie) behoort die kinderensiklopedie vol te maak.

# Die arm man se Cliff Barnes




AS daar nou een man in die Kabinet is vir wie Brolloks 'n diepe deernis het, is dit die Boere-Cliff Barnes, Stoffel van der Merwe.

Brolloks se neef het hom nogal goed geken in die dae toe hy nog 'n akademikus en later 'n agterbanker-LV was. Maar toe Brolloks eers betrokke raak by 'n sekere linkse smeerblaadjie waarvan ek die naam nie hier durf noem nie, toe word die vrindskap glo ook sommer suur.

Die mense skinder baie oor Stoffel. Nie oor vroue of drank of skelm transaksies nie, maar oor Stoffel so GRYS geword het. Grys hare en grys in die gesig.

Sien, Stoffel het die probleem dat daar nog 'n bietjie van sy gewete oorgebly het - 'n goeie Suid-Afrikaanse politikus se eerste swak plek - en dat hy boonop nog van sy voormalige akademiese geloofwaardigheid wil behou.

(Saam met Gerrit Viljoen is hy glo die Kabinet se resident-intellektueel. Dit was eers Chris Heunis, totdat hulle agtergekom het dis nie 'n geval dat hulle hom nie kan verstaan omdat hy so slim is nie, maar dat hy homself nie verstaan nie. Nou is hy die Kabinet se resident-buikspreker. Daar is glo meer status aan verbonde.)

Dis die geloofwaardigheid wat Stoffel so onderkry. As Minister van Inligting is hy talle kere gebruik om absolute twak aan die pers te verkoop waaraan hy glo self nie glo nie. Meng jou met die semels, Stoffel...

Maar Stoffel is darem nie blaamloos nie. Verlede week praat hy met Brendan Boyle, 'n gesoute korrespondent van Reuters, oor hoe die regering soek na maniere om Nelson Mandela vreedsaam en met verdrag vry te laat.

Sy woorde was skaars koud, of hy ontken teenoor ander persmense dat hy dit só bedoel het. En Brendan staan by sy storie.

Nou vertel 'n kollega van Brolloks gister dat dieselfde Stoffel al twee keer dieselfde met haar probeer het. Die een keer het hy gepraat oor Hillbrow en Woodstock wat vir almal oopgestel gaan word, en die ander keer het hy gesê 'n Swapo-regering is heeltemal aanvaarbaar as ons aanstaande buurstaat se regering.

In albei gevalle het hy later, natuurlik toe hy in hoë kringe daaroor aangespreek is, agterna teruggekrabbel en ontken wat op haar bandopname was. 'n Politikus se maklikste uitweg: blameer die pers!

* G'n wonder Stoffel is deesdae so stil nie. 'n Mens hoor soms maande lank niks van hom nie. Nou weet ons hoekom: elke keer as hy iets sê, sit hy sy voet daarin. (Nie dat dit ander kabinetslede eintlik afsit nie.)

## Vat hom, Dawie

Dit gaan sneeu in die middel van die somer. Want Bittergal het iets gelees wat Dawie, rubriekskrywer van Die Burger en Beeld, geskryf het waarmee hy nogal saamstem.

Luister wat sê die hoog geëerde rubriekskrywer onder die opskrif "Rol van 'n waghond": "Ondanks die pers se onontbeerlike rol in die onthulling en ontrafeling van daardie destydse fiasko (die Inligtingskandaal), het dit sedertdien te dikwels in Suid-Afrika gebeur dat uit owerheidskringe neerhalend na die pers verwys is as 'n euwel wat sensasie soek."

Hier kom die punchline nou. Lees mooi: "Tog staan 'n verantwoordelike pers sentraal tot die openbaring van wanpraktyke of optredes wat nòg in die gewone mens nòg in die owerheid se belang is."

* Bravo, Dawie! Ons sien almal daarna uit om te sien hoe Beeld en Die Burger voortaan die regering gaan kap weens sy "optredes" wat nie in die "gewone mens" se belang is nie.

Soos apartheid. Soos die Groepsgebiedewet. Soos die veiligheidsmagte se optrede in die townships. Soos aanhouding sonder verhoor. Soos die opsluit van kinders onder vyftien.

## Eerste prys: Sodom

Die regses is ook nie meer wat hulle was nie. Onthou julle die dae toe daar nog regse samesweringe was om Aids by Sun City te gaan rondstrooi? En die stories dat God Suid-Afrika straf met droogte omdat witmense so in die veelrassige dobbelhuise van die tuisland rondlê?

Nou kom die KP van Randfontein met 'n kompetisie waarin die ouderdom van Randfontein geraai moet word.

* Die eerste prys is ... 'n naweek vir twee by die Mmabatho Sun!

## Ou apartheid

Daar is twee bittere misopvattings in Suid-Afrika: en dit is dat apartheid eers na 1948 met alle mag en krag in Suid-Afrika toegepas is en dat Afrikaners die enigste sondaars is.

Luister net na hierdie uittreksel uit 'n regeringskommissie wat in 1921 onder die voorsitterskap van ene kolonel Stallard aanbevelings oor nuwe paswette moes maak. Die aanhaling kom uit Francis Wilson en Mamphela Ramphele se boek oor armoede wat pas by David Philip verskyn het.

"The native should only be allowed to enter the urban areas, which are essentially the white man's creation, when he is willing to enter and to minister to the needs of the white man and should be depart therefrom when he ceases so to minister."

* Moenie skielik so hoogheilig voel nie, Andries en Eugene, dit was darem 68 jaar gelede!

Of is dit waar julle min of meer inpas?




**Vrye Weekblad se spotprenttekenaar is ontevrede. Ons het 'n paar weke gelede 'n spotprent deur hom laat teken oor die Staatspresident, maar dieselfde dag het hy sy beroerte-aanval gekry. Ons het gevoel dat dit swak smaak sou wees om dit in daardie stadium te plaas, maar siende dat die president nou so goed aansterk, hier is hy.**

# Korrupsie-spokie hardloop prettig in onze wit land

**Egbertus Klaagvoort**

GERAAMTES rinkinkel in die klerekaste van die heerskappy. Hooge siele slaap onrustig.

Die korrupsie-spokie hardloop die prettigste kringe deur die onverstoorde selfvoldaanheid van onze wit land se amptenary.

Egbertus wil net waarsku: I know who you are and I know what you did. Dis seker verregaande om weer die skim van Robert Smit uit die solder te sleep en af te stof... of is dit?

Intussen moet ek my woorde sluk, ek het 'n verbysterende oordeelsfout begaan: Sy Edele A Ragsbanjo het nie die skaamte van 'n bedgogga nie.




Elke bedgogga van my kennis met net die geringste sweempie van selfrespek sou bloos as hy ná soveel fancy footwork soos dié van Sy Edele nog die vermetelheid kon opdiep om in die parlement te bly.

Nou goed, daardie amperse Wit Olifant lyk erg versletenádie manewales van kabinetslede en Agbare Kabouters en Volkshelde die afgelope tyd, maar 'n bedgogga kan tog nie eens op die lowly agterbanke aanspraak maak onder die heersende omstandighede nie.

Afrikaners, landgenote, besin! Het die uitverkore volk dan gedaal tot 'n vlak waar 'n mede-Afrikanergesin 'n dak oor hul kop misgun word?

Die spektakel wat veroorsaak is deur Dr A Treurnog se SAKP (ghloeps byt Doktor sy tong af) in Mayfair is unfair verby. Maar die Afrikanermentaliteit het blykbaar nie veel erg aan uitwaanse gedoentes soos menswaardigheid en woningsnood nie.

Tensy die wit stemvee natuurlik daaronder ly.

Help nie om Doktor daaroor te takel nie, sy denkpatroon verhoed hom om te begryp waarvan ek praat. En dis gans te gerieflik vir die huigelbrigade van die NP om vingers (en Vingers, as die Volksheld al sy kragte herwin het) na die KP te wys.

Die armsalige KP was nog nie eens 'n kerf op Henry Verward se sekstant nie (en Doktor self was nog kerkmuis) toe weldoeners soos die Volksheld hele gemeenskappe ontwortel het ter wille van die Groot Wit Plan. En meer sindelike vistas waaroor die wit huise kon uitkyk.

Dink maar aan Distrik Ses, en Simonstad, Dimbasa. En verskoon tog die lastige ou vragie, Minister, maar is die Groepsgebiedewet die skepping van Dr. Treurnog, of klou ons godsbeskikte owerheid, soos Broeder Heyns dit graag sien, wanhopig daaraan vas soos 'n garnaal aan sy peri-peri?

Dis 'n blote geboortefrats dat ons almal Afrikaners heet. Party van ons is egter so afgestomp deur die jare se melk en heuning dat hulle Sy Edele A Ragsbanjo van dikvel-faam na 'n prins van fyngevoeligheid laat lyk.

## Welkom by die beste Weermag!

Welkom by die beste Weermag in Afrika! beveel die plakkate die gedweë nuwe dienspligtiges. Askies tog, nie "Weermag" nie, want dit sou die lugmag insluit, en 'n mens weet nie hoeveel daarvan oor is nie.

Praat ook nie van die "mees etiese leër" nie, want dan krap jy ou koeie uit oor dirty tricks wat nou genadiglik op die agtergrond geskuif is, no thanks Magnus PI.

Nee, dis glo die "beste leër in Afrika". Maybe. Maar iets waaroor julle nie kan kibbel nie, is dat dit die duurste leër in Afrika is. Hoe rym dit dan?

Soveel koeëls as wat jy giet,

soveel kan jy maar misskiet.

Kos dit Verdediging se laaste bloed?

Don't panic, Onderwys vergoed.

Belastinglastiges sal tog opdok - selfs as die Weermag als op-Vlok.




Ander publikasies het ons al 'n 'dapper, verfrissende nuwe blad', 'n 'vars bries in 'n bedompige atmosfeer' en 'n 'heldhaftige, professionele projek met 'n roeping' genoem.

Die Staatspresident en die Minister van Justisie het deeglik van ons kennis geneem.

In net agt uitgawes het ons met ons vreeslose, gebalanseerde aanslag politieke en sakeleiers oor die hele spektrum laat regop sit.

'n Groot hap van die room van die Afrikaanssprekende leserspubliek wil nie meer 'n naweek sonder ons begin nie.

# Hoe lank kan jy bekostig om nie in Vrye Weekblad te adverteer nie?

Bel Max du Preez vandag nog by 836-7236

# Gemor oor reëls - en Sarel se Turbo

**Len Wagenaar**

DIE Nuwejaar het net begin en die motorsportkalender is skaars twee weke oud en die manne dreig al klaar om mekaar aan die kele te gryp.

Die groot ongelukkigheid is oor die regulasies vir die WesBank-uitdaagreeks vir veranderde sedanmotors. Van die jaers sê prontuit die regulasies is só verander dat dit die nuwe Audi Quatro Turbo van Sarel van der Merwe bevoordeel.

Verlede Saterdag op Kyalami wou dit so lyk, want toe Sarel en die "gesonde" Audi lostrek, was dit nie eens 'n rondte nie toe is hy voor. En hy het heel agter weggespring!

Ander — en of dit net 'n verskoning is, weet nugter alleen — sê weer die regulasies is onduidelik en belemmer die opbou van hul motors. Tony Viana is een van hulle met 'n BMW-3-reeks waarin hy BMW M5-onderdele wil gebruik... maar nou weet hy nie wat die reëls is nie.

Nonsens, sê manne soos Dave McGregor en Roger McCleery; die reëls is duidelik. En toe hou hulle vandeesweek vergadering.

Die Audi se Turbo is beperk tot 50 sentimeter en nog 'n paar reëls — soos dat die motors minstens moet deure hê — is aanvaar.

Soos Roger sê: "Ons kan nou regmaak vir 'n goeie jaar, met Sapphires en Opels en ander lelike masjiene in die Wesbank-wedrenne."

In die Porsche Turboreeks het die Duitsers koning gekraai. Roland Asch het as kampioen weggestap, en Toby Venter, Nico Bianco en Wayne Taylor wonder seker wat hulle aan die Duitser kan doen.

'n Moontlikheid is: ry hom in die kuipe om soos Super Sarel met die Duitser Rudiger Schmitt Saterdag gemaak het!

Van Sarel gepraat. Hy het nie aan die turborenne deelgeneem nie omdat sy "motor in duisend stukkies" is. Tog is daar diegene wat sê hy kon sy motor gereed gehad het vir die eerste uitdunne voorverlede week, maar daar is ander redes waarom nie wou ry nie... Miskien het die Audi hom besig gehou.

Die GUD Formule GTI-reeks, oftewel die Basil Manneenmanvertoning, is gestig met die doel om díe formule in Suid-Afrika te wees. Soos dit nou aangaan sal dit nie lank meer bestaan nie. Wat nog te sê díe formule wees.

Die wedrenorganiseerders sal moet sorg dat daar strawwer mededinging en groter name, soos Ian Scheckter, aan díe formule deelneem, anders is daar min hoop.

Of, wat van 'n groter enjin vir die formule, soos 'n 2-liter 16-klep enjin.

# Verduidelik IKK se kaperjolle vir my

DAAR was die ou oom in die politiek wat volgens oorlewering op 'n dag teenoor sy ongelukkige kiesers uitgeroep het: "As julle nie van my beleid hou nie, sê so, ek het nog ander wat ek aan julle kan verkoop."

Ek het aan die ou oom gedink toe die Internasionale Krieketkonferensie verlede week in London vergader het.

Die eerbiedwaardige Britse instelling - en laat niemand sê dat dit nie meer 'n Britse instelling is nie - het Suid-Afrika 'n dekade of wat gelede in die buitenste duisternis uitgeskop.

Die redes was ideologies so sterk soos die spreekwoordelike rots van Gibraltar.

Suid-Afrika se krieketbase het die vryheid van beweging, die vryheid van assosiasie en die vryheid van spraak van sy spelers nie erken nie en daarom kon Suid-Afrika nie langer lid van die Britse bastion bly nie.

Verlede week besluit dieselfde instelling om die vryheid van spraak, vryheid van assosiasie en vryheid van beweging van alle spelers onder sy jurisdiksie aan bande te lê omdat hulle met Suid-Afrika te doen het wat nou die vryheid van assosiasie, die vryheid van beweging en die vryheid van spraak van sy spelers erken.

Grieks? Nee, net internasionale politiek.

Tragies wel.

As die optrede van die IKK aan een swart seun 'n beter opleiding sou verseker of aan een swartman groter rykdom sou bring of aan een swart vrou 'n beter huis so gee sou die optrede waarskynlik geregverdig wees.

Die waarheid is egter dat die werklike mense wat werklik geraak word deur die werklike probleme lank reeds nie meer die as is waarom die argumente draai nie.

Hulle het nou net toevallige pionne geword wat uit die pad van die kastele en biskoppe moet bly.

Hoe 'n geskiedskrywer van die een en twintigste eeu al die kaperjolle aan sy eietydse lesers gaan verduidelik sal my genadiglik gespaar bly.

## Padmanne wys baanmanne

DAT die padwedlopers in Suid-Afrika lank reeds in 'n uiters ongelukkige huwelik met die baanatlete van Suid-Afrika getroud is, is nie nuus nie.

Die padwedlopers het egter die week getoon dat alles wat die baanmanne kan doen hulle beter kan doen. Vroeër die seisoen het die baanmanne 'n rebellespan uit Amerika hier gehad.

Die naweek kom die padmanne met die wêreld se bestes hieraan. Dit is beslis 'n prestasie wat in ons deurmekaar wêreld nie te versmaai is nie.



## LAPPE LAUBSCHER op die skoonveld

Net jammer die manne is nie vir die Comrades hier nie. Maar nou is ek sommer onnodig suur.

## Price weer tweede

NICK Price het verlede naweek weer in Amerika tweede geëindig. Dit is nie snaaks vir 'n Suid-Afrikaanse sportman nie. Trouens, Price self het al twee keer tweede gekom in niks minder as die Britse Ope nie.

Ek het egter 'n gevoel dat terwyl almal wag dat David Frost se groot oomblik moet aanbreek, dat Nick dalk die man kan wees wat die haas uit die hoed gaan trek.

Suid-Afrika het beslis hase - by wyse van spreke - nodig.

# Sacos moet swartmense nou ernstig betrek

***'n Sportkonferensie wat verlede naweek in Natal gehou is, mag verrykende implikasies vir die toekoms hê. Die Weekly Mail se sportredakteur, JOHN PERLMAN, was een van die deelnemers.***

VERANDERINGE as gevolg van 'n konferensie? Dit klink onwaarskynlik, veral omdat die onderwerp onder bespreking gedurende die twee dae sport was.

Maar die belangrikheid van die konferensie, saamgeroep deur die Natal Council of Sport (Nacos), 'n streeksliggaam van die South African Council on Sport (Sacos), strek verder as die inhoud van die referate wat gelewer en bespreek is.

Die konferensie, genaamd Sport: Mobilisasie en Verandering, is bygewoon deur afgevaardigdes van 55 organisasies, hoofsaaklik Sacosgeaffilieerdes, maar ook verteenwoordigers van vakbonde en gemeenskapsorganisasies.

Betekenisvol was die sterk verteenwoordiging van die Congress of South African Trade Unions (Cosatu) en twee van hul lidvakbonde, die National Union of Mineworkers (NUM) en die National Union of Metalworkers (Numsa).

Die temas het gewissel van die geskiedenis van weerstandsport in Suid-Afrika tot die organisasie van sport in sosialistiese lande.

Onafwendbaar het die bespreking teruggefokus op die konkrete probleme rondom die opbou van nie-rassige sport in Suid-Afrika. En knaend het die debat gesentreer om die huidige en toekomsrol van Sacos, Suid-Afrika se voorste anti-apartheid sportorganisasie.

Daar is hard gepraat.

"Terwyl ons identifiseer met Sacos beteken dit nie dat ons hul swakpunte miskyk nie, veral hoe hulle in ons geledere en in die breë gemeenskap gesien word nie," het Jay Naidoo, die hoofsekretaris van Cosatu, in die openingsrede gesê.

Naidoo het gesê dat die algemeenste kritiek teen Sacos hul relatiewe afwesigheid in die swart townships is.

Sacos het in die praktyk "verwyderd gebly van die organisasies wat deur die massa-stryd die legitieme mantel van die bevryding-stryd verwerf het."

Sacos behoort hul strategieë en taktiek te aan te pas.

"Daar is 'n behoefte dat Sacos meer demokraties ingestel moet word sodat spelers 'n groter sê kan hê," het Naidoo gesê.

Sommige afgevaardigdes het van Naidoo verskil. "Daar kan nie van Sacos verwag word om op sy eie steun in die townships te wen nie," het Reggie Feldman van die Transvaal Council on Sport gesê.

Wat doen die vakbonde byvoorbeeld om toe te sien dat die industriële sokkerligas by Sacos affilieer, het hy gevra.

Die probleme wat Sacos in sommige gebiede, veral Oos-Kaapland, ondervind om saam met townshipsportmense en organisasies te werk, is ook beskryf.

Benewens die ernstige tekort aan geld en fasiliteite in dié gebied, is ook geskets hoe onderdrukking en intimidasie van skoolhoofde en ander sportmense pogings ontwrig.

Die konferensiegangers het dit telkens duidelik gestel dat Sacos steeds die leiding moet neem in die anti-apartheidstryd in sport.

Soos dit gestel is: "Sacos word getoets om te sien of ons vorentoe kan gaan. Vorige prestasies word glad nie afgekam nie."

Terwyl Sacos alreeds 'n belangrike rol speel, het Krish Mackerdhuj, die president van die Suid-Afrikaanse Krieketraad, gesê: "Die doel van hierdie soort konferensie is om vorentoe te gaan. Ons moet indringend na onsself kyk."

"In die verlede was dit vir ons organisasies nodig om plaaslike regeringsfasiliteite te boikot om hulle polities te isoleer," het Numsa se Alec Irwin gesê. "Maar ons organisasies het nou hul politieke houvas op hulle verloor, en ons het nodig om ons strategieë jeens hulle te verander."

Die konsensus dat daar nuwe taktiek nodig is, het nie beteken dat daar eenstemmigheid was oor wat die taktiek moet wees nie.

Die lewendigste debat was oor die moontlike kontak met sportliggame aan "die ander kant".

"Ons moet wegbeweeg van die argument dat as jy nié nie-rassige sport beoefen nie, jy 'n uitverkoper is," het Sefako Nyaka, die nuusredakteur van New Nation, gesê.

"As ons bang is om kontak te maak met mense omdat hulle van ons verskil, sit ons die pot mis," het Gwede Mantashe van NUM gesê.

Ander sprekers was versigtiger. Feldman het gesê dat 'n duidelike onderskeid tussen die pogings van organisasies soos die Suid-Afrikaanse Krieketraad (SARB) en die Nasionale Sokkerliga gemaak moet word.

Dit was nie die enigste geskilpunte nie. Een spreker se voorstel dat nie-rassige sportmense nie soveel klem op die mededingende aard van sport moet lê nie, het nie almal se steun gekry nie.

"In die stryd mag dit nou nodig wees vir nie-rassige sportmense om uit te blink," het Erwin gesê. "In die toekoms kan dit nodig wees om die sukses van ons gemeenskap te demonstreer deur teen-rewolusionêre neigings teen te staan."

Drie konsensuspunte het op die konferensie na vore getree.

Eerstens, dat die nie-rassige sportbeweging hul strategieë moet hersien om aan te pas by die veranderende sport-opset. Programme soos dié van die SAKU in die townships maak 'n indruk op swart sportmense, maar nie in so 'n mate dat 'n progressiewe anti-apartheidsalternatief nodig is nie.

Tweedens is 'n ernstige poging nodig om swartmense by Sacos in te trek, ongeag waar hulle nou hul sport beoefen.

Derdens, hoewel dit nie van Sacos verwag word om die taak alleen te vervul nie, word nog steeds na hulle gekyk vir hul leiersrol.

Die meeste afgevaardigdes was dit eens dat 'n breuk rampspoedig vir nie-rassige sport sou wees.

Nie alleen sou dit vooruitgang benadeel nie, maar ook verwarring veroorsaak by ondersteuners oorsee. Interne eenheid is noodsaaklik om die delikate vraagstuk van 'n selektiewe sportboikot op te los.

Baie gaan afhang van hoe Sacos die onderwerpe wat op die konferensie bespreek is gaan hanteer.

Maar baie hang ook af van Nacos en wat hulle met die rykdom van idees wat die konnferensie opgelewer het gaan doen. Een voorstel was dat opsommings aan kleiner groepe gestuur word om verder te bespreek.

Dat Nacos 'n werksverhouding met Cosatu in hul streek het, is 'n hoopvolle teken en mag ander streke noop om dieselfde te doen.

Uiteindelik is dit nasionale vraagstukke en verdien ernstige aandag.

"Ons het konkrete voorstelle vir optrede van Sacos nodig," het Erwin gesê. "Julle kan nie van Cosatu verwag om dit te doen nie."

"Ons hooftaak is om werkers te organiseer en ons behoort nie met 'n sportbeleid vorendag te kom voordat Sacos dit doen nie. Op die oomblik is dit 'n kop-aan-kop wedloop."

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg. Die telefoonnommer is 836 7236. Die posadres is Posbus 42637, Fordsburg 2033.
Die blad word gedruk deur Excelsior Drukkers (Edms) Bpk van Lautreweg 2, Stormill. Dit word versprei deur Allied Uitgewers Bpk van Wepenerstraat 32, Booysens, Johannesburg.

# SPORT

Vrye Weekblad

- Sacos moet swartmense nou ernstig betrek - 15
- Gemor oor reëls — en Sarel se Turbo - 15

# John Bland se laaste kans vir Ope môre

Lappe Laubscher

JOHN BLAND is die man wat deur die spelers en die toeskouers die Suid-Afrikaanse Ope-gholftitel gegun word.

Die bonkige speler van die ERPM-klub in Boksburg het al sy hand om die regteroor van die beker gehad, maar die grootste prys in Suid-Afrikaanse gholf bly hom ontwyk.

Die naweek op Glendower sal John weer daar wees. In 1981 het hy op die baan van Royal Johannesburg gevorder tot 'n uitspeelwedstryd vir die titel. Dit is nou geskiedenis dat hy na nog agtien putjies steeds gelyk met Gary Player was en uiteindelik na 92 putjies die knie moes buig voor die klein meester.

John se jare staan egter nie stil nie en vanjaar sal waarskynlik een van die laaste geleenthede wees waar hy ernstig kan aanspraak maak op die titel. Baie faktore is in sy guns. Hy speel aan die Rand. Dit is waar hy sy gholf geleer het en dit is waar hy die toestande beter ken as die oorsese spelers.

Teen hom tel die jong Turke. Die manne is meedoënloos. Hulle het min respek vir die aspirasies van 'n ou bul.

Wayne Westner het reeds sy visier gestel op die uiters aantreklike Amerikaanse reeks. Niks sal hom groter plesier verskaf as om die titel te behou wat hy verlede jaar gewen het nie.

Sy oorwinning verlede jaar is deur sommige kenners as "gelukkig" afgemaak. As hy vanjaar weer wen, sal niemand hom kan beskuldig dat hy die titel nie verdien nie.

Verlede naweek het hy in Phalaborwa oor die laaste nege putjies "ontplof" en dit in 'n verstommende 29 houe voltooi. Die waarskuwing is dus daar dat hy reg is vir die week.

Ian Palmer skop homself die afgelope week elke oggend. Op Phalaborwa het hy in die laaste ronde afgeslaan met 'n voorsprong van drie houe. Hy het egter toegelaat dat Stuart Smith die titel voor sy neus wegraap.

Palmer sal beslis dié week daarop uit wees om die foutjie reg te stel. Sy neef, Tertius Claassen, het 'n paar jaar gelede toegelaat dat Charles Bolling hom in die pylvak om die titel klop. Ian sal graag die familie se eer wil herstel.

Tony Johnstone is die voorloper op die verdienstelys. Hierdie prestasie alleen maak hom 'n onbetwiste gunsteling om dié naweek met die titel weg te loop. Die afgelope paar weke was Tony se spel egter nie so skerp soos vroeër in die reeks nie.

Daar is egter geen twyfel nie dat die man wat al daarvan beskuldig is dat hy Fred Astaire na 'n standbeeld laat lyk soos hy trippel terwyl hy aanlê om te slaan, die spel het om die titel in te palm. Bloot na verdienste behoort hy die titel te wen.

Chris Williams is wat die Engelse noem 'n "streaky" speler. Op sy beste is hy byna ongelooflik. 'n Man weet egter nooit wat om van hom te verwag nie. Hy kan of baie gemiddeld of skitterend wees. Ek glo nie Chris kan self voorspel wat hy gaan doen nie.

Ander plaaslike spelers wat tans goed op dreef is en 'n gevaar kan inhou, is Gavin Levenson, Jeff Hawkes, Ben Fouché, Bobby Lincoln, Mark Wiltshire en Hugh Baiocchi.

Van die oorsese spelers sal veral Eamon D'Arcy die man wees om dop te hou. Verlede jaar het 'n fout met sy tydsberekening veroorsaak dat hy laat op die bof aangekom het en gediskwalifiseer is in 'n stadium toe hy die Ope kon wen. Die vriendelike Ryderbeker-speler sal bitter graag vir die glips wil vergoed. Hy is goed genoeg om dit te doen.

Mark James is 'n man wat in Suid-Afrika nog nie op sy beste gesien is nie. Niks sal hom 'n groter plesier gee as om tydens die Suid-Afrikaanse Ope die fout reg te stel nie. In Europa is daar groot agting vir sy spel.



John Bland

Saterdagaand sal Suid-Afrika weet wie dié keer sy mees gesogte titel ingepalm het. Die geskiedenis is teen oorsese spelers. Slegs 'n handjievol van hulle kon die titel nog wen.

John Bland....? Kom ons hoop so. Al is dit net om nostalgiese redes.

# Cook kry eer wat hom toekom

Lappe Laubscher

GEE eer waar eer toekom. Die week se sportster is die Transvaalse veteraan, aanvangskolwer Jimmy Cook.

Jimmy het verlede naweek op die Wanderers 'n honderdtal geslaan wat die Curriebeker weer binne bereik van sy span gebring het.

Nadat Transvaal die Westelike Provinsie vir 'n skamele 103 lopies uitgehaal het, het Clive Rice se manne self nie juis geskitter met die kolf nie.

Trouens, sonder Cook se honderdtal sou Noord-Transvaal in Maart Port Elizabeth toe gery het vir die eindstryd om die Curriebeker.

Op 'n baanblad waar geen kolwer gelyk het asof hy lank sou bly staan nie het Cook met die vakmanskap van die werklike meester die beste wat die Westelike Provinsie na hom geboul het afgeweer en 'n beurt gebou wat sy span in staat gestel het om die nodige te doen.

Jimmy is in baie se boekie nie die aanskoulikste kolwer nie. Maar Geoff Boycott sou ook in niemand se boekie as 'n aantreklike kolwer beskou word nie.

Die man van Yorkshire was egter legendaries effektief.

Jimmy raak nou ook legendaries effektief.

Terwyl daar eer en lof aan Jimmy gebring word, moet die naam van Sugarboy Malinga ook genoem word. Sugarboy het in 'n wêreldtitel-geveg in Berlyn met punte verloor. Dit is geen skande nie.

Trouens, as dit nie was dat ons man nie oor 'n uitklophou beskik nie, kon ons dalk weer iemand gehad het wat kon spog met 'n wêreldtitel. Sugarboy het beslis niks gedoen om sy reputasie as 'n bokser en sportman oneer aan te doen nie.



Jimmy Cook

# Jong kolwe klap in WP

Dennis Morris

DIE doemprofete wat voorspel het dat die Westelike Provinsie vanjaar sou sukkel om die mas op te kom sonder sy staatmakerkolwer, Munsoor Abdullah, was toe verkeerd.

Nie alleen is die WP die voorloper in die Howabeker-kompetisie van die Suid-Afrikaanse Krieketraad nie, maar hy is die gunsteling om vanjaar die gesogte beker in te palm.

Om die waarheid te sê, die WP het vanjaar so lekker in die Howabeker baljaar dat daar geen sprake is dat hy Abdullah, wat vanjaar vir Transvaal speel, mis nie.

Twee jong bulle, Faiek Davids en Deon Kemp, albei produkte van die WP se veldtog om nuwe talent te ontdek, is daarvoor verantwoordelik dat Abdullah, op sy dag die mees vernietigende kolwer in die SA Krieketraad, se afwesigheid nie gevoel word nie.

Die twee het vlymskerp kolwe wat nie huiwer om los balle te straf nie.

Kemp, 22, het 'n rukkie gelede Natal se boulers behoorlik laat les opsê toe hy 'n onoorwonne 148 lopies gemoker het om sy span in staat te stel om Natal met 'n beurt te klop.

Hy het die goeie beurt opgevolg met 'n sprankelende 64 lopies teen die Oostelike Provinsie.

Dit was in dié wedstryd dat Davids, 'n onderwyser, weereens bewys het dat hy geen gelyke het nie wanneer boulers gekarnuffel word.

Hy het teen die OP in albei beurte 63 lopies gemoker. In sy tweede beurt, wat onoorwonne was, het hy 'n lopie per minuut geslaan.

Hy het in dié aanslag vyf sesse en twee viere uit die OP se aanval gemelk en 23 lopies in een beurt van die boulwerk van OP-kaptein, Ashwell Frans, geplunder.

Hoewel die WP die wedstryd verspot maklik gewen het, het hy Natal sonder sy kaptein Vincent Barnes aangedurf.

Barnes, die mees gevreesde snelbouler in die Howabeker-kompetisie, het hom weens persoonlike redes onttrek.

Hy het aangekondig dat hy nie vir die res van die seisoen beskikbaar is nie.

Dit tref die sukkelende Natal, wat uit die wedloop om die Howa-beker is, nog harder. Natal word nou net 'n melkkoei vir Transvaal en WP.

# Basson se glipsie oor Curriebeker

Lappe Laubscher

WILLIE BASSON, grootbaas van Noord-Transvaal se krieket, is 'n man wat selde soek na woorde. Die week was hy weer op sy stukke. Nadat Noord-Transvaal met 'n enkele punt nie daarin geslaag het om Transvaal uit die eindstryd om die Curriebeker te hou nie, het hy gesê:

"Aan die begin van die seisoen het ons die nuwe Curriebekerstelsel aanvaar, maar halfpad deur die seisoen het ons gewonder of dit so 'n goeie stelsel is. Nou weet ons die stelsel is verkeerd."

Dié aanhaling van hom kan nog die sportaanhaling van die jaar word. Op die oog af klink die uitlating na 'n man wat suur druiwe het.

As daar egter 'n stelsel is wat die tweede beste span in Suid-Afrika die kans ontneem om in die eindstryd te speel moet daar drasties fout met so 'n stelsel wees.

Nadat Noord-Transvaal tydens die eendagkrieket vroeg in die seisoen soos 'n driepoot-leeu gesukkel het, het die Blou Bulletjie skitterkrieket gespeel toe die Curriebekerreeks begin het.

As Noord-Transvaal egter eerlik wil wees sal hy erken dat sy flirtasies met ingevoerde spelers soos Mike Haysman en Sylvester Clarke waarskynlik meer as die stelsel bygedra het dat hy nie in Maart op St George's Park sal speel nie.

Clarke was onfiks toe hy in Suid-Afrika aangekom het en hy gaan onfiks hier weg. In die proses het Noord-Transvaal die moreel van spelers soos Fanie de Villiers, Gerbrand Grobler en Tertius Bosch nie aangehelp nie.

Die manne het wedstryd na wedstryd hul harte uitgeboul met die swaard van "as Sylvester net reg is" oor hul koppe.

Aan die einde van die dag was Sylvester nooit reg nie.

Dat Fanie de Villiers die seisoen ontwikkel het in die voorste skokbouler in die land, spreek boekdele vir sy karakter.

Saam met Tertius Bosh en Gerbrand Grobler vorm De Villiers nou 'n driemanskap wat heel goed sonder 'n bejaarde Clarke kan klaarkom. Miskien besef Noord-Transvaal dit ook - alhoewel dit betwyfel word.

Die kolwer van die reeks was sekerlik Mark Rindle. Ten spyte daarvan dat hy in Noord-Transvaal se onstabiele kolflys moes kolf, het hy die seisoen afgesluit met 'n gemiddelde van meer as 60 lopies per beurt.

Dis jammer dat Springbokkrieket - vir die huidige altans - net 'n droom is.

Mark het die potensiaal om 'n Graeme Pollock te word.

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg. Die telefoonnommer is 836 7236. Die posadres is Posbus 42637, Fordsburg 2033.
Die blad word gedruk deur Excelsior Drukkers (Edms) BPK van Lautreweg 2, Stormill. Dit word versprei deur Allied Uitgewers Bpk van Wepenerstraat 32, Booysens, Johannesburg.

# VRYDAG

Bylaag tot Vrye Weekblad, 3 Februarie, 1989

## Jeremy Crutchley

**Ondanks sy fenomenale welslae in die teater, is sy eintlike voorliefde katte en rockmusiek. Lees oor sy verhoudings met huisdiere en ander lewende wesens, asook sy groot planne met 'n nuwe ateljee — 7**








## Comrade Chinx
die rockterroris van Zimbabwe - 9

Oor Pole en dooie priesters - 5

Internasionale deurbraak vir Koos - 2

New Yorkse jazz-koning by Kippies - 3

Marna Schoeman versteur drome - 4




Kook met bier - 8 * Antjie Krog oor nuwe kinderboeke - 6

KNIPSELS
saamgeflans deur CHRIS DU PLESSIS

# Vroeg uit die vere vir Kerkorrel en Bles?

## Solo-Rachabane by Kippies



**HIERMEE net 'n herhinnering dat die klein mannetjie met die groot long, Barney Rachabane, nou onder die vlerk van trompet/EVI-blaser Bruce Cassidy uit is en dat hy van sy eie komposisies by Kippies sal speel op Dinsdae, Woensdae en Donderdae vir die volgende paar weke. Dié wat die veteraan-saxman nog nie gesien het nie sal moet sorg dat hulle vroeg opdaag. Hy speel van sowat 8:30nm tot kortby 1vm.**

DIE van julle wat vanoggend vroeg genoeg opgestaan het om na Monitor op die Afrikaanse diens van Radio Suid-Afrika te luister, sou 'n "gesprek" tussen Johannes Kerkorrel van die Gereformeerde Blues Band en Bles Bridges wat vir 7:10 vm geskeduleer was, aangehoor het. Anneli van Rooyen en Christa Steyn het ook deelgeneem. Die kunsredaksie van Vrye Weekblad het NIE vroeg opgestaan om na Radio Suid-Afrika te luister nie (dit het ons laas in 1962 gedoen - onder dwang). So ons sal bly wees om enige lesers wat wel na die program geluister het se kommentaar oor die gesprekkie aan te hoor: Praat met Thabo. Tel 836-7236.



Bles Bridges



Johannes Kerkorrel

## Internasionale deurbraak vir Koos



Die multi-media lidmate van Koos

DIE wêreld se enigste rock-groep wat Koos genoem word het ter elfder ure ingestem om vir die groep Tananas by die Black Sun in te staan hierdie naweek.

Dit is die eerste keer in die geskiedenis van Internasionale Rock-musiek wat Koos instaan vir Tananas. 'n Regte deurbraak.

Tananas sou reeds vandeesweek by die Black Sun begin het maar moes weens "onvoorsienbare omstandighede" eers nog verpligtinge in die Kaap nakom. Hulle sal wel by die Black Sun optree van volgende week af op Dinsdag, Donderdag en Saterdag en die opvolgende week daagliks tot 19 Februarie.

Die groep bestaan uit dromspeler Ian Herman (wat so pas uit Duitsland teruggekeer het waar hy saam met die Genuines getoer het), marambenta-basspeler Gito Baloi en akoestiese-ghitaar veteraan Steve Newman.

Tananas het 'n kontrak met die Franse maatskappy Celluloid (Mathlatin, Clegg) geteken en gaan in Mei/Junie in Frankryk toer. Hulle is intussen hier in SA genomineer vir die OKTV-toekennigs in twee kategorieë.

Ook intussen is Koos 'n ses-stuk (partykeer meer) groep met twee (partykeer meer) sangers en/of sangeresse.

### . . . en Tananas teken 'n kontrak met 'n Franse plate-groep

Wat wel bekend is, is dat Koos onder meer uit professionele akteurs/aktrises bestaan. Gys de Villiers, Marcel van Heerden en Megan Kruskal is lede. Ander lede is weer visuele kunstenaars.

Ook bekend is dat meeste lede (en liede) Afrikaans is. "Ons speel miskien nie kamer-musiek nie, maar wel moontlik muur-musiek" is hulle bekendste aanhaling en hulle opvoering sluit titels soos Sing jy van Bomme en Cowboy in.

Luister maar gerus na die snit wat op Shifty Records se samestelling van nuwe Afrikaanse musiek, Voëlvry, vasgevang is.

**HAAK VAS!** — Plate-resensies deur CHARLES LEONARD

# Die Sonnige Sosialiste van Skotland

* Plate word beoordeel op 'n skaal van een tot tien

**PEOPLE - HOTHOUSE FLOWERS (8)**

People is iets luisterryk wat in dié Ierse kweekhuis uitgebroei het. En dit groei op mense.

Hothouse Flowers se Keltiese soul herinner aan 'n romantiese Van Morrison sonder die mistiese onderbou. Liam ó Maonlaí, die "pin-up" van die oomblik in Ierland, se belade, brandende stem roep soms 'n jong, hongerder Bruce Springsteen op.

Die vyf Dubliniete sing liedjies oor mense, verlore liefde en alledaagshede.

Hulle sing nie waaroor mense verwag inwoners van een van die wêreld se smeulpotte moet sing nie. Al strydpunt wat die manne aanraak is die afskeep wat so dikwels bejaardes se lot is in "Older we get".

Die hoogtepunt op die plaat is "Don't Go" waarop 'n minnaar sy geliefde intens smeek om net nog 'n rukkie te bly - al is dit net totdat die idilliese, soel lente verby is.

People is 'n debuut wat weereens bevestig dat die Iere musikaal rewolusionêr en visionêr is.

Hothouse Flowers gaan nog lank en lustig bloei.

**PASSION - JENNIFER RUSH (2)**

Op 'n mooi dag so paar maande gelede het Jennifer Rush en haar produksieleier, Harold Faltemeier, iewers in Duitsland gesit en gesels.

"My aanhangers dring al weer op 'n nuwe langspeler aan."

"Goed, wat is daardie resep nou weer, Jenny? 'n Paar teelepels stroopsoet ballades, een opgehoopte teelepel duet met watsenaam - Michael Bolton! - Dankie. Nog 'n paar skywe rockers, laag op laag sintiseerders en ghitare.

Wat nog? O ja, voeg liggeklopte, deeglik versapte vokale by, en meng dit deeglik.

Neem dit New York en Los Angeles toe, kook dit daar en siedaar - nog 'n onfeilbare resep."

Terug in Suid-Afrika: As hierdie plaat vergelyk word met die golf van uitnemende sangeresse op die musiekfront, lewer 'n spookasemmasjien 'n langer blywende produk op.

**SUNSHINE ON LEITH - THE PROCLAIMERS (8)**

Die gebroeders Reid, Craig en Charlie, is Skotte wat glad nie suinig is nie.

Op hierdie tweede langspeler van die twee Glen Hicks-eenderslykendes, is hulle vrypostig vrygewig met welbehaaglike musiek.

The Proclaimers se Hoogland-country dek die hele spektrum van humoristiese uitbundigheid tot delikate teerhartigheid.

I'm gonna be (500 miles) skop die plaat op 'n hoë noot af met 'n spinlekker prominente getokkel op die elektriese ghitaar. Die luisteraar word op dié snit reeds getrakteer op die telepatiese harmonieë en sterk melodieë wat kenmerkend van Sunshine on Leith is.

Die Man-in-drag van Downingstraat 10 is hul teiken op die akoestiese, patriotiese Cap in Hand. Heel pittig vertel die Reids dat hulle die verskil tussen botter en margarien ken, "Saskatchewan" kan sê sonder om te hakkel. Wat hulle egter onderkry is dat iemand anders hul land regeer.

Die blues word deeglik verken met Then I met you en My old friend the blues.

Op Sean bewys die twee hulle as goeie ouens wat lief is vir hul ouers en glo dat God bestaan.

Die sonnige sosialiste wonder op What do you do? waar menslikheid heen is met al die fabrieke wat gesluit word in 'n werklose Brittanje. 'n Wenende staalghitaar beklemtoon die desperaatheid.

As die uitgelate I'm on my way, met sy "I'll do my best to keep my feet from the ground dear/ To keep my heart from jumping through my mouth dear", iemand koud laat moet so 'n persoon dadelik 'n naamsverandering na Jimmy Kruger laat doen.

Saturday Night het geen nuwe dilemma as gewonder word of 'n babelaas jou die volgende oggend gaan tref nadat die drankie wat jy nou net gehad het reeds deur 14 ander opgevolg is.

Die plaat word op baldadige wyse afgesluit deur Oh Jean wat die sanger toelaat "to get lucky with you". Regtig 'n klimaks vir 'n genotvolle plaat.



The Proclaimers


"sweet para-dise"



deur andré leto it met gaskuns tenaars PRYS R20 van POSBUS 9588 jhb. bevat meer as 20 NUWE SONGS (uit 'Baar Op De Aar' en 'Piekniek By Dingaan') die eerste boot leg in alternatiewe afrikaans!

## Leone se rampokker-prent by Mini Cine

BO-AAN die lys van kultusprente wat dié maand by die Mini Cine, Pretoriastraat 49, Hillbrow te sien is, is die boeiende dokumentêre prent oor die musikant Isaac Stern se besoek aan China en die herstel van Chinese kunstenaars na die kulturele revolusie. Dit word vandag en more vertoon.

Monty Python se The Meaning of Life is van 6 tot 11 Februarie te sien, terwyl die komediant Lenny Bruce se lewensverhaal, Lenny, van 13 tot 15 Februarie vertoon word.

Volgende aan die beurt (van 16 tot 18 Februarie) is Lord of the Rings, gegrond op JRR Tolkien se boek, en daarna (van 20 tot 25 Februarie) word A Clockwork Orange vertoon.

Sergio Leone se epiese rampokkerprent Once Upon A Time In America met Robert de Niro in die hoofrol word op 24 Februarie om middernag vertoon. Bernardo Bertolucci se liriese aanklag teen die fascisme, 1900, draai van 27 Februarie tot 1 Maart.

Vertoontye is 15h00, 18h00 en 21h00.

# Nuwe gesigte by Truk

DIE aanstelling van Pierre van Pletzen as die nuwe artistieke direkteur by Truk het ruimte gelaat vir 'n paar ander verskuiwings en nuwe aanstellings.



Lynette Marais (links), wat sedert 1982 die hoofbestuurder van die Toneelafdeling was, het die amp as feesorganiseerder van die Grahamstadse Standard Bank Nasionale Kunstefees aanvaar. Sy verlaat Truk aan die einde van Maart.

Mitzi Booysen is aangestel as literêre raadgewer in die plek van Peter Terry, wat tot assistent artistieke direkteur bevorder is.

Stan Booth en Lisa van der Walt is die nuwe bestuurders van onderskeidelik die Engelse en Afrikaanse geselskappe.

Twee vaste akteurs is nuut aangestel. Denise Stock is 'n nuweling wat haar drama-graad aan die Universiteit van Natal verwerf het, terwyl André Jaques van der Merwe 'n reeds bekende akteur is wat onlangs in Here's Van der Merwe en Somewhere on the Border te sien was. Hy was tot Augustus verlede jaar 'n lid van Sukovs en is tans besig met die verfilming van 'n televisiereeks. Hy sluit in April by Truk aan.

Akteurs van die vaste geselskap wat Truk aan die einde van 1988 verlaat het, is: Fiona Ramsay, Stephen Jennings, Glenn Swart en Robert Finlayson.

# Dit spook by M-Net

Debbie Amos

DIT wil mos lyk asof TV1 en M-Net (hoe onwaarskynlik ookal) hierdie afgelope twee weke saamgespan het om met 'n paar lekker rillers vorendag te kom.

M-Net het beslis die pas aangegee met The Fog, 'n rolprent wat bloedorstiges se tone sal laat krul van lekkerkry. 'n Digte mis omhul 'n klein vissersdorpie terwyl 'n ou seerower 'n klompie kinders om 'n kampvuurtjie probeer bangpraat met 'n ou spookstorie. 'n Pragtige omroepster (met 'n hees stem) wens die inwoners van die dorp geluk met hul 100e verjaardag en Jamie Lee Curtis (sy was tonne beter as Wanda) gooi duim langs 'n verlate pad in die donker, oppad na dieselfde dorp.

Die mis sak geluidloos oor alles toe... 'n Figuur met 'n haak vir 'n hand strompel uit die mis en klop aan 'n deur. 'n Onskuldige ou Tannie maak die deur oop en sy word gruwelik doodgekap. Dis hier waar die naby-kameraskote die spanning verbreek en Ma, sonder om gevra te word, gaan koeldrank ingooi, en die fliek verder met 'n knippie sout geneem word. The Fog is nog Maandagmiddag om 15h30 te sien.

TV1 het hierop geantwoord met Stephen King se riller, Firestarter. Daar is seker niks beter as 'n goeie riller met 'n goeie kinderster daarin nie. Dink maar aan die verskriklike Exorcist van 'n paar jaar gelede. In Firestarter vind die verkeerde mense uit van 'n 8-jarige meisie se gawe om vure te begin en haar pa se stryd om haar uit hul kloue te hou, begin.

Nog 'n vreesaanjaende rolprent Daddy's Gone A-Hunting vertoon tans op M-Net en handel oor 'n meisie wat onverwags swanger raak en van haar ongebore baba wil ontslae raak. Sy besoek 'n dokter wat bereid is om haar te help. Haar kêrel verlaat haar as gevolg van die aborsie (ja, is mans nie soms onverklaarbaar nie). In 'n later stadium trou sy met iemand anders, raak weer swanger en dis hier waar die vorige kêrel sy opwagting maak en dis nie om haar geluk te wens nie.

'n Worsteling tussen haar, hom en 'n babawiegie bo-op 'n gebou, is waar die fliek eindig, maar kyk gerus Maandagaand om 22h30 wie die stryd om die wiegie gewen het.

Die fliek Magic wat Donderdagaand om 23h00 op TV1 wys, is beslis 'n sielkundige uitmergeling. Magic was 'n paar jaar gelede al 'n gunsteling op die plaaslike videomark, maar word aanbeveel vir dié wat teen daardie tyd nog nie 'n videomasjien kon bekostig nie.

Anthony Hopkins lewer uitmuntende spel as die skisofreniese buikspreker Corky wat 'n baie bisar verhouding met sy houtpop het. Ann-Margret speel die rol van 'n ou liefde van Corky wie se man hy vermoor om haar terug te wen.

Baie spanning, bloed en skuimende badkamertonele maak die fliek 'n moet.

Wonder wat het van Oom Dracula geword?





Gary Gordon, bo, en Marthinus Basson

# Twee jong kunstenaars vereer

DIE name van twee ontvangers van Standard Bank se prestigetoekennings aan jong kunstenaars is pas deur die 1820 Stigting bekend gemaak. Die twee is Gary Gordon vir dans en Marthinus Basson vir drama.

Marthinus Basson is Kruik se eerste permanente direkteur:drama, en Gary Gordon is senior lektor in beweging- en dansstudie aan Rhodes-universiteit.

Die wenners ontvang 'n persoonlike toekenning van R5 000 elk en word ook genooi om 'n bydrae te lewer tot vanjaar se Standard Bank Nasionale Kunstefees wat van 6 - 14 Julie plaasvind.

Die 1820 Stigting sal binnekort die name van die ontvangers van vanjaar se Standard Bank Jongkunstenaarstoekennings vir skone kunste en musiek aankondig. Vanjaar is die eerste keer dat al vier toekennings in een jaar gemaak word.

## ANC-leier se biografie toegestaan

A WORLD Apart, die biografiese rolprent oor Ruth First, oorlede eggenoot van die ANC- en SAKP-leiersfiguur Joe Slovo, sal binnekort aan beperkte gehore in Suid-Afrika gewys word.

Die appèlraad oor publikasies het ingestem dat die Chris Menges-prent op Festival Films se Internasionale Rolprentfees vertoon word. Die rolprente sal vir drie weke in April by die Seven Arts in Norwood en die Metro, Hyde Park Corner draai.

Barbara Hershey vertolk die rol van Ruth First wat in Maputo oorlede is nadat sy 'n briefbom ontvang het.

# New Yorkse jazz-man speel by Kippies

Andrea Vinassa

RENÉ MCLEAN, die seun van 'n vooraanstaande Amerikaanse jazz-musikant van die vyftiger- en sestigerjare, speel tot 12 Februarie saans van 21h00 tot 01h00 in Kippies by die Markteater.

Waar René vandaan kom is jazz so te sê die familie-beroep: sy pa, Jackie McLean, is 'n alt-saxofoonspeler van die harde-bop-skool van jazz wat vir René as 10-jarige kind aan die saxofoon voorgestel het.



McLean blaas die sax

Pa Jackie het in Harlem grootgeword. Sy vroegste inspirasie het gekom van 'n peetpa wat in die kerk saxofoon gespeel het en later van Thelonius Monk, Charlie Parker en ander grootse jazz-legendes wat destyds in New York gewoon het. Toe hy 19 jaar oud was, het Miles Davis hom aangestel om saam met hom te werk.

'n Mens kan seker sê jazz is in Renê se bloed: volgens 'n artikel oor hom in Massachusetts se Vineyard Gazette is invloede van die ganse jazz-geskiedenis in sy styl te bespeur. Sy hoofinstrument is tenoorsaxofoon, maar hy is heel behendig op die alt- en sopraansaxofoon, fluit en shakuhachi (die Japanse bamboesfluit).

Renê woon deeltyds in Suid-Afrika - tydens 'n toer in 1980 saam met Miriam Makeba het hy sy vrou, Thandiwe, ontmoet. Hoewel die egpaar in New York woon, verkies Thandiwe om tuis te bly wanneer Renê op toer is.

Gevra oor die ironie van 'n swart Amerikaner wat verkies om deeltyds in Suid-Afrika te woon, antwoord René: "Dis nie veel anders as hier nie. Amerika is 'n verskriklike land en hulle wil hê jy moet kyk na ander mense se probleme.

"Rassisme is 'n globale probleem. Selfs in Japan het ons die simbole van rassisme gekry."

Renê het in 1986 'n beurs ontvang van die National Endowment for the Arts om tradisionele musiek in Japan te bestudeer. Daar het hy geleer om die shakuhachi te bespeel en is hy die geleentheid gebied om 'n 380-jaar-oue Nokonfluit te bespeel. Naas John Coltrane, het dié Japanse klanke 'n groot invloed op René se musiekstyl, sê die Vineyard Gazette.

Intussen is pa Jackie 'n hoogleraar in musiek aan die Universiteit van Hartford en glo hy: "There's more to life than blowing sax."

# Magiese wêreld van Schoeman se 'prehistoria'

**Marna Schoeman stel van môre saam met Dick Grobler en Ansie en Len du Plooy in die Markkunssaal ten toon. Resensie deur KATHY BERMAN**

PASOP Pretoria. Net toe júlle dink dis veilig om terug te keer na die veiligheid van julle stemmige Schachat Cullum-droomhuis in die hartjie van vriendelike Verwoerdburg, kom Marna Schoeman om jul Sondagdrome te versteur.

En op haar spore is 'n uiteenlopende versameling fantastiese karakters op soek na 'n voorstedelike speelterrein waar hulle 'n ruk lank kan versuim.

Daar's die tannie van Kerkplein met die pof-haardos en die Egiptiese oë en haar dansmaat, Egyptian, die roofsugtige bobbejaan.

Daar's die Kappie-Kommando op pad na die eeufeesvieringe van die Groot Trek, met verkykers in die hand en sonbrille, terwyl Oom Paul (oftewel die Van Wouw-standbeeld) homself letterlik doodlag oor die affêre.

Rapunzel vlieg deur die lug en 'n alomteenwordige TV-kameraman verfilm alles.

"Verbeel jou jy kom huis toe na 'n tuin vol kameelperde," sê Schoeman in haar sagte stem.

Sy is 'n produk van Pretoria, 'n gegradueerde van Tukkies se kunsskool. Sy brei uit op haar konsep. "En om dit 'n bietjie meer interessant te maak, waarom voeg 'n mens nie 'n loervink, 'n pervert en 'n feëkoningin of twee by nie?"

Schoeman werk soggens as 'n illustreerder en uitlegkunstenaar vir 'n uitgewer - "aan die 'verkeerde kant' van die dorp - dis waar ek my eerste 'Sixties lady' gekry het".

En as haar voorstedelike omgewing haar, wat inspirasie betref, in die steek laat, help die karakters in haar boek-illustrasies haar.

Uit die alledaagse het die begeesterde Schoeman 'n veelkleurige, lewenskragtige mitiese wêreld geskep. Dis subtiele sosiale satire dié, en haar mitologie noem sy "prehistoria".

En in die middelpunt is die "middeljarige" stad Pretoria, kompleet met Unie-gebou, Kerkplein en Burgerspark met moderne rybane, tralie-diefwering en gesnoeide heinings.

Soos iets uit Mad Magazine, is Schoeman se grafiese vertellinge ver verwyder van die abstrakte studies van haar universiteitsjare. "Ons is op nie-figuratiewe studies grootgemaak - lyne en kleure en wat jy daarmee kon maak. Ek was daarmee behep om die medium te leer ken."

Sy verwys na die rolle en rolle papier in die hoek van haar klein ateljee. "Ek het besef dat ek niks gehad het om te sê nie. Ek moes 'n humorsin iewers kry."

En Pretoria is die voor die hand liggende teiken. Met sy bisarre botsing van ideologieë en kulture, het dit 'n vrugbare broeikas geword vir haar komiese drome.

"Myne is eerder sosiale as politieke kommentaar. En dit kom regstreeks uit my eie voorstedelike agtergrond (Wonderboom)." Met 'n bietjie Henri Rousseau, Ferdinand Botero and Amerikaanse naïewe kuns bygesleep vir formele rigting.

Só smelt die alledaagse en die fantastiese saam - die Slapende Skone se bediendes sny haar grasperk en die Feëkoningin word gevang terwyl sy haar onderarmhare in die fontein skeer.

Al Schoeman se fabelagtige karakters spring wonderbaarlik van een kleurryke grafiese skilderagtige omgewing na 'n ander, en so sit sy haar romantiese tog op die magiese pad voort.

Inderdaad 'n ontvlugting van haar samelewing se strawwe reëls. "Almal is op soek na 'n ander wêreld daar binne."



Een van Jacob Lawrence se werke getitel Confrontation at the Bridge (1975)

# Jacob Lawrence stal uit in SA

'N UITSTALLING van 26 tekeninge en afdrukke deur die bekende Amerikaanse kunstenaar, Jacob Lawrence, gaan deur Suid-Afrika toer.

Die uitstalling sal by die Johannesburg Art Foundation tussen 9 en 24 Februarie te sien wees. Vandaar gaan dit na die USIS-biblioteek by die Ipelegeng-gemeenskapsentrum in Soweto (28 Februarie tot 4 Maart) en dan na die Universiteit van Durban-Westville van 9 tot 25 Maart.

Ingesluit in die uitstalling is 'n keur uit die opdragtekeninge van Aesop se fabels asook 15 oorspronklike serigrafieafdrukke.

Lawrence is in 1917 in Atlantic City, New Jersey gebore en het in die meeste groot museums in Amerika uitgestal.

Dié uitstalling wat na Suid-Afrika kom, is reeds baie gunstig ontvang in Zimbabwe. Na die Suid-Afrikaanse toer reis dit na Uganda, Senegal, Ivoorkus, Nigerië, Kongo, Brasilië en Haïti.



Een van Karen Dando se werke

# Germaanse gees in Natalie Knight

DIE Germaanse gees is die tema van die volgende uitstalling by die Natalie Knight-galery.

Dié uitstalling konsentreer op die werk van Karen Dando en Gunter Obojkovits, terwyl die boonste galery 'n versameling van werke deur Joseph Beuys, Penck, Immendorf en Disler sal uitstal.

Karen Dando het haar opleiding in Suid-Afrika ontvang en woon nou saam met haar man Gunter Obojkovits in Wenen - waar albei opleiding ontvang het aan die Academie der Bildenden Kunste.

Die kunstenaarspaar se werke is al in Wenen uitgestal en hulle volgende uitstalling daar is in April. Die werke wat in die Natalie Knight uitgestal gaan word, is gedurende die laaste ses maande in Suid-Afrika gemaak.

## Stephan Bouwer skryf oor die week se TV

# Pleks van Pietie kry ons wyn

IN die jongste uitgawe van daardie hoogs akademiese vaktydskrif, Communicare, maak dr Pieter Mulder (KP-LP en voorheen hoof van die Departement Kommunikasiekunde aan PU vir CHO) behoorlik bors skoon oor 'n kwessie wat hom, oënskynlik, na aan die hart lê.

In die openingsparagraaf van sy artikel is daar dié sielsdeurvorsende vraag: "Is die SAUK deel van die regering se staatspropagandamasjinerie?"

Dit klink na 'n gemene suggestie, maar kyk 'n mens na die foto by die artikel dan getuig dit van 'n gesig wat "mooi, oop en eerlik" is - soos my afgestorwe moeder hom sekerlik sou gekategoriseer het. (En dan was hy boonop 'n hoogleraar aan die Puk!)

Op bladsy 63 raak die jong Mulder 'n bietjie ongeduldig, selfs geïrriteerd: "Die vraag is: waarom het die regering dié afgelope tyd op so 'n blatante manier by die SAUK ingemeng?" En die antwoord: "Omdat die regering in sy denke oor die staat en kommunikasie die SAUK nie as 'n outonome liggaam sien nie, maar as 'n verlengstuk van die Nasionale Party."

Verlede Vrydagaand om 20h45 - in die langste advertensieflits wat die SAUK nog toegelaat het - het die ewe innemende Riaan Cruywagen, geraam in 'n medium-nabyskoot, die volgende konstatering oor die "beheer en finansiering" van die Korporasie gedoen: "Daar is geen staats-voorskrifte of staatsbeheer nie."

Ek dink nie enige van dié twee gerespekteerde media-eksperts wil vir 'n leuenaar aangesien word nie, en daarom sal 'n spoedige Netwerk-debat nogal help om verwarring uit die weg te ruim. (En, wat wo! laat Bill Craig van Melville hulle spoggerig aantrek vir so 'n verskyning... Bill se veelvuldige titel-vermeldings in ander programme impliseer tog al klaar dat hy besig is om TV se garderobe-meester te word!)

En so van Netwerk gepraat... Dié program is regtig nie altyd so lekker nie. Verlede week het ons almal, vanweë die skok, ons bekers koffie op die oggendkoerant gestort toe ons lees dat Pietie du Plessis "uit" is. Daardie aand het ek, en seker baie ander nuuskieriges, voor die Sony gaan sit - wagtend op insiggewende reportage.

Ag, enigiets sou deug! 'n Kort dokumentêre bydrae; uittreksels uit sy onlangse openbare optredes; herinneringe aan sy droewe kollegas - selfs tuisgemaakte video's van Du Plessis's plassend in Plettenbergbaai of braaiend in Ballito.

Maar nee, ons sien toe drie "talking heads" wat heel kapitalisties oor die wynbedryf spog en onsin praat. Daarmee is eintlik geïmpliseer dat wyndrinkery belangriker is as die feit dat 'n minister, met 'n misterieuse oorhaastigheid, die aftog geblaas het.

En dan praat 'n mens nie eens van die feit dat die meeste wyndrinkers, teenswoordig, beswaarlik 'n bottel White Malmsey kan bekostig!

Sondagaand se Network was meer ter sake. 'n Groot ateljee-gehoor van sportkundiges is byeengebring om oor die "krieket-kwessie" te treur.



'n Verbouereerde John Bishop het nogal probleme ondervind met die beheer van sy spannetjie - maar "the bottom-line at the end of the day", om 'n neulende ateljee-gas aan te haal, is dat sport/geld/politiek - in Suid-Afrika - onontwarbaar geraak het.

# Politieke rondomtalie stemmingsvol verbeeld

**To Kill A Priest. Met Ed Harris, Christopher Lambert, Cherie Lunghi. Regie: Agnieszka Holland. In teaters van Ster-Kinekor. Resensie deur FELICE ORSINI**



Christopher Lambert bedien die sakrament met meer charisma as talent

DIE liberale rolprentkuns word daardeur gekarakteriseer dat die skurk 'n kans kry om homself te verdedig. Sy verknorsing word met empatie uitgebeeld. Sy menslike toestand word objektief benader. Die rolprentmakers kies nie kant nie.

To Kill A Priest is so 'n prent. Agnieszka Holland, 'n Poolse banneling wat haar geboorteland verlaat het nadat een van haar prente verban is, maak die stelling met die prent dat daar geen reg of verkeerd is nie. Politiek is slegs 'n reaksionêre rondomtalie.

Die prent draai rondom die moord deur drie lede van die veiligheidspolisie op 'n priester wat hom geskaar het by die demokratiese arbeidsbeweging, Solidariteit. Dit is losweg gegrond op die ware verhaal van Vader Jerzy Popieluszko wat deur in 1984 deur Poolse veiligheidsmagte (drie jaar nadat Poolse militere owerhede krygswet afgekondig het) vermoor is.

Die priester is nie, soos die titel aandui, die hoofprotagonis nie. Dit is die veiligheidspolisieman, Stefan (Ed Harris). Hy is ook die "brein" agter die moord.

Die mag van die staat en die magteloosheid van een mens daarteen word deur die rolprentmakers met 'n ompad benader.

In 'n poging om Stefan se motivering te verduidelik, word heelwat moeite gedoen om sy liefdevolle verhouding met sy seun uit te beeld. Hy word in allerlei intieme huislike situasies gesien.

Twee vorme van patriotisme word deurentyd teenoor mekaar afgespeel. Stefan se perverse, pragmatiese patriotisme teenoor die vurige patriotisme van die priester wat God aan sy kant het.

Stefan huil dikwels wanneer hy dink aan sy land, en mens het empatie daarmee. Op emosioneel humanitêre vlak boei die verhaal seker - omdat 'n mens kan identifiseer met Stefan se ontsteltenis wanneer sy huwelik begin verbrokkel as gevolg van sy beheptheid met die priester. Maar ideologies is die prent hoogs verdag.

Visueel is To Kill A Priest asembenemend. Tegnies spreek die prent van voortreflike vakmanskap wat 'n mens van 'n Oos-Europese regisseur verwag, maar deur ideologiese vraagstukke netjies te omseil het die rolprentmakers die geleentheid laat verbygaan om die fassinerende geskiedenis van Oos-Europese Sosialisme te analiseer. Die konflik tussen Stefan en sy pa - en die gemompel oor Stalin en Lenin - is nie genoeg om 'n mens se nuuskierigheid te bevredig nie.

Die sleutel tot die prent is die toneel waarin Stefan met sy pa stry oor die politiek, maar ongelukkig het niemand dit in die sleutelgat gedraai nie.

Die besluit om 'n politieke debat te omseil is To Kill A Priest se swakheid.

## 4AD se prente vir die Somer-seisoen

DIE derde seisoen van die 4AD Rolprentvereniging skop vanjaar af met 'n algemene vergadering voor die eerste rolprent, Repulsion, om 7.45 nm op 5 Februarie. Alle lede word uitgenooi (gaan fliek een keer jy's 'n lid).

Vertonings is op Sondae-aande by die Kine Corlett VIP, Louis Bothalaan. 4AD se program vir die seisoen is soos volg:

Die eerste rolprent van die nuwe seisoen is Roman Polanski se Repulsion wat handel oor 'n jong meisie se verval in die draaikolk van waansin. Met Catherine Deneuve en Ian Headry.

Op 12 Februarie word Monty Python's Flying Circus vertoon waarin John Cleese se berugte Ministry of Silly Walks te sien is.

### Nagmerrie

Op 19 Februarie draai Werner Hertzog se Aguirre, Wrath of God, die epiese, intellektuele verhaal van 'n half-gek 16de eeuse Conquistador wat vasberade is om die mitiese stad van El Dorado te ontdek. Dit is nie te vêr van die konvensionele riller verwyder nie en neem weldra, soos die ekspidisie vorder, die stemming van 'n nagmerrie aan waarvan niemand kan ontsnap nie.

Op 26 Februarie word nog 'n Polanski-fliek vertoon. In Cul de Sac sal kykers hulle vasstaar teen 'n eensame kasteel, die bisarre inwoners, die teruggetrokke eienaar en sy verveelde maar wulpse eggenoot wat hulle oorgee aan hulle eienaardige fantasieë. Dit is die galge-komedie, van galg-komedies waarin Polanski deur middel van perverse nagmerrie-beelde kommentaar lewer op die eietydse samelewing. Met Donald Pleasence.

### Riller

Op 5 Maart wys Alain Resnais se Hiroshima Mon Amour. 'n Verhaal van die verhouding tussen twee mense: een 'n Franse vrou, die ander 'n oorlewende van die Hiroshima-ontploffing. Frans met Engelse onderskrifte.

Op 12 Maart is Francis Ford Coppola se Dementia aan die beurt. Dié riller is een van sy eerste pogings.



## Caan word 'n Alien

**HET die vervaardigers van Alien Nation vir James Caan in die hoofrol geplaas omdat hy so baie lyk na die inwoners van die ander planeet wat die aarde besoek? Dit is die groot vraag. Want na URE in die grimeringsalon is dit baie moeilik om die verskil tussen die "Aliens" en Caan te bespeur (sien foto). Ondanks die verwarring en nagmerrie-beeld (kan enige iets erger wees as 'n hele kamer vol, nee, VOLK van James Caans?) lyk die storie heel interessant.**

**Die "Aliens", 'n ras wat geneties vervaardig is vir harde-arbeid, se ruimteskip val in die Mojave-Woestyn in Kalifornië. Na 'n tydperk van kwarantyn word hulle deur die aardbewoners aanvaar.**

**Die verhaal fokus op twee speurders, een van elke "ras", wat hulle wantroue vir mekaar tersyde moet skuif om 'n moordsaak op te los.**

# Amerikaners sou dit beter kon doen

**Changing Places. Met Renee Soutendijk, Monique van de Ven, Edwin de Vries, Sunny Bergman. Regie: Nouchka van Brakel. In Metro-bioskope. Resensie deur FELICE ORSINI.**



Monique van de Ven en Renee Soutendijk — op soek na die grense van hul vroulike identiteite

CHANGING PLACES het as 'n geklassifiseerde advertensie in New York se Village Voice begin. Dit kon maar in New York gebly het.

Die Nederlandse skrywer en kritikus Jan Donkers het dié advertensie gesien waarin 'n gefrustreerde huisvrou gevra het vir 'n enkellopende vrou om lewens mee om te ruil - en 'n hoogs suksesvolle toneelstuk daarop gegrond.

Alles goed en wel. Tot die rolprentvervaardiger Matthijs van Heiningen besluit het om munt te slaan uit die welslae. Met die winsgewende Amerikaanse mark voor oë, het Van Heiningen en sy maters 'n onhandige, onsnaakse feministiese komedie geskep waarin die Nederlandse akteurs Engels vol liederlike Amerikanismes praat.

Die regisseur, Nouchka van Brakel, kom 'n lang pad saam met die feminisme en is die skepper van verskeie "sensitiewe" en "insigryke" vroue-prente soos Anyone Who is Born a Girl Can Never Be a Boy en A Woman Like Eve en is duidelik nie tuis in die komedie-genre nie.

Die verhaal van die huisvrou Elizabeth (Renee Soutendijk) se soektog na "die grense van haar identiteit" word in 'n verleë, gedwonge toon vertel: Elizabeth hunker na die vryheid wat haar sal toelaat om verlief te raak op 'n rock-musikant wat nog nat agter die ore is, en wanneer die enkelloper Monika (Monique van de Ven) haar in Elizabeth se huis bevind, raak sy onmiddellik versot op haar middelklas-huwelikslewe.

Van Brakel is 'n vrou wat haar feminisme ernstig opneem en verklap 'n irriterende gebrek aan self-ondersoekende humor. Sy is nog opgeskeep met hippie-temas wat veral in die Nederland van die sewentigerjare gebloei het .... soos vrye liefde en "oop" verhoudings. Die Amerikaners sou byvoorbeeld dié onderwerp met heelwat minder genade aangepak het.

Die dilemma van die hedendaagse vrou om sowel 'n loopbaan as 'n gesinslewe aan die gang te hou, is te simplisties en ouderwets.

## BOEKE

# Swart en bruin kinders word 'stories werd'




Onder redaksie van
MARKUS LEO
VERMEULEN



**ANTJIE KROG resenseer 'n besending nuwe kinderboeke, en gee raad vir ouers wat hulle kinders die plesier van lees wil leer**

**'N KIND wat lees, lewe vele lewens, reis vele plekke, sien vele kante. 'n Kind wat lees is ryk met 'n rykdom waarvan hy nooit beroof kan word nie.**

Ons kinders kan beleef hoe woon kinders in Engelenad (Shirley Hughes se boeke) Swede (Astrid Lindgren), Lapland, Spanje, Japan... Kinders kan saam met prinsesse, drake en reuse en klein diertjies leef. Die kind kan op Afrikaans koeie hoor loei, en egskeiding, molestering en die dood ervaar.

Maar 'n paar kilometer van waar hy rustig op 'n mat lê en lees, is daar 'n lewe waarvan hy g'n snars weet nie. Swart kinders sien hy dan en wan in winkels, maar hoe hulle leef en speel is vir hom verder en onbekender as Amerika.

En, kan 'n mens byvoeg, terwyl swart kinders nuuskierig deur wit woonbuurte beweeg, is daar selde by die wit kind 'n drang om te weet wat eet, waarmee speel sy swart eweknie.

Dis dalk 'n onbewuste wegskram van 'n area wat vir hom onbevoorreg lyk, maar waarom is stories van weeskinders en arm gesinne dan so gewild?

Ek wonder baie hieroor, maar kon nog nie so ver kom om te vermoed dat die wit kind dalk alreeds aanvaar dat die swart kinderwêreld niks kan bied wat benydenswaardig of wonderingswekkend is nie.

Ewenwel. Daar verskyn deesdae heelwat kinderboeke met gewone universele temas waarvan die karakters swart is. Dis boeke wat kinders uit hul aparte leeswêrelde kan help. Waar kinders ookal bly, watter kleur hulle ookal is, hulle voel en doen dieselfde goed.

Daarvan spreek Die Lappieskombers en 'n Vyeboom soos min (deur Elizabeth Andrew wat verskyn het by Human en Rousseau), 'n Maat vir Mayedwa (Marjorie van Heerden by Human en Rousseau), Nie so vinnig nie, Songololo! (deur Niki Daly Human en Rousseau).

Ek kan my skaars voorstel hoe heerlik dit vir die swart en bruin kinders moet wees om hulself te eien en prente van hulle landskappe te herken. Om deel te word van die eksklusiewe groep wat inderdaad "stories werd is".

Dis ook verfrissend dat die boeke nie teruggryp na die tradisionele nie, nie vertel van skilde en hutte nie, maar van townships en getalle. Daarmee onderskei dié land se boeke hulle onmiddellik as eg van hier.

'n Paar van die boeke wil ek uitsonder as besonder geslaagd.

Mens kry mos luiperds en mens kry leeus deur Mike Kantey, illustrasies deur Nelda Vermaak. Human en Rousseau, R10.95 plus AVB.

Moenie dat die dooierige voorblad jou afsit nie. Binne is die lewendigste sketse en die egste verhaal denkbaar.

Nêrens is tekens te bespeur van kyk-hoe-probeer-ons-van-Afrika-wees nie, dog die verhaal dra 'n toekomsvisie wat lank laas in Afrikaans gehoor is. (Voorlees 5 tot 6 jaar, selflees Graad 2.)

**MY DRUM, saamgestel deur Meyerowitz, Copans en Welch, Hippogriff-uitgewer, R14.50 plus AVB.**

Die voorblad is 'n onvergeetlike Piece Peace Parade deur Norman Catherine. Daarvoor alleen kan 'n mens die boek koop en dit met jou kind bespreek. Dit is iets om 'n mens in te verkneukel.

Die inhoud self is 'n fees: dit wemel van Zoeloeliedjies, versierde malkopletters, musieknotasies (selfs met aanduidings waar jy hande moet klap of voete moet stamp), spore van diere, aanduidings van hoe om poësie te ontdek of jou eie te skryf, en 'n openhartige uitsê van dinge: "In the midst of trouble and sorrow/ We left our children at home/ Children full ot tears./ Crying tears: "Father is gone... God help fathers to return/ Happiness is returning with spears."

Dié woorde is geskryf deur 'n Sotho trekarbeider. Sommige ouers sal heelwat moet verduidelik.

Die lekkerste in die boek vir my is die Azanian Abecedarius: "Antbear, antelope, caracal, chat,/ Bokmakierie, bulbul, mongoose, bat..." wat triomfantelik eindig met: "Fish and insect, flock and herd,/ Welcome the return of the Amasi Bird."

Gegrief, ja, gegrief en woedend vra ek: waar is die Afrikaanse weergawe? Teen dieselfde moeite waarmee die Eugene Marais en Van Wyk Louw-gedigte daarin vertaal is na Engels, kon die inhoud vertaal gewees het in Afrikaans. Seblief, pleit ek, moenie dat daar weer eens 'n groep kinders beroof word van inbeweeg in 'n nuwe era nie.

**BOEKE VIR VOORLEES IN KINDERTUINSTANDERDS**

In beide die Rivierplaas- en die Bergplaas-stories teken Alba Bouwer die verhouding tussen wit en swart en bruin plaaskinders op so 'n wyse dat 'n trotse menswaardigheid na vore kom.

**BOEKE VIR STANDERDS EEN EN TWEE**

Matoli, die bekroonde jeugwerk deur Etienne van Heerden, is 'n moderne plaasverhaal oor kinders. Die rassespanning word tot breekpunt toe hanteer, sonder dat iemand 'n karikatuur word. Kinders wat polities bewus is, sal hierdie boek baie stimulerend vind.

**SELFLEES**

**Engels:**

Iggie's House (Judy Blume) is geskik vir standerd 3 en 4.

Wit Oemfaan (deur FA Venter) is wel tekenend van eertydse stereotipes, maar dit was 'n treffer by my seuns ná hulle uitgelees was aan Jasper.

Borderline (Ann Dymond), Love, David deur Dianne Case, Strollers deur Lesley Beake.

**Afrikaans:**

Die inkvoël (Maretha Maartins).

Die sakmense (Maartins).

Donkerboskind deur Louis Krüger.

Gelukbringer deur Empie Maritz.

Van Motho en van mens deur Elsabe Steenberg.




## Prontuit deur Gerrit Olivier

# Alternatief is onsin

ONS sit op die voorstoep en ek sê vir Marie, daardie witstinkhoutjie wat hier opgekom het, sal ek môre vir jou uithaal sodat jy dit in 'n pot kan sit. Het jy al gehoor van die alternatiewe Afrikaner?

Dit het nou al so 'n begrip geword dat ons dit met hoofletters moet spel: Alternatiewe Afrikaner. Vandat Hilary Prendini Toffoli ons uitgesnuffel en daaroor verslag gedoen het in Highveld Style, weet hulle ook noord van Empireweg van ons.

In die jongste uitgawe van dié salonblad is daar 'n foto van die redaksie van Vrye Weekblad, met 'n glunderende Max du Preez voorop, 'n foto van Johannes Kerkorrel in die Warehouse en een van Hans Pienaar agter 'n tikmasjien met 'n eksemplaar van Forces' Favourites in die hand, glunderend.

Hilary Prendini Toffoli het van ons 'n besienswaardigheid gemaak. Dit strek haar tot eer dat sy ons nie uitbeeld as artistieke welwillendes uit die sagte sektor wat grootogig in Melville rondloop nie. Rn tog voel ek alles behalwe gevlei.

Toffoli se beeld van die Alternatiewe Afrikaner word bepaal deur: Vrye Weekblad, Taurus, Johannes Kerkorrel, die nuwe Afrikaanse teater en Elizabeth Lemmer. Sy laat almal van hulle lyk na mense met heelwat ontevredenheid maar min doelgerigtheid, soms byna na heroïese sukkelaars.

Miskien moet 'n mens self 'n Afrikaner wees om te weet dat byna alle selfrespekterende lede van dié groep deesdae alternatief wil doen. Dis 'n geween en nie meer bon ton om die ou orde met oorgawe te verdedig nie. Die bewonderaars van Botha en trawante - waar is hulle?

Waar stedelike Afrikaners vandag byeenkom, word apartheid deur die bank verdoem. Daar word gekla oor die onnoselheid en vermetelheid van die regering, oor die rampsalige toestand van die ekonomie. Ensovoorts.

Maar die volgende dag gly die land nog 'n entjie verder in die rigting van 'n korrupte tirannie. En ontstaan die vraag: kan die sogenaamde Alternatiewe Afrikaner tot meer in staat geag word as 'n periodieke uitbarstinkie teen die heersende magte? Sal hy nog bestaan as hy nie sy weeklikse grappie oor Rozanne Botha kan maak nie?

Sit goeie grond in die pot en gee jou witstinkhoutjie baie water die eerste ruk. Ons is in ons selfvertroetelde alternatiwiteit vasgevang net so seker as mev Boshoff wat by Bloedrivier 'n wêreldvreemde strydgedig voorgedra het.

Ons kan wat dit betref 'n bietjie by die taalfilosowe in die leer gaan. Elke term wat in teenstelling met 'n ander term verkeer, is vir sy inhoud en betekenis afhanklik van daardie term. Overgezet zijnde: geen anti-apartheid sonder apartheid nie; geen Alternatiewe Afrikaners sonder Afrikaners nie. Dis 'n semantiese speelparkie waaraan ons verknog geraak het.

'n Siekte van hierdie land is dat elke praatjie mettertyd in 'n sedepreek ontaard. Myne ook. Laat ek dus maar voortgaan.

"Die Afrikaner" as politieke begrip is 'n teoretiese uitvinding, 'n mite wat oor dekades heen opgebou is. En die Alternatiewe Afrikaner, helaas, is 'n wilde groeisel aan dieselfde loot - skilderagtig en kleurryk miskien, maar uiteindelik niks meer nie as bladvulling in Highveld Style.

As 'n mens die Afrikaner-volksmenners vandag lees, kom jy gou agter wat die woord "Afrikaner" onder andere is: 'n groot ideologiese konstruksie wat as regverdiging gedien het vir onderdrukking en uitbuiting.

Dis al 'n hele bevryding om so iets te besef. En dalk bring dit ons 'n bietjie nader aan 'n "alternatief" in die ánder woordeboekbetekenis van die woord: nié as keuse tussen twee moontlikhede wat mekaar wedersyds definieer nie, maar as iets nuuts wat die voorafgaande uitsluit en oorbodig maak.

By daardie punt sal die Afrikaner en sy Alternatiewe agterryer slegs uitkom in samewerking of vereenselwiging met ander mense. Die Afrikaner kan homself nie vernuwe nie.

Laastens wil ek iets duidelik maak aan Hilary Prendini Toffoli: die begrip Alternatiewe Afrikaner is nie ons s'n nie, maar onsin.

# Jeremy - op die dun draad tussen waansin en sielerus

**Mens kry die gevoel Rex Garner het spesiaal 'n paar bykomstige spraaklyne in Murder on the Nile gevoeg sodat Jeremy Crutchley sy sinisme kan uitleef. Sy openbare beeld van 'n androgene hofnar word gedurig deur alles en almal beklemtoon. Behalwe deur Jeremy self. CHRIS DU PLESSIS het met hom gaan gesels**

DIT lyk nie of Jeremy Crutchley hom veel bekommer oor die toekoms nie. Maar hy sal jou anders vertel. "Of course I think about the future," sê hy. "It's the next thing that comes up."

Hy het ons eerste afspraak gemis. Hy was in 'n motorongeluk betrokke. Sy motor is vol duike (hy het my gewys). Die ander man se motor makeer feitlik niks.

Met die tweede poging begin hy die onderhoud met 'n vraag: "Hoekom wil julle 'n onderhoud met my voer?"

Daar is gemaklike antwoorde op so 'n vraag. Dinge soos: Jy is 'n openbare figuur. Ons SKULD dit aan ons lesers, ensovoorts ensovoorts.

Maar die manier waarop hy dit vra laat mens nie toe om sulke snert kwyt te raak nie. Ons verval vir 'n wyle in 'n onsamehangende gesprek oor metafisiese verbintenisse voordat dinge weer vereenvoudig: "Ek stel belang in wáárom mense met my wil praat. Baie joernaliste...die laaste onderhoud wat ek gevoer het, is ek as sekssimbool voorgestel."

Ek het 'n belaglike behoefte om te verduidelik dat ek nie hom of enigiemand anders as sekssimbool of enige ander simbool wil voorstel nie. En die idee van 'n "not just a pretty face"-tipe opskrif is buite die kwessie.

Die aaklige feit is dat Jeremy wel 'n eh...sekssimbool is.

Die redes vir sy aantreklikheid wat die rondte doen wissel. Sy androgene voorkoms, sy ENERGIE, sy sporadiese sarsies waansin, sy stroomaf sin vir humor en sy Rubens-agtige vel is 'n paar wat ek al gehoor het.

Wat ookal die redes, hy sal moet lewe met die vloek dat hy as een van die dorp se mees hubare jongmans beskou word - hoe ergerlik dit vir hom (en ander mense wat hulle nie oorgee aan sinnelose fantasieë nie) mag wees.

Tydens die vertoning van Rex Garner se verwerking van Agatha Christie se Murder on the Nile het al wat 'n "moffie" en vroumens is gesug toe hy op die verhoog verskyn.

Dit klink miskien "corny" - dit was sy woord - maar sy sensualiteit is 'n natuurlike uitvloeisel van sy persoonlikheid. "Ek is al baie gekritiseer oor hóé en wát ek aantrek asook oor my grimering. Klere is visueel, sensueel. Dit is sosiale inligting. Ek geniet dit om dié soort inligting oor te dra en dit van ander mense te ontvang. Ek doen dit sonder om daaroor te dink. Dis jammer as dit ander mense pla."

Hy erken dat hy by geleentheid 'n streep (maskara - oor sy wenkbrou of wang) trek, of 'n paar botsende kleure saamflans om reaksie uit te lok. Maar dit is slegs met spesiale geleenthede.

Dit kon Carl Jung (of Groucho Marx) gewees het wat gesê het die man se skeppende vermoëns is gesetel in die vroulike sy van sy persoonlikheid en die vrou s'n in die manlike sy. Die teorie werk in Jeremy se geval tot sy voordeel.

Jeremy is nou 32 jaar oud en hy is bly om dit te wees. "Ek het nou 'n verwysingsraamwerk," verduidelik hy. "Ek word professioneel erken en ek kan terugkyk na wat ek gedoen het." Maar die feit dat hy nou "settle" ontstel hom nog. Daar is iets skrikwekkends daaromtrent.



Jeremy Crutchley — Nie "nie net 'n mooi gesig" nie

*Foto's deur Andrea Vinassa*

Daar is ook iets teenstrydig aan die feit dat Jeremy, wat bekendheid verwerf het as 'n soort kultus-akteur, gereeld in "populêre" teaters optree. Maar hy verdedig homself en vir Pieter Toerien: "Wat mense nie besef nie, is dat Pieter Toerien nie die goeie stukke soos Equus sou kon aanbied as dit nie was nie vir die ander, meer kommersiële opvoerings wat hom in staat stel om dit te doen".

Jeremy se "Britsheid" is opvallend. Hy lyk asof hy 'n produk is van jare se blootstelling aan Beano en Tiger Comix. Asof hy die stuitigheid van Willis (van die Bash Street Kids) vir ewig met hom sal saamdra. Hy sê ook: "God forbid that I lose the child in me."

Jeremy se Engelse "fun-punk"-beeld spruit daaruit dat hy wel Brits is. Hy is in Wallis gebore. Hy het eers op die ouderdom van 16 na Suid-Afrika gekom met die voorwaarde dat sy ouers vir hom 'n hond koop - hoewel hy heelwat maller is oor katte.

Hy lei nog steeds twee lewens. "Ek voel intens patrioties teenoor Suid-Afrika. Ek het soveel hier ervaar, energie gegee en ontvang. Soveel teleurstellings en hoogtepunte..." Maar daar is nog 'n groot deel van hom wat met Engeland identifiseer. "Ek voel ek het iets daar verloor. Ek moet dit ook nog ontgin." 'n Vriendin in Londen met wie hy die afgelope vier jaar 'n "vaste" langafstandverhouding het, het ook seker iets daarmee te doen.

Volgens lede van die publiek loop Jeremy Crutchley miskien nog steeds willekeurig op die dun draad tussen waansin en sielerus, maar ek kan met vertroue aankondig dat hy verlede Saterdagmiddag vir drie uur lank uiters onpretensieus, hoogs samehangend, verfrissend moreel en...OKAY, redelik sexy voorgekom het.

## Intussen word die fondamente van 'n nuwe ateljee gelê . . .

**Chris du Plessis**

"WIL jy aansoek doen om lidmaatskap van die Divine Existentialist Movement?" vra Zach Haines in die kombuis van die huis in Houghtonrylaan 65. Dié kombuis is deel van die huis waarin Zach, Alex Jay (die DJ onthou?) en Jeremy Crutchley besig is om 'n nuwe musiek-atlejee in te rig.

Soos met alle mense wat nuwe projekte begin, is hulle VOL planne vir dié ateljee.

Wat dit beteken om 'n lid te wees van die Divine Existentialist-beweging (DEM) is egter die belangrikste vraag.

"Ons het nie lede nie, net aansoekers," sê Zach.

Hy skuif 'n aansoekvorm oor die tafel. "Moet ek dit invul?" is die ooglopende vraag. "You don't HAVE to do anything in the DEM, that's one of our major stipulations," volg die aanvaarbare antwoord.

Zach, Alex, Jeremy en sowat 240 lede van die publiek het al aansoek gedoen, maar die ateljee is belangriker as die beweging. Die mini-opnamekamer is reeds voltooi en 'n groot kamer aan die ander kant van die huis bevat 'n warboel van spykers, saagsels en planke. Die plan is om dit in 'n "live"-ateljee te omskep waar opnames van orkeste gemaak kan word. Dié ideaal is egter nog sowat 'n halfmiljoen rand buite bereik.

Maar, beklemtoon Alex, hulle sal dit kry. "Ons sal begin met die gewone geldmaak-goed, musiekklankbane vir advertensies en so aan om genoeg geld te kry om ons eie ding te doen." Deel van hulle eie ding is Girls with Guns, die rock-groep waaraan hulle al drie behoort.

Jeremy se voorliefde vir die elektriese ghitaar oorskry nog steeds sy liefde vir die teater. Alex speel klawerborde en Zach die bas. Hy (Zach) is, volgens Alex, beter as Baghiti Khumalo. Zach dink nie so nie, maar hy sal graag vir Khumalo in die ateljee wil sien.



Alex Jay, Jeremy Crutchley en Zach Haines tydens 'n ontsettend ernstige vergadering in die nuwe ateljee.

Hulle wil ALLE goeie plaaslike talent net daar in die ateljee vasvang en vermeng. Zach, vir jare al 'n ateljee-musikant, stel baie belang in Afrika-musiek. Alex voel weer mengsels van mbaqanga-crossover moet nie gedwonge wees nie. Jeremy dink nog Britse-rock. Teen enige standaarde gemeet is hulle 'n goeie kombinasie om Suid-Afrikaanse musiek te bevorder.

"The most important precondition for the whole project is that we must have FUN," sê Alex, wat vandag redelik ernstig is.

Al drie se lewenslange droom word hier tussen die splinters bewaarheid. Hulle ken mekaar al jare lank. Zach het destyds vir Jeremy ontmoet toe hulle albei in Sloper opgetree het. Jeremy en Alex deel al 'n huis van die dae toe kommunes nog IN was.

Intussen sal Alex nog satellietnar oor die SAUK-eter speel (met ander woorde hy gaan gewis NOG nie verdwyn uit die openbare oor nie), Jeremy sal 'n paar teaterpryse inpalm en Zach sal nuwe lede werf vir DEM.

O jaaaa! DEM.

"We wish to emphasize the right for humans to be inconsistent," sê Zach.

Right, that does it. Plaas my op die aansoeklys.



## Opvoeding uit ander oogpunt

**'n Skeptiese oorsig van die Suid-Afrikaanse opvoedingstelsel word van Sondag vir 'n week in die Black Sun, Louis Bothalaan 262, Orange Grove, opgevoer. Die stuk is geskryf deur lede van Bachaki Theatre Artists. Jake Mochidi Chika en Thulani Sifeni (bo) speel in Top Down, waarvan die regie deur Muntu Wa Bachaki behartig word. Vertonings begin om 20h30.**

# Vergeet van kookwyn — en kook met bier!

KOOKWYN is 'n vloekwoord.

Baie mense dink jy kan enige minderwaardige wyn in kos gooi en siedaar - 'n wonderlike gereg. Ongelukkig werk dit nie so nie. Kos kan niks beter wees as die gehalte van die bestanddele wat gebruik word nie. Swak wyn in 'n gereg gee jou doodeenvoudig 'n swak gereg.

Die Amerikaners in die rekenaarwêreld praat van die "Gigo principle" - garbage in garbage out. Die Gigo-beginsel is ook op kos van toepassing. Garbage in garbage out, en dit staan soos 'n paal bo water.

Vandag wil ek egter nie oor wyn in kos skryf nie, maar oor bier. Die Vlaminge het 'n heerlike bredie wat met bier gemaak word. Dit staan as Carbonnade de Boeuf à la Flamande bekend, maar kom ons noem dit sommer bief-karbonnade.

Die woord karbonnade is afgelei van "carbon" (houtskool). Heel waarskynlik is die vleis vir hierdie gereg oorspronklik eers op houtskool effe gaargemaak, en dan saam met die bier en die ander bestanddele in die pot gesit.

Dit word vandag nie meer gedoen nie, maar houtskool sal waarskynlik die smaak van die bredie effe verander.

In Vlaandere kry jy blykbaar 'n tipe ui met 'n baie sterk smaak. Dit gee aan die gereg 'n baie kenmerkende smaak. Hoewel ons uie seker nie dié smaak het nie, kan ons nog steeds 'n uitstekende gereg maak.

Gebruik 'n sterk bier met smaak. Ek het onlangs Hansa Tafel in 'n drankwinkel gekoop, en hoewel ek nog nie karbonnade daarmee gemaak het nie, kan ek my voorstel dat dié bier uitstekend sal wees. Ons eie Castle maak ook 'n goeie karbonnade.

## BIEF-KARBONNADE

**Gebruik die volgende bestanddele:**
**80 ml olie**
**30 g botter**
**1 kg bees-dikrib, in vier dik skywe gesny**
**45 g koekmeel**
**1 liter bier**
**300 ml vleisaftreksel (los een blokkie aftreksel in water op)**
**sout en peper na smaak (wees versigtig met die sout omdat die aftreksel klaar sout is)**
**knippie fyn neutmuskaat**
**bouquet garni (wat bestaan uit 'n bossie pietersielie, een lourierblaar en 'n takkie of twee vars tiemie - bind alles met 'n garinkie aanmekaar vas)**
**2-3 broodrolletjies met taai korsies**
**1-2 eetlepels goeie mosterd (Dijon-mosterd is duur maar baie lekker)**

Stel die oond op 200 grade Celsius (400 grade Farhrenheit). Verhit die helfte van die olie saam met die botter in 'n braaipan, en braai die vleis oor hoë hitte bruin om die vleissap binne te hou. Reserveer.

Verhit die oorblywende olie in 'n swaar kasserol. Voeg die uie by en braai oor lae hitte totdat dit sag is. Roer gereeld. Draai die hitte effe op en braai die uie bruinerig (moenie brand nie). Roer die meel in en plaas 10 minute lank in die oond om die meel ietwat bruin te kry. Roer gereeld.

Voeg nou die bier, aftreksel, sout, peper, neutmuskaat, bouquet garni en die vleis by en verhit bo-op die stoof totdat dit kook. Skep die skuim 'n paar keer af.

Plaas die kasserol sonder sy deksel in die oond totdat die vleis murgsag is wanneer dit met 'n vleispen of of tweetandvurk geprik word. Dit sal ongeveer 2 uur neem. Roer nou en dan.

Moenie 'n deksel opsit nie. Die bier moet reduseer en dik raak. Moet ook nie nog bier byvoeg nie. Die vleis moet nie in die bier swem nie.

Sny die broodrolletjies (of Franse brood) in dik snye en plaas hulle op 'n bakplaat. Bak in die oond totdat dit bros en bruin is. Smeer 'n dik laag mosterd op en reserveer.

Gooi die bouquet garni weg wanneer die vleis gaar is en pas die smaak van die sous aan. Plaas die snye brood nou bo-op die vleis en maak hulle effens nat met die sous. Rooster 5-10 minute lank totdat dit 'n mooi bruin kors oor die bredie vorm. Bedien in die kasserol.

Die Vlaminge sal my waarskynlik skiet, maar ek het hierdie resep ook al vir skaapvleis gebruik. 'n Skaapnekkie wat in bier gaargemaak word is heerlik. Skaaprib behoort net so lekker te wees.

'n Baie eenvoudige, goedkoop gereg waaraan die koning (of president) kan smul.

KOOS COETZEE

### BJ Lankwarden skryf oor Nederburg se komende wynveiling

# Nederburg se veiling gaan alle rekords slaan

DIE vyftiende Nederburg-veiling op 14 April belowe om alle vorige rekords te slaan aangesien nie minder as 32 wynprodusente 'n totaal van 101 wyne ingeskryf het.

Dit dui op groot vordering: ses produsente het 15 wyne vir die eerste veiling in 1975 ingeskryf.

Die belang van die veiling word onderstreep deur die massiewe aantal kiste - 11404 - goeie Kaapse wyn wat aangebied word.

Die lys deelnemers sluit in: Nederburg, Bellingham, Bertrams, Blaauwklippen, Boland Koöp, Boschendal, Delheim, Douglas Green, Eersterivier Valleise Koöp, Groot Constantia, Hamilton Russel Vineyards, Hartenberg, Helderberg Koöp, Kanonkop, Laborie, Landskroon, Montagu Muskadel Boere-Koöp, Neethlingshof, Nuy Koöp, Overgaauw, Rustenberg, Rust-en-Vrede, Simonsig, Simonsvlei Koöp, Spier, Stellenbosch Boerewynmakery, Vergenoegd, Vlottenburg Koöp, Vriesenhof, Wamakersvallei Koöp, Weltevrede en Zevenwacht.

Nie slegs is dit die mees fantastiese lys deelnemers nie, maar daar is wonderlike wyne wat te koop aangebied gaan word.

Daar is 'n aantal baie skaars en interessante wyne wat elke ernstige wyndrinker ten minste een keer moet proe: wyne soos Eersterivier Valleise Koöp se Hanseret Sauvignon Blanc Special Late Harvest 1986 WOS, Nederburg Sauvignon Blanc Noble Late Harvest 1987 WOS en die ongewone Nederburg Chardonnay Noble Late Harvest 1987 WOS.

Hierdie drie wyne is almal soet maar daar is nie minder as vier van Günter Brözel se droë meesterstukke op die lys nie. Hulle is die Private Bin D-wyne met die etikette wat met groen omraam is.

Dit is ook aangenaam om twee Boschendal-wyne en drie Chardonnays op die lys te sien.



So ruik mens aan wyn

My persoonlike gevoel is dat op so 'n belangrike veiling 'n totaal van drie gefortifiseerde wyne 'n bietjie min is, maar die organiseerders het waarskynlik hul eie redes.

Daar is geen twyfel dat hierdie veiling amper R2-miljoen sal in nie en dit sê iets oor die verbetering van ons wyne en die belangstelling daarin. Die hele wynbedryf is dank verskuldig aan die mense wat die Nederburg-veiling begin het.

Hoewel ek dit elke jaar sê, is dit steeds jammer dat die uitstekende wyne van die Bergkelder nie op die veiling teenwoordig is nie, veral as mens hoor dat een van die besware die naam "Nederburg-veiling" is. 'n Mens kan die veiling darem seker sy naam gun omdat dit op die Nederburg-landgoed gehou word.

My advies aan alle wyndrinkers is om jou plaaslike drankwinkel voor 14 April te besoek en te begin bie.

Est 1987
Yard of Ale
By die Mark-Teater
Kom kuier by ons vir huiskos, goeie wyn en lekker mense
• Die ideale plek vir u kersfunksie
Bespreek vandag : 836-6611/2

# Die vlieg en die sjef se dood

BAIE mense sal nooit weer by enige restaurant gaan eet as hulle weet wat in sommige restaurante se kombuise aangaan nie.

Dit is 'n feit dat baie sjefs geen respek vir higiëne het nie. Hulle laat Gods water oor Gods akker vloei totdat een van die kliënte siek word ...

Iemand vertel my die staaltjie van 'n besoek wat koning Boudewijn van België in die ou dae aan die Belgiese Kongo afgelê het. Koning Boudewijn het, soos dit 'n man van sy status en naam betaam, in die deftigste hotel in dié kolonie tuisgegaan.

Alles is in gereedheid gebring vir die groot okkasie. Die sjef het sy deftigste geregte gekook, en die silwerskinkborde is so blink soos spieëls gevryf.

Die geregte is so mooi soos prentjies op die skinkborde uitgestal. Nou gaan die koning lekker eet.

Toe die kelner by die kombuisdeur wil uitstap sien die sjef 'n vlieg op een van die skinkborde. Hy beveel die kelner om die kos terug te hou.

Die sjef het net daar 'n hartaanval gekry en op sy kombuisvloer is hy dood.

As sommige van ons eie sjefs maar sy sin vir higiëne gehad het...

KOOS COETZEE

# Comrade Chinx

**MICHAEL MARKOVITZ het met Comrade Chinx, die oud-guerrilla wat al saam met Sting en Sprinsteen opgetree het, gaan gesels**



Met Springsteen en Sting op die verhoog

COMRADE Chinx lag en skuif sy beret reg. Dié oud-guerrilla het baie om oor gelukkig te voel. Hy het pas voor 'n skare van meer as 70 00 mense by die Human Rights Now-konsert in Harare gesing.

Richard Chingaira, oftewel Comrade Chinx, is vier-en-dertig jaar gelede in Rusape, Zimbabwe gebore. Sy lewe is 'n verhaal van oorlog, versoening en - deesdae - sukses as musikant.

Chinx sê sy familie het 'n lang historiese verbintenis met onderdrukking.

"Die regering het pas die name bekend gemaak van mense wat onskuldig deur die blankes wat eerste na Zimbabwe gekom het, doodgemaak is. Ek hoor een van my voorouers se kop word uitgestal in 'n museum in Londen. Hulle het sy liggaam darem hier gelos."

As kind het Chinx daarvan gedroom om 'n dokter te word. Hy het 'n oorsese beurs gekry, maar die destydse Smith-regering wou hom nie 'n paspoort gee nie. Dus moes hy in 1973 in Harare gaan werk soek.

## Vredesboodskappe in 'n tradisionele styl

"Ek het werk gekry as 'n masjien-operateur waarvoor ek sewe dollar per week betaal is. Toe ons 'n verhoging van 3c kry, het ek begin kla.

"My baas was die eerste mens wat my 'n 'fokken terroris' genoem het. Ek het hom gevra om die woord terroris te definieer, en agtergekom hy draai die betekenis heeltemal om. Ek het geweet HY is die terroris."

**"Ek het my baas gevra on die woord terroris te definieër en agtergekom hy draai die betekenis heeltemal om. Ek het geweet HY is die terroris."**

Teen 1975 het swart nasionalisme oor die hele land begin versprei. Guerrillas van Zanu en Zapu het die land begin insypel en massa-steun in die landelike gebiede gekry. Chinx het sy werk gelos en is terug Rusape toe. 'n Broer en twee neefs van hom het toe al die land verlaat om aan te sluit by die gewapende stryd.

"Daar was honderde Zanu-guerrillas in ons gebied. Ek is aanvaar in die revolusionêre stryd en vroeg in 1976 het ek oorgestap na Sentraal-Mosambiek."

Chinx het militêre en politieke opleiding in 'n Zanu-basis gekry. "Ons was produktiewe vegters. Ons het ook op ons eie plaas gewerk en ons eie barakke gebou.

"Ek is aangesê om 'n nuwe naam te kry as guerrilla. Almal was Comrade Iets, toe maak ek my van korter en word Comrade Chinx.

"Dis vir my 'n mooier titel as Mr of Sir of enige iets anders. Toe ons in die kampe saam was, moes ons seker maak dat almal regtig comrades word."

Chinx is aangevuur deur die Chimurenga (bevrydings)-liedjies wat hy oor die Voice of Zimbabwe gehoor het. Elke aand het Radio Mosambiek 'n uur afgestaan aan Zanu vir hul musiek, nuus en propaganda.

"Ek het 'n koor in die kampe begin en my eie lirieke in Shona geskryf. My liedjies het gewild geraak in die beweging en is gespeel op die Voice of Zimbabwe. Toe was die pad oop."

Ná die Lancaster House-ooreenkoms in 1979 'n einde aan die oorlog gemaak het, moes Chinx en die ander guerrillas by versamelingspunte aanmeld en hul wapens oorhandig.

"Die monitormagte het gesien hoe mense op ons liedjies reageer, en dit het duidelik geword dat ons party sou wen. Destyds was Muzorewa se oorgangsregering en die monitormagte kop in een mus.

Chinx en 'n groep Zanu-guerrillas is 15 km van Harare af in hegtenis geneem en 'n maand lank in die tronk opgesluit.

"Ons is op stemdag vrygelaat. Ons het gestem en gewen. Ons was vry want ons party het regeer."

Chinx en die ideologiese koor van ZANU het 'n belangrike rol gespeel in die uitdra van Robert Mugabe se boodskap van versoening.

"Mense wat vyande was moes vriende word. EK het dié boodskap in 'n lied gesit en dis dwarsoor Zimbabwe gespeel."




Comrade Chinx

**"Ek is aangesê om 'n nuwe naam te kry as guerrilla. Almal was Comrade iets. Toe verkort ek net my van en word Comrade Chinx. Dit was vir my mooier as Mr of Sir of enigiets anders..."**

Nadat die geesdrif van onafhanklikheid afgekoel het, het Chinx werk gekry as 'n teleks-operateur by die Zimbabwese uitsaaikorporasie. Hy het voortgegaan met die sing van sy Chimurenga-liedjies saam met die ideologiese koor.

"In 1983 het die platemaatskappye vir my gesê:

**Hulle gewildheid het vinnig gestyg na Radio 3 se skielike belangstelling in plaaslike musiek.**

daar is geen geld in koormusiek nie. Hulle wou iets hê met instrumente."

Chinx het begin saamwerk met 'n onafhanklike klank-ateljee en in 1986 sy eerste openbare vertoning gegee saam met die orkes Ilanga. Saam met Ilanga se funky-pop mengsel, het Chinx se vredesboodskappe in die tradisionele styl baie beter verkoop.

Comrade Chinx en Ilanga se gewildheid het skerp gestyg ná Radio 3 se skielike belangstelling in plaaslike musiek. Saam met Oliver Mtukudzi is hulle gekies om Zimbabwiese musiek in die Humang Rights Now!-konsert in Harare te verteenwoordig.

"Hulle het ons dalk gekies omdat ek 'n comrade is. Maar dis belangriker dat ons orkes kleurblind is, en ons musiek baie gewild geraak het."

Chinx, wat nou 'n uitsendingsbeheerder is by ZBC, sê dit was 'n groot oomblik toe hy by die Harare-konsert kon speel.

"Toe ek in die finale gesing het saam met Sting, Springsteen en die res, het ek gevoel dat enigiets moontlik is as jy daarvoor mik."

## MUSIEKGIDS

JAMESON'S BAR, Commissionerstraat. Die voorste aanbieder van oorspronklike plaaslike musiek met oorblyfsels van OU Johannesburg. Nie te duur nie en die lugreëling werk. 'n Wye verskeidenheid van SA musiek: van mbaqanga tot pseudo-samba. Gehore wissel met die musiek wat aangebied word met altyd 'n paar herkenbare locals. Jazz by die Saterdagmiddagete, geen toegangsfooi. Winston Jive Mixup speel vanaand en Saterdagaand.



Winstons Jive Mixup vanaand by Jamesons.

Volgende week is die groep Bayete aan die beurt.

ROXY RHYTHM BAR, Mainstraat, Melville. Steeds dié plek vir yuppies en aspirant-yuppies om by gesien te word. Vanaand: African Jazz Pioneers. Saterdag-middag: Little Sister. Aand: The Jive. Maandag: Fat City. Dinsdag: Little Sister. Woensdag: Roots. Donderdag: Mike Faure en Steam Machine. Vrydag: African Jazz Pioneers. Tel: 726-6019.

THE JUNCTION, h/v Breë- en Claimstraat. Klein dansplek maar lekker snoekerkamer en 'n daktuin wat gebruik kan word deur idiote wat nog verlief raak. Die ouer rock en new wave-musiek wat hier gespeel word, is 'n welkome afwisseling van die disko-twak op ander plekke. Chris Prior en Neil Johnson is soms op Saterdagaande die platejoggies.

KIPPIE'S, Markteater, Newtown. Township-jazz en sy meer voorstedelike gelyke. Vanaand, Saterdag- en Sondagaand speel Rene McLean en Dinsdag-, Woensdag- en Donderdagaande is dit Barney Rachabane.

NO 58, Hillbrow. Johannesburg se gewilde kabaret-kroeg. Duur maar moeite werd vir die vertoning It's all Fright By Me - Part 2. Met Fiona Ramsey en Steve Walsh.

BONES, Rosebank. Restaurant met buitelugbiertuin vir Jo'burg yuppies en aspirant-yuppies. Vrydag: Double Image. Saterdag- en Sondagaand: gaskunstenaars. Woensdag: Sugar and Spice. Donderdag: Dave Dell. Tel: 788-1337.

THE THUNDERDOME, h/v Claim- en Noordstraat. "Mega"-disko, kroeë en groepe. Baie spieëls en hoë hakke. Oop van Dinsdae tot Saterdae. Die nuwe gereelde orkes is Cinema, wat met lasers, ligte en video's vermaak verskaf aan tieners. (Tel. 238-788)

RUMOURS, Rockeystraat. 'n Tipiese Rockeystraat laataand "joint" vir mense wat soms werk ook. (Tel. 648 4605)

LATE NITE DUKE'S, Melville. Laatnagalternatief vir Rockeystraat. Oop van vyfuur smiddags tot baie laat saans en Saterdae vir middagete ook. Etes word sewe dae van die week tot laataand bedien. Woensdag tot Sondag: Rudi and Friends. (Tel. 726 8400)

RAKE'S WINE BAR, Ridgestraat 20 Parktown. Eintlik 'n ou huis met 'n groot tuin. Ligte etes op die grondvloer en steak op die boonste verdieping. Vrydagaand: Larry Amos met Naughty Boys. Dixieland-jazz deur die Jazz Aces op Saterdae tussen een- en vyfuur. Die blues/rockgroep Roots is Sondae aan die beurt. Tel: 484-1714.

CLUB MANZATTAN, Moletsane, Soweto. Hoërinkomstegroep disko. Oop van elfuur die aand. Op Maandae en Dinsdae is toegang gratis. Twee gratis biere op aande wanneer toegang gevra word. Ledegeld R10. Alle soorte musiek. (Tel. 930-1735)

IDOLS, bokant van Endstraat. Lang toue van ongemaklik entoesiastiese jollers buite. Musiek en plesier vir die tiener-yuppies. (Tel. 402 7840)

CAPONE'S, Louis Bothalaan 440. Restaurant met orkes. Dinsdag: Brynn. Woensdag: Alan Gold. Donderdag: Largèsse. Vrydag: Alan Gold. Saterdag: Tam Minter. Sondag: Largèsse. (Tel. 640 7582)

EASY BY NIGHT, Natalspruit. Vir hoë-inkomstegroep jollers. Baie gewild onder Sowetane op Woensdagaande. Speel saam as jy 'n BMW het. (Tel. 864-4748)

CLUB STATUS, Fun Valley. Disko met baie dansplek. Syndicate met Ronnie Joyce is die gereelde orkes in die pas opgeknapte klub. (Tel. 945-1001/2)

HARD ROCK CAFE, 204 Oxfordlaan, Illovo. Baie gewilde tiener-uithangplek wat so goed doen dat hulle selfs t-hemde (met hulle naam op) met welslae bemark. Middag- en aandete op die maat van bekende treffers, herroep deur die groep Alzec wat Woensdae en Sondae optree.

KING OF CLUBS, h/v Mark- en Von Wiellighstraat. Hi-NRG gemors op boonste verdieping op Woensdae, Donderdae, Vrydae, Saterdae en Sondae. Disko-mbaqanga op die onderste verdieping. Toegang: R3. (Tel. 331-6727)

BLUES, 165 Marshallstraat. Word meestal besoek deur wesens van die noordelike voorstede (ouderdom tussen 25 en 35). Disko-musiek, flitsende ligte, spieëls, mense met grimering... daai soort van ding.

### Tananas in die Kaap

THE BASE - Kaapstad se Jamesons. Vanaand en Saterdagaand speel Steve Newman en Tananas. Sondagaand: Jazz Denn met Darius Brubeck, Winston Mankunku en Victor Ntoni van die Jazzanians. Woensdagaand is dit Reggae-aand met platejoggie Mario. Donderdagaand speel Tshisa wat spog met 'n nuwe sangeres en dubbelbas-ghitaarspeler, Duke.

HEAVEN, Seepunt - The Tony Schilder Jazz-groep is elke Sondagaand om 20h30 hier.

VILLA REVUE - Workforce speel van Dinsdae tot Saterdae. Saterdagmiddae is daar 'n paar ernstige jazz-sessies.

ROMPIE'S RHYTHM BAR - Regency Hotel. Die groep Panama is elke aand te sien behalwe Sondae wat Country Rock-aand is. Dan vat die groep Rocking Horse dit weg.

TATLER'S - Silversands Hotel. Laaste stuiptrekkings van SA "stand-up" humor met Johnny Noble elke Woensdag, Vrydag en Saterdagaande. Sondag is jazz-aand met Jeff Weiner en Mainstream.

## FILMGIDS

*** Sterk aanbeveel
** Sien gerus
* Vermy as jy nugter is
Prente sonder sterretjies is nog nie beoordeel nie

THE LONELY PASSION OF JUDITH HEARNE
Maggie Smith het twee Britse toekennings verower vir haar uitmuntende spel in hierdie rolprent oor 'n prinses wat voorheen 'n belowende pianis was en steeds op soek is na haar prins. Bob Hoskins speel teenoor haar in 'n rol baie anders as waarvoor hy bekend is.

***MIDNIGHT RUN - Die onvergeetlike Robert de Niro speel die hoofrol in Midnight Run. De Niro, wat sonder sy vetjies 10 jaar jonger lyk, is Jack Walsh, 'n gewese polisieman wat sy eie metodes inspan om misdaad te bekamp. Charles Grodin is Duke, die man wie se bloed Walsh soek...

**THE BIG BLUE
Die verhaal van 'n diepseeduiker met 'n obsessie om die diepste, ongekende hoeke van die see te verken. 'n Ongewone band ontstaan tussen hom en 'n Amerikaanse vrou wat hy ontmoet in Peru. Die hemelsbreë verskille in die kultuur van die Amerikaner en Europeër word beklemtoon in hulle verhouding.

***THE REVOLVING DOORS
Die verhaal van 'n ambisieuse klavierspeler, Céleste, wat haar ná 'n mislukte huwelik saam met 'n jazz-musikant in New York bevind. Haar kleinseun Antoine lees baie jare later haar dagboeke en hy besluit om sy ouma te gaan opsoek.

***A FISH CALLED WANDA
Cleese en Palin van die Python-span saam met Jamie Lee Curtis (as stomende femme fatale wat uiteindelik verlief raak) en Kevin Kline in 'n juweeldiefstal-avontuur. So snaaks dat almal huis toe gaan met seer wange. Wanda is 'n vis... en die mees sexy vrou wat Cleese sê hy ooit gesien het.

***BULL DURHAM
Die seksologie van bofbal soos uiteengesit deur Susan Sarandon as religieuse bofbal-fanatikus. Kevin Kostner speel teenoor haar in die rol van Crash Davis wat 'n "comeback" maak na First Base. Dan second base, dan third base... (they go all the way basically. ALL the time).

***PASCALI'S ISLAND
Basil Pascali (Ben Kingsley) speel die hoofrol in die film wat hom afspeel in 1908, kort voor die ineenstorting van die Ottomaanse ryk. Charles Dance (White Mischief) en Helen Mirren (White Nights) is Pascali se onwetende slagoffers.

***BIG
Tom Hanks speel die rol van 'n seuntjie wat letterlik te groot raak vir sy skoene. Sy wens om grootmens te wees, word waar. Die gevolg is natuurlik 'n seuntjie in die liggaam van 'n man, wat regtig nie van hom 'n uitsondering maak nie. Tog is dit 'n verfrissende manier om kommentaar te lewer oor volwasse neuroses.

## TEATERGIDS

***** Uitstekend
**** Goed
***Middelmatig
** Ondergemiddeld
*Swak

Waar sterretjies nie verskyn nie beteken dit dat die produksie nog nie beoordeel is nie.

*****FRANKIE AND JOHNNY AT THE CLAIR DE LUNE, Leonard Rayne-Teater, Doornfontein, Johannesburg. 'n Deernisvolle en teer komedie deur Amerikaner Terrence McNally. Dit handel oor twee siniese liefdeswrakke wat op 'n aand die helende genade van liefde, maanlig en musiek belewe. Skitterende spel deur Bill Flynn en Jana Cilliers.

****CHARLEY'S AUNT, Alhambra-Teater, Doornfontein. Tobie Cronje verskaf groot pret met sy skitterende vertolking van 'n student wat hom voordoen as 'n vriend se tante.

*MURDER ON THE NILE, André Huguenet-Teater, Hillbrow. 'n Uiters vervelige produksie wat ten alle koste vermy behoort te word.

*****THE UGLY NOO NOO: A TRILOGY, Upstairs, Mark-Teater, Newtown, Johannesburg. Andrew Buckland op sy beste. Hierdie mimiekkunstenaar en akteur van formaat skep 'n heel nuwe metafoor vir die politieke uiteenlopendheid van Suid-Afrika. Hy laat jou skater terwyl hy jou aan die dink sit.

**SARAFINA, Warehouse by die Mark-Teater. Die tweede rolverdeling van Mbongeni Ngema se Broadway-treffer. 'n Vernuftige bemarking van die rewolusie a la Chorus Line. Blink en oppervlakkig.

****ALADDIN, Alexander-Teater, Braamfontein, Johannesburg. 'n Skreeusnaakse pantomime deur Janice Honeyman. Ideale vermaak vir die hele gesin. Met Jenny de Lenta, Jeremy Taylor, Nomsa Nene, Glenn Swart en ander.

**** WHALE NATION, Black Sun, Orange Grove, Johannesburg. Dawid Minnaar se vertolking van



Dawid Minnaar in Whale Nation

Heathcote Williams se skitterende gedig oor walvisse is ontroerende teater wat diereregte bepleit. Om halfnege. Eindig Saterdag.

DRIVING MISS DAISY, Mark-Teater, Newtown, Johannesburg. Hierdie bekroonde Amerikaanse drama bied 'n sensitiewe en soms komiese blik op die verhouding tussen 'n gegoede bejaarde vrou en haar motorbestuurder. Regisseur: Janice Honeyman. Met John Kani, Annabel Linder en Danny Keogh.

LAUGHING MATTERS, Arena, Staatsteater, Pretoria. 'n Tweeluik-aanbieding bestaande uit Black Comedy van Peter Shaffer en The Real Inspector Hound van Tom Stoppard. Albei is vernuwende en vindingryke gebruik van die klug. Regisseur: Terrence Shank. Met onder andere Wilna Snyman, Aletta Bezuidenhout en Susan Danford.

### Kaapstad

BAXTER TEATER, Rondebosch: Studio: Toneelopvoering **Beirut** met Brad Morris. Duur tot 25 Februarie. En Kapenaars kan hulle regmaak vir Andrew Buckland se unieke mimiek-vertoning **The Ugly Noo Noo** wat op 28 Februarie begin. **Lettice and Lovage** is nog vanaand en Saterdagaand in die Hoofteater te sien. Op Woensdag begin 'n dans ekstravaganza genaamd **Takin' Off**. Tot 4 Maart. In die Concert Hall is die All Star Jazz Concert net Saterdag-aand te sien. Maandagaand is dit die Vienna Virtuoso Trio. Woensdagaand begin Neil Mc Carthy se hoog aangeprese **Stormriders** wat tot 25 Februarie duur. McCarthy speel weer die hoofrol en sy vrou, Clare Stopford, doen weer die regie. Ook met Dawid Minnaar. Kate Edwards het vir Joanna Weinberg vervang. By die nuwe Stagedoor-teater kan dié laaste twee vertonings van **Something Old New Borrowed Blue** nog vanaand en môre-aand gesien word. Daarna begin 'n vertoning genaamd **Bouncers** op 13 Februarie.

NICO MALAN-TEATER, Strandgebied: **Carmen** open vanaand in die Operahuis. Duur tot 15 Februarie. 'n Bles Bridges-konsert is ook om die beurt in die Operahuis te sien en duur tot 17 Februarie. In die Arena is **Ballet Boutique** aan die gang. Tot 18 Februarie.

THEATRE ON THE BAY, Kampsbaai: Dié teater wat verrys het uit die as van die ou Phoenix-teater bied die gewilde musiekspel Nunsense aan. Met onder meer Kate Normington, Natalie Gamsu, Gaby Lomberg en Suzanne Braun. Regie Tobie Cronje. Tot einde Februarie.

## GALERYGIDS

### Kaapstad

**Baxtergalery**, Rondebosch - Groepuitstalling deur George Taylor Botha, Pieter Jander and Mike Cloran. Tot 7 Februarie. 'n Uitstalling van oliewerke deur Ronald Philip begin 15 Februarie en duur tot 7 Maart.

**SA Kunsvereniging**, Kerkstraat, Kaapstad. Uitstalling van handgemaakte kunswerke deur swart groep-kunstenaars waarvan die Itsieud van die Noord-Transvaal die grootste is.

**Gallery 709**, Adderlystraat - Oliewerke deur Rochelle Lipschitz, Ann Lindsell-Stewart. Waterverf-werke deur Phil Cloete en Maurice Feams. Pastelwerke van Pieter van der Westhuizen en Helen Begg. Tot Februarie.

**Cape Gallery**, Kerkstraat 60 - Suid-Afrikaanse kunstenaars: Nico Verboom, Ruth Squibb, Mell Brigg, Douglas Treasure, George Botha, Hamish Grant.

**Kunskamer**, Bergstraat 14 - Uitstalling deur vooraanstaande Suid-Afrikaanse kunstenaars soos Pierneef, Maud Sumner, Maggie Laubser, Irma Stern, Preller, Welz, Kibel, Caldecott en Boonzaier. Duur tot einde Februarie.

**Chris Tugwell-galery**, 127 Simon Bekkerstraat, Kosmos. 'n Uitstalling van nuwe skilderye deur Errol Boyle, George Boys, Adriaan Boshoff, Titta Fosciotti en Otto Klar.

**Johannesburgse Kunsmuseum**, Joubertpark: "Mite en Fantasie in Drukkemakery": 'n Uitstalling van drukke wat karakters en vertellings uitbeeld van 'n mitiese of fantastiese aard. Tot 29 Januarie. 'n Nuwe uitstalling van Suid-Afrikaanse skilderye en beeldhouwerk duur tot 22 Februarie.

**Kim Sacks-galery**, Cavendishstraat, Bellevue: Die nuwe galery en potterbakkersentrum spog met 'n uitstalling van verskeie soorte handwerk - keramiek, houtwerk, tekstiele en juwele.

**Markteater-galery**, Markteater-kompleks, Newtown: Uitstalling van skilderye deur Julia Teale. Tot 11 Februarie.

**Galery 21**, Derde vloer, Victory House, Harrisonstraat.: 'n Uitstalling deur 30 Suid-Afrikaanse kunstenaars. Tot einde Januarie. 'n Nuwe uitstalling begin 7 Februarie van 25 grafiekwerke deur James Mphahlele. Die inisiasieseremonie van die Pedi's in Noord-Transvaal word in sy werke uitgebeeld. Tot einde Februarie.

**Gertrude Posel-galery**, Senate House, Wits: New Acquisitions: Die beste werke wat vanjaar deur Wits se galery aangekoop is. Tradisionele handwerk-stukke is ook ingesluit. Tot Februarie.

**Natalie Knight-galery**, Hyde Park-sentrum: Uitstalling genaamd Humour in Art deur plaaslike en oorsese kunstenaars soos Glen Baxter, Fifo Stricker, Nina Romm en Thomas Kgope. Tot 28 Januarie. Op 29 Januarie open 'n uitstalling van werke deur die getroude paar, Karin Dando en Gunter Obojkovits. Tot 18 Februarie.

**Everard Read-galery**, Jellicoelaan, Rosebank: Uitstalling deur plaaslik en buitelandse kunstenaars tot 31 Januarie. Boekbekendstelling op 13 Februarie alleen: Dictionary of SA Painters and Sculpturers. Van 1 tot 18 Maart bekendstelling van boek The Kill - Out of Africa en uitstalling van oorspronklike kunswerke van die boek. Bydraes van kunstenaars soos Keith Joubert en Paul Augustinus.

*** THE MODERNS
'n Film Noir-agtige weergawe van die laaste stuiptrekkings van die Paryse avante garde van die 1920's. Dit gaan oor die tyd toe die bistro's van Montparnasse en die Seine se linkeroewer vol skrywers en kunstenaars soos Hemingway en Picasso was. Keith Carradine speel die rol van 'n vervalser wat omring is deur verleidsters met vreemde motiewe.

***WHO FRAMED ROGER RABBIT
Bob Hoskins speel die hoofrol teenoor 'n klomp Cartoon-karakters. 'n Tegniese deurbraak in rolprenttegniek. Die punt wat gemaak word, is dat mense en Cartoon-karakters NIE dieselfde is nie. Toons voel nie emosies en fisieke pyn soos gewone mense nie... 'n Paar ou bekende gesigte verskyn sporadies: Yosemite Sam, Daffy en Donald (in 'n wonderlike klavier-duet), Tweety, Porky en Bugs. Maar Roger se wulpse vroutjie is die een wat gesien moet word.

*** BABETTE'S FEAST
Dié film, wat 'n Oscar as die beste buitelandse prent gewen het, handel oor die invloed wat 'n vlugteling van die Communard-opstand in Parys (en spesifiek haar kookkuns) het op 'n klein dorpie op die Jutlandse kus in Denemarke. Gegrond op 'n roman van Isak Denisen.

*** THE UNBEARABLE LIGHTNESS OF BEING
Gegrond op 'n boek deur Milan Kundera. Die verhaal speel af teen die agtergrond van die Russiese inval in Praag in 1968. Met Daniel Day Lewis, Juliette Binoche en Lena Olin.

**COCKTAIL
Tom Cruise is Brian Flanagan, 'n ambisieuse jong man wat aan die hand van die ervare Doug Coughlin (Brian Brown) die beste kroegman in Manhattan word. 'n Romanse met 'n pragtige kunstenares bring nuwe perspektief in Brian se lewe.

**BEETLEJUICE
Michael Keaton is Beatlejuice, 'n ietwat onortodokse spook wat deur 'n paartjie uit die geesteswêreld opgeroep word om hulle touwys te maak oor spokery. 'n Ongewone surrealistiese riller wat nie bedoel is vir mense met 'n normale sin vir humor nie.

**BIRD
Die lewe van die saxofoonspeler Charlie "Bird" Parker word in al sy glorie, werklikheid en pyn deur regisseur Clint Eastwood uitgebeeld. Forest Whitaker vertolk die rol van die briljante musikant, alkoholis en owerspeler wie se genialiteit op vroeë ouderdom van die wêreld ontneem is.

**WILLOW
In Willow betree 'n mens weer die fantasiewêreld van George Lucas wat ook bekend is vir rolprente soos Star Wars en Raiders of the Lost Ark. Die miniatuurheld van die film is Willow wat 'n baie spesiale baba, Elora Danan, aan die lewe moet hou sodat sy kan help om die ryk van die bose koningin Bavmorda te vernietig. Met Val Kilmer, Warwick Davis en Joanne Whalley.



James Caan in Alienation — sien bladsy 5

**MR NORTH
Anthony Edwards speel die rol van Mr North, 'n jongman met elektrisiteit in sy vingers. Dit laat mense glo dat hy helende talente het. Danny Huston is die regisseur. Ook met Robert Mitchum en Anjelica Huston.

**DIE HARD
'n Geharde polisieman (Bruce Willis) moet sy vrou en 'n paar kollegas uit die kloue van 'n klomp terroriste, wat hulle in 'n wolkekrabber gyselaar hou, probeer red. Hoë drama. Regie: John McTiernan.

*JOHNNY BE GOOD
Te veel van 'n goeie ding is mos nie goed nie, of is dit? Anthony Michael Hall is Johnny Walker, 'n uitstekende jong voetbalspeler wat sy ouers, sy meisie en die hele dorp aan sy voete het. Sy afrigters sien Johnny egter as 'n klein goudmyntjie...

*LICENCE TO DRIVE
Nog 'n tienerfliek wat verrassend beter as 'n paar van sy voorgangers is. Corey Haim is Les met een ambisie: om sy lisensie te kry sodat hy die pragtige Mercedes (Heather Graham) kan uitneem. Cory Feldman speel die rol van Dean, Les se beste vriend.

* THE PRESIDIO
Sean Connery vertolk die rol van 'n weermag-bevelvoerder en Mark Harmon is die speurder wat moet saamwerk om 'n gewetenlose moordenaar te vang. Hul grootste probleem is dat hulle mekaar nie kan verdra nie.

* BIG BUSINESS
Bette Midler en Lily Tomlin haal dieselfde streek uit as Donald Sutherland en Gene Wilder in Start the Revolution van sowat vyftien jaar gelede. Hulle is twee pare identiese tweelinge wat met geboorte omgeruil word. Nou is die een klomp ryk en die ander arm en wanneer hulle by mekaar uitkom, spat nie net vonke nie.

## Die Afrikaanse weergawe van Kinekor se filmgids kom ongelukkig te laat om te plaas


# Kaapstad

STER-KINEKOR 3 FEBRUARY 1989
**MOVIES**
CONCESSION PRICES STUDENTS AND SCHOLARS AT ALL PERFORMANCES
**CINEMAS** Advance Booking at Computicket (Enquiries (021) 21-4715)

**Maynard Mall Wynberg**
MAIN ROAD, TEL. 71-0131
DAILY 9 45, 12, 2 30, 5 30, 8 00, 10 15 pm
ROBERT DE NIRO, CHARLES GRODIN
MIDNIGHT RUN
Power packed adventure (2-18)
DAILY. 9 45, 12, 2 30, 5.30, 8 00, 10 15 pm
JOHN CLEESE • KEVIN KLINE
JAMIE LEE CURTIS
A FISH CALLED WANDA
A wild, sexy comedy (2-18)
DAILY. 9.45, 12. 2.30, 5.30, 8 00, 10.15 pm
• JAMES CAAN •
ALIEN NATION
Prepare yourself. Futuristic drama (2-14)
DAILY: 9.45, 12, 2 30, 5 30, 8 00, 10.15 pm
• TOM HANKS •
BIG
Have you ever had a really BIG SECRET? (All)
★ SATURDAY at 9.45 am ★
DIAMONDS ARE FOREVER

**Golden Acre**
CITY, TEL. 25-2720
DAILY. 9 45, 12, 2 30, 5 30, 8 00, 10 15 pm
• JAMES CAAN •
ALIEN NATION
Prepare yourself Futuristic drama (2 14)
DAILY 9 45, 12, 2 30, 5 30, 8 00, 10 15 pm
JOHN CLEESE • KEVIN KLINE
JAMIE LEE CURTIS
A FISH CALLED WANDA
A wild, sexy comedy (2 18)
DAILY: 9.45, 12, 2 30, 5.30, 8 00, 10 15 pm
• TOM CRUISE •
COCKTAIL
When he pours, he reigns (2-16)

**Monte Carlo**
FORESHORE, TEL. 25-3052
MON-THUR: 10 30, 2 30, 5 30, 8.30 pm
FRI: 10.30, 2.30, 5 30, 8 00, 10 15 pm
SAT: 9 45, 12, 2 30, 5.30, 8 00, 10.15 pm
PHIL COLLINS Co-starring JULIE WALTERS
BUSTER
A family man — a dreamer — a thief! (2-14)
ROSANNA ARQUETTE • JEAN-MARC BARR
THE BIG BLUE
The sea has a secret . Drama (2-16)

**Protea Claremont**
MAIN ROAD, TEL. 61-7979
MON-FRI: 10.30, 2.30, 5 30, 8.00, 10.15 pm
SAT. 9.45, 12, 2.30, 5 30, 8 00, 10.15 pm
PHIL COLLINS Co-starring JULIE WALTERS
BUSTER
A family man — a dreamer — a thief! (2-14)
MON-FRI: 10.30, 2.30, 5.30, 8 00, 10.15 pm
SAT: 9.45, 12, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
JOHN CLEESE • KEVIN KLINE
JAMIE LEE CURTIS
A FISH CALLED WANDA
A wild, sexy comedy. (2-18)
MON-FRI: 10.30, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
SAT: 12, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
• TOM CRUISE •
COCKTAIL
Co-starring BRYAN BROWN
When he pours, he reigns. (2-16)
★ SATURDAY at 9.45 am ★
ARISTOCATS

**Elite Sea Point**
SEA POINT, TEL. 44-8941
SATURDAY: 2.30 pm ONLY
COREY HAIM, COREY FELDMAN
LICENSE TO DRIVE
Hellraising comedy (2-10)
MON-FRI: 2.30, 5.30, 9.00 pm
SAT: 5 30, 9 00 pm
THE UNBEARABLE LIGHTNESS OF BEING
DANIEL DAY-LEWIS A lover's story (2-21)
★ SATURDAY at 10.30 am ★
THE EXPLORERS

**Constantia Rosebank**
MAIN ROAD, TEL. 686-6649
DAILY: 9.40, 12, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15 pm
ROSANNA ARQUETTE • JEAN-MARC BARR
THE BIG BLUE
The sea has a secret . . . Drama (2-16)
DAILY: 9 45, 12, 2.30, 5.30, 8 00, 10.15 pm
Academy Award winner for Best Foreign Film
BABETTE'S FEAST
(WITH SUB-TITLES)
Outstanding dramatic entertainment (All)
DAILY: 9.45, 12, 2.30, 5.30, 8.00, 10 15 pm
A POIGNANT VISION OF THE CROSSROADS OF YOUTH AND ADULTHOOD!
LE GRAND CHEMIN
French with English sub-titles (2-18)

**Stellenbosch**
TEL. (02231) 4464
MON-FRI: 2.00, 4 15, 6.30, 8.45 pm
SAT: 10.30, 2.00, 4.15, 6.30, 8.45 pm
• BOB HOSKINS •
WHO FRAMED ROGER RABBIT
A wacky comedy for everyone!
MON-FRI: 2.15, 4.30, 6.45, 9.00 pm
SAT: 11, 2.15, 4 30, 6.45, 9.00 pm
JOHN CLEESE • KEVIN KLINE
JAMIE LEE CURTIS
A FISH CALLED WANDA
A wild sexy comedy (2-18)
MON-FRI: 2.00, 4.15, 6.30, 8.45 pm
SAT: 10.30, 2.00, 4.15, 6.30, 8 45 pm
• TOM CRUISE •
COCKTAIL
When he pours, he reigns (2-16)
DAILY: 2 15, 4 30, 6 30, 9 00 pm
KEVIN COSTNER • SUSAN SARANDON
BULL DURHAM
A sexy comedy (2-18)
★ SATURDAY at 11 am ★
E.T. – THE EXTRA-TERRESTRIAL

**Tyger Valley**
Tyger Valley Centre, Bellville Tel. 97-6710
DAILY: 9.45, 12, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
PHIL COLLINS Co-starring JULIE WALTERS
BUSTER
A family man — a dreamer — a thief! (2-14)
DAILY: 9 45, 12, 2.30, 5.30, 8 00, 10 15 pm
JOHN CLEESE • KEVIN KLINE
JAMIE LEE CURTIS
A FISH CALLED WANDA
A wild sexy comedy (2 18)
DAILY: 9.45, 12, 2 30, 5 30, 8 00, 10 15 pm
• TOM CRUISE •
COCKTAIL
Co starring BRYAN BROWN
When he pours, he reigns (2-16)
DAILY: 9 45, 12, 2.30, 5 30, 8 00, 10 15 pm
ROBERT DOWNEY JR • PAUL GLEASON
JOHNNY BE GOOD
Comedy (2-17)
★ SATURDAY at 10 am ★
FOR YOUR EYES ONLY

**Somerset West**
TEL. (024) 2-5581
MON-THUR: 2.30, 5 30, 8 00 pm
FRI: 2.15, 4 30, 6.45, 9.00 pm
SAT: 10 30, 2.15, 4.30, 6 45, 9 00 pm
JOHN CLEESE • KEVIN KLINE
JAMIE LEE CURTIS
A FISH CALLED WANDA
A wild, sexy comedy (2-18)
MON-THUR: 3 00 pm ONLY
FRI-SAT: 2.30 pm ONLY
ROBERT DOWNEY JR • PAUL GLEASON
JOHNNY BE GOOD
Comedy (2-12)
MON-THUR: 6 00, 8 30 pm
FRI-SAT 4 45, 7 00, 9 15 pm
KEITH CARRADINE • GERALDINE CHAPLAIN
THE MODERNS
Adult drama (2-18)
★ SATURDAY at 11 am ★
FOX AND THE HOUND

**Kine Parow**
Sanlam Centre, Parow Tel. 92-5126
MON-THUR 10.30, 2.30, 5.30, 8 30 pm
FRI 10 30, 2 30, 5 30, 8 00, 10 15 pm
SAT 9 45, 12, 2 30, 5 30, 8 00, 10 15 pm
ROBERT DE NIRO, CHARLES GRODIN
MIDNIGHT RUN
Power packed adventure (2 18)
MON-THUR 10 30, 2.30, 5 30, 8 30 pm
FRI 10 30, 2 30, 5 30 8 00, 10 15 pm
SAT 12, 2 30, 5 30, 8 00, 10 15 pm
• JAMES CAAN •
ALIEN NATION
Prepare yourself Futuristic drama (2 14)
★ SATURDAY at 9 45 am ★
BACK TO THE FUTURE

**DRIVE-INS**
★ NIGHTLY AT 8.30 pm ★
R9,00 per Car, Combi, or L.D.V. for 2 Films

**Goodwood - Tel 54-4339**
COCKTAIL
TOM CRUISE When he pours he reigns (2-16)
HELLO AGAIN
SHELLEY LONG CORBIN BERNSEN Comedy (All)

**Seabreeze - Tel 75-1821**
A FISH CALLED WANDA
A wild, sexy comedy (2 18)
BRIGHT LIGHTS, BIG CITY
MICHAEL J FOX Drama

**Skyvue - Tel 903-5130**
BULL DURHAM
Kevin Costner Susan Sarandon Comedy (2 18)
LICENSE TO DRIVE
COREY HAIM COREY FELDMAN Comedy (2 10)

STER-KINEKOR
3 FEBRUARY – 9 FEBRUARY
ADVANCE BOOKINGS AT COMPUTICKET
ENQUIRIES (011) 28-3040 – ALL WELCOME
**MOVIES**
PRETORIA COMPUTICKET ENQUIRIES (012) 322-7460

## CENTRAL

**KINE ENTERTAINMENT CENTRE 331-3841/2**
Daily: 9.45, 12 00, 2 30, 5 30, 7 45, 10 00 pm
THE BIG BLUE (2-16)
THE SEA HAS A SECRET!
Daily: 10.00, 12 15, 2.30, 5.30, 7.45, 10 00 pm
BUSTER (2-14)
A FAMILY MAN A DREAMER A THIEF LIKE NO OTHER! WITH PHIL COLLINS!
ALIEN NATION (2-14)
THEY'VE COME TO LIVE AMONG US BUT THERE IS SOMETHING WE DON'T KNOW!
A FISH CALLED WANDA (2-18)
COCKTAIL (2-16)
LICENSE TO DRIVE (PG2-10)
BEETLEJUICE (A)
RED HEAT (2-19)
JOHNNY BE GOOD (2-12)
COMING ATTRACTIONS
10 Feb – DEAD POOL
10 Feb – CADDYSHACK 2
17 Feb – SWEETHEARTS DANCE
24 Feb – MARRIED TO THE MOB

## NORTH

**SANDTON CITY 1-7 783-4430/1**
Daily: 10 00, 2.30, 5 30, 7 45, 10.00 pm
MIDNIGHT RUN (2-18)
ACTION AND ADVENTURE! ROBERT DE NIRO!
Daily: 10 00, 12.15, 2 30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
BUSTER (2-14)
HE STOLE MILLIONS! HE'LL STEAL YOUR HEART! WITH PHIL COLLINS!
ALIEN NATION (2-14)
A THRILLER WITH JAMES CAAN AND MANDY PATINKIN!
A FISH CALLED WANDA (2-18)
COCKTAIL (2-16)
WHO FRAMED ROGER RABBIT? (A)
BEETLEJUICE (A)
Sat 4 Feb 10 am CARE BEARS ADVENTURE IN WONDERLAND (A)
CANNES AWARD WINNING FILM ADVERTISEMENTS
6 February to 10 February
Daily between 1 pm & 2 pm
COMING ATTRACTIONS
10 Feb – DEAD POOL
17 Feb – GORILLAS IN THE MIST
17 Feb – SWEETHEARTS DANCE

A FISH CALLED WANDA
**4TH RECORD-BREAKING WEEK!**
**"THE MUST-SEE" MOVIE OF 1989!**
*SEASON ENDS SOON – DON'T BE LEFT OUT!*
From the master of laughter – John Cleese

**STER CITY 1-8 337-3033**
Daily: 10 00, 2.30, 5.30, 7 45, 10.00 pm
MIDNIGHT RUN (2-18)
ACTION AND EXCITEMENT WITH A TOUCH OF HUMOUR! STARRING ROBERT DE NIRO!
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
JACK'S BACK (2-18)
THE RIPPER IS BACK! EXPERIENCE THE TENSION & THE TERROR!
BULL DURHAM (2-19)
THE SEVENTH SIGN (2-16)
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30 pm
SAVAGE STREETS (4-18)
Daily: 7.45, 10.00 pm
THE ROCKY HORROR PICTURE SHOW (2-18)
BIG (A)
FUNNY FARM (A)
Daily: 10.00, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
WILLOW (A)
COMING ATTRACTIONS
17 Feb – GORILLAS IN THE MIST
24 Feb - ACCUSED

**KINE RANDBURG 1 & 2 787-5446**
Mon-Thurs 10 00, 12.15, 2.30, 5 30, 7 45 pm
Fri-Sat: 10 00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
BUSTER (2-14)
A DREAMER AND A THIEF! HE'LL STEAL YOUR HEART! WITH PHIL COLLINS!
ALIEN NATION (2-14)
COMING ATTRACTIONS
10 Feb – DEAD POOL
17 Feb – GORILLAS IN THE MIST
3 Mar – WORKING GIRL

**CRESTA RANDBURG 476-3802**
Daily: 10 00, 2.30, 5.30, 7.45, 10 00 pm
MIDNIGHT RUN (2-18)
ROBERT DE NIRO IN AN ACTION ADVENTURE!
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
COCKTAIL (2-16)
WHEN HE POURS, HE REIGNS! TOM CRUISE!
BUSTER (2-14)
COMING ATTRACTIONS
10 Feb – DEAD POOL
10 Feb – CADDYSHACK 2
24 Feb – MARRIED TO THE MOB

**KINE HILLBROW 1-3 725-3134**
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
ALIEN NATION (2-14)
THEY'RE HERE, PREPARE YOURSELF! WITH JAMES CAAN!
A FISH CALLED WANDA (2-18)
A COMDEY AS YOU'VE NEVER SEEN BEFORE! WITH JOHN CLEESE!
COCKTAIL (2-16)
COMING ATTRACTIONS
10 Feb – DEAD POOL
24 Feb – MARRIED TO THE MOB
3 Mar – WORKING GIRL
10 Mar – RAINMAN

**NORTHCLIFF 1 & 2 782-6816**
Daily 9 45, 12.00, 2 30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
THE BIG BLUE (2-16)
THE SEA HAS A SECRET! IT'S MAGICAL MYSTERIOUS, DANGEROUS!
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10 00 pm
A FISH CALLED WANDA (2-18)
MURDER, GREED LUST REVENGE & SEAFOOD!
COMING ATTRACTIONS
17 Feb – SWEETHEARTS DANCE
17 Feb – GORILLAS IN THE MIST

## EAST

**EASTGATE 1-6 622-3617/8**
Mon-Thurs. 10 00, 12 15, 2.30, 5 30, 7 45, 10 00 pm
Fri-Sat: 10.00, 12 15, 2 30, 5.30, 7.45, 10 15 pm
BUSTER (2-14)
NO ORDINARY THIEF! HE'LL ALSO STEAL YOUR HEART! WITH PHIL COLLINS!
A FISH CALLED WANDA (2-18)
A HILARIOUS COMEDY WITH THE MASTER JOHN CLEESE!
ALIEN NATION (2-14)
COCKTAIL (2-16)
BEETLEJUICE (A)
LICENSE TO DRIVE (PG2-10)
Sat 4 Feb 10 am CARE BEARS ADVENTURE IN WONDERLAND
CANNES AWARD WINNING FILM ADVERTISEMENTS
Final Day – 3 February
Between 1 pm and 2 pm
COMING ATTRACTIONS
10 Feb – DEAD POOL
10 Feb CADDYSHACK 2

**KEMPTON PARK 1 & 2 975-5023**
Mon-Thurs 10.00, 12 15, 2.30, 5 30, 7 45 pm
Fri-Sat. 10 00, 12 15, 2 30, 5.30, 7 45, 10.00 pm
A FISH CALLED WANDA (2-18)
A HILARIOUS COMEDY STARRING JOHN CLEESE & JAMIE LEE CURTIS!
ALIEN NATION (2-14)
COMING ATTRACTIONS
10 Feb – DEAD POOL
17 Feb – GORILLAS IN THE MIST

**CONSTANTIA BENONI 422-3305**
Mon-Thurs 12.15, 2.30, 5 30, 7 45 pm
Fri: 12.15, 2.30, 5 30, 7 45, 10 00 pm
Sat: 10.00, 12 15, 2 30, 5.30, 7 45, 10.00 pm
BUSTER (2-14)
HE STOLE MILLIONS OF POUNDS! HE'LL STEAL YOUR HEART! WITH PHIL COLLINS!
COMING ATTRACTION
10 Feb – DEAD POOL

**350 BOKSBURG 52-4631**
Mon-Thurs. 12 15, 2.30, 5.30, 7 45 pm
Fri: 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
Sat: 10 00, 12.15, 2 30, 5.30, 7.45, 10 00 pm
COCKTAIL (2-16)
TOM CRUISE IN HIS LATEST HIT FILM!

**PALMSPRINGS 1 & 2 56-3223**
Mon-Thurs: 10.00, 12 15, 2.30, 5.30, 7.45 pm
Fri-Sat. 10 00, 12 15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
A FISH CALLED WANDA (2-18)
Mon-Thurs. 10.00, 2.30, 5.30, 7.45 pm
Fri-Sat. 10.00, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
MIDNIGHT RUN (2-18)
Sat 4 Feb 10.00, 12.00 pm SCROOGED
COMING ATTRACTION
17 Feb – GORILLAS IN THE MIST

**POTCH**

**KINE POTCHEFSTROOM 930378**
Daily: 10.00, 2.30, 5 30, 7.45, 10.00 pm
MIDNIGHT RUN (2-18)
ROBERT DE NIRO IN AN ACTION ADVENTURE WITH A SENSE OF HUMOUR!
Daily: 10.00, 12.15, 2 30, 5 30, 7.45, 10.00 pm
A FISH CALLED WANDA (2-18)
A COMEDY WITH JOHN CLEESE AND JAMIE LEE CURTIS!
LICENSE TO DRIVE (PG2-10)
COMING ATTRACTIONS
10 Feb – DEAD POOL
17 Feb – GORILLAS IN TNE MIST

## WEST

**WESTGATE 1-3 764-2530**
Daily: 10 00, 2 30, 5 30, 7.45, 10 00 pm
MIDNIGHT RUN (2-18)
ACTION AND ADVENTURE WITH ROBERT DE NIRO!
Daily: 10 00, 12.15, 2 30, 5.30, 7.45, 10 00 pm
COCKTAIL (2-16)
Sat 4 Feb 10.00, 12.00 pm TEENWOLF TOO
A FISH CALLED WANDA (2-18)
COMING ATTRACTIONS
10 Feb – DEAD POOL
17 Feb – GORILLAS IN THE MIST

**KINE FLORA 1 & 2 472-1658**
Daily: 10 00, 12 15, 2 30, 5.30, 7.45, 10 00 pm
JACK'S BACK (2-18)
THE RIPPER IS BACK! TERROR & TENSION!
Daily: 10 00, 2.30, 5.30, 7 45, 10.00 pm
MIDNIGHT RUN (2-18)
Sat 4 Feb 10.00 am, 12 00 pm BACK TO THE FUTURE
COMING ATTRACTIONS
10 Feb – DEAD POOL

**CINE HIGHGATE 1-5 474-2013**
Tickets: Adults R4,50. Scholars R3,00
Daily: 10 00, 2 30, 5 30, 7.45, 10 00 pm
MIDNIGHT RUN (2-18)
ACTION AND EXCITEMENT ALL THE WAY!
Sat 4 Feb 10.00, 12.00 pm THE LIVING DAYLIGHTS
Daily: 10 00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10 00 pm
ALIEN NATION (2-14)
COCKTAIL (2-16)
LICENSE TO DRIVE (PG2-10)
COMING ATTRACTIONS
10 Feb – DEAD POOL
13 Feb – CANNES AWARD WINNING FILM ADVERTISEMENTS
24 Feb – MARRIED TO THE MOB

**KINE KRUGERSDORP 665-5330/1**
Mon-Thurs: 12 15, 2 30, 5.30, 7 45 pm
Fri 12.15, 2 30, 5 30, 7 45, 10.00 pm
Sat 10 00, 12.15, 2 30, 5.30, 7.45, 10 00 pm
JOHNNY BE GOOD (2-12)
A LAUGH-A-MINUTE COMEDY WITH FAST CARS AND FAST FUN!
Sat 4 Feb 9.30 am, 12.00 pm BACK TO THE FUTURE
COCKTAIL (2-16)
Sat 11 Feb 9.30 am, 12.15 pm GREMLINS
COMING ATTRACTION
10 Feb – MESSENGER OF DEATH

**VAAL**

**RIVERSQUARE VEREENIGING 016-46928**
Mon-Thurs 12.15, 2 30, 5 30, 7.45 pm
Fri. 12 15, 2.30, 5 30, 7 45, 10 00 pm
Sat: 10 00, 12.15, 2 30, 5.30, 7 45, 10.00 pm
A FISH CALLED WANDA (2-18)
A COMEDY NOT TO BE MISSED!
BUSTER (2-14)
COMING ATTRACTIONS
10 Feb – DEAD POOL

**KINE VANDERBIJLPARK 016-330072**
Daily: 10.00, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
MIDNIGHT RUN (2-18)
Daily: 10 00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
COCKTAIL (2-16)
COMING ATTRACTION
17 Feb – GORILLAS IN THE MIST

## PRETORIA

**STERLAND 1-8 341-7568/9**
Daily 10 00, 12 15, 2.30, 5 30, 7 45, 10 00 pm
BUSTER (2-14)
A FAMILY MAN A DREAMER A THIEF!
ALIEN NATION (2-14)
A THRILLER STARRING JAMES CAAN! BE PREPARED!
COCKTAIL (2-16)
LICENSE TO DRIVE (PG2-10)
BEETLEJUICE (A)
JOHNNY BE GOOD (2-12)
BIG (A)
BULL DURHAM (2-19)
COMING ATTRACTIONS
10 Feb – DEAD POOL
10 Feb – CADDYSHACK 2

**SUNNYPARK 1-3 44-4069**
Daily 9 45, 12 00, 2 30, 5 30, 7 45, 10 00 pm
THE BIG BLUE (2-16)
THE SEA HAS A SECRET!
Daily: 10 00, 12.15, 2 30, 5.30, 7 45, 10.00 pm
A FISH CALLED WANDA (2-18)
MURDER GREED LUST, REVENGE & SEAFOOD!
Daily: 10.00, 2 30, 7.45 pm
JEAN DE FLORETTE (A)
Daily. 12.15, 5.30, 10 00 pm
MANON OF THE SPRING (A)
COMING ATTRACTION
17 Feb – SWEETHEARTS DANCE

**TRANSVALIA 26-8387**
Daily 10 00, 2 30, 5.45, 9 00 pm
THE UNBEARABLE LIGHTNESS OF BEING (2-21)
COMING ATTRACTION
17 Feb – THAT'S LIFE

**VERWOERDBURGSTAD 663-2034**
Mon-Thurs: 10 00, 2.30, 5.30, 7 45 pm
Fri-Sat: 10 00, 2 30, 7 45, 10.00 pm
MIDNIGHT RUN (2-18)
ACTION AND ADVENTURE ALL THE WAY!
Mon-Thurs: 10 00, 12 15, 2.30, 5 30, 7.45 pm
Fri-Sat: 10 00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
A FISH CALLED WANDA (2-18)
A COMEDY BEYOND COMPARE! WITH JOHN CLEESE!
COMING ATTRACTION
10 Feb – RAINMAN

**ICE-RINK 44-5253**
PUBLIC SKATING
MONDAYS – SATURDAYS
1st Session: 10.00-12.30 pm
2nd Session: 2.00-5.00 pm
Sun. 2.00-5.00 pm – 7.30-10.30 pm

**Sun City Theatres 014651-21174**
NOW SHOWING:
OPEN 7 DAYS PER WEEK
CINE 3
DEAD OF WINTER (2-14)
APPOINTMENT WITH DEATH (A)
NUTS (2-12)
CINE 1 & 2
TWO BRAND NEW RELEASES
ALEX DE RENZY'S TWO GREAT EROTIC EXCITING ADULT MOVIES!
CHERYL HANSON IN COVER GIRL (2-21)
DESIRE COSTEAU IN PRETTY PEACHES (2-21)
CINE 2
THAT GIRL IS A TRAMP (Adult)
SCREWLOOSE (Adult)

**SK THE MECCA OF QUALITY FILMS**
Pensioner concessions only applicable Mon to Thurs at Constantia and The Mall
COMING ATTRACTIONS:
HIGH TIDE
I PICARI
RICKI & PETE
IMAGINE JOHN LENNON
PUNCHLINE
MUJERES (Women on the verge of a nervous breakdown)

**THE MALL ROSEBANK 880-2866/7**
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
A FISH CALLED WANDA (2-18)
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15
TO KILL A PRIEST (2-18)
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
PASCALI'S ISLAND (A)
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
BABETTE'S FEAST (A)
Daily: 10.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
THE MODERNS (2-18)
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
THE REVOLVING DOORS (A)
(LES PORTES TOURNANTES)
(English sub-titles)

**CONSTANTIA ROSEBANK 788-4300**
Daily: 9 45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
THE BIG BLUE (2-16)
Daily: 10.00, 2.30, 5.45, 9.00 pm
THE UNBEARABLE LIGHTNESS OF BEING (2-21)
8TH UNBELIEVABLE MONTH
Covered parking available at back entrance of Constantia Centre

**SK STER-KINEKOR 3 Feb – 9 Feb DRIVE-INS FOR A FUN NIGHT OUT**
ONLY R9,50 PER CAR, KOMBI OR L.D.V. FOR 2 SHOWS.
Films change on FRIDAYS.
Gates and cafeteria open 6.00 p.m.
Shows start at 7.15 p.m.
INFORMATION CENTRE: EAST-RAND 816-1444, WEST-RAND 412-1843
Please Note: Extra late shows at 11.00 pm Friday and Saturday at Top-Star, Velskoen and Atlas. R6,50 per car, kombi or L.D.V.

**TOP STAR (CITY) 412-1843/493-5877**
THE MAFIA AND THE FBI IN ACTION! ROBERT DE NIRO & CHARLES GRODIN FOR LAUGHS!
MIDNIGHT RUN (2-18)
THE MILAGRO BEANFIELD WAR (PG2-10)
EXTRA LATE SHOW FRI & SAT 11 pm
R6,50 PER CAR. MIDNIGHT RUN
10 Feb: DEAD POOL/FUNNY FARM

**VELSKOEN (RANDBURG) 412-1843/793-2812**
SO YOU THINK THE JHB DRIVERS ARE BAD? CHECK THIS MOVIE OUT! SUPER FAMILY DOUBLE!
LICENSE TO DRIVE (PG2-10)
SHORT CIRCUIT 2 (A)
EXTRA LATE SHOW FRI & SAT 11 pm
R6,50 PER CAR LICENSE TO DRIVE
10 Feb: BEETLEJUICE/NICO

**ATLAS (BRENTWOOD PARK) 816-1444/973-1017**
CAR CHASES – EXCITEMENT – THRILLS SPILLS LAUGHTER! BRING THE FAMILY!
LICENSE TO DRIVE (PG2-10)
SHORT CIRCUIT 2 (A)
EXTRA LATE SHOW FRI & SAT 11 pm
R6,50 PER CAR LICENSE TO DRIVE
10 Feb: DEAD POOL/FRANTIC

**STADIUM (MALVERN) 816-1444/615-1131**
2ND BIG WEEK! STARRING TOM CRUISE! WITH THE BEACH BOYS HIT KOKOMO
COCKTAIL (2-16)
THE BIG EASY (2-16)
10 Feb: LICENSE TO DRIVE/SHORT CIRCUIT 2

**5-STAR (HONEYDEW) 412-1843/795-1963**
CHEVY CHASE IN THE HIT COMEDY! BRING THE FAMILY FOR A NIGHT OF FUN!
FUNNY FARM (A)
CAN'T BUY ME LOVE (A)
10 Feb RED HEAT/WHITE MISCHIEF

**KEMPTON PARK 816-1444/976-4905**
2ND FANTASTIC WEEK OF THE SUPER ACTION COMEDY WITH ROBERT DE NIRO!
MIDNIGHT RUN (2-18)
THE MILAGRO BEANFIELD WAR (PG2-10)
10 Feb. COCKTAIL/POLICE ACADEMY 5

**SPEEDYS (SOUTH HILLS) 816-1444/613-4129**
CAR CHASES! ACTION! COMEDY! THRILLS & SPILLS! SUPER FAMILY DOUBLE!
LICENSE TO DRIVE (PG2-10)
SHORT CIRCUIT 2 (A)
10 Feb: A FISH CALLED WANDA/WILLOW

**GERMISTON 816-1444/902-1607/8**
A TALE OF MURDER LUST REVENGE & SEAFOOD
A FISH CALLED WANDA (2-18)
POLTERGEIST 3 (2-14)
10 Feb: MIDNIGHT RUN/MIRACLE ON 8TH STREET

**STERLIG (ROODEPOORT) 412-1843/764-2468**
SO YOU THINK THE JHB DRIVERS ARE BAD? SEE THIS ACTION COMEDY!
LICENSE TO DRIVE (PG2-10)
SHORT CIRCUIT 2 (A)
10 Feb MEATBALLS 3/MANIAC COP

**SPRINGBOK (SPRINGS) 816-1444/813-4138**
IT'S A GHOSTLY COMEDY WITH THRILLS AND ACTION! BRING THE FAMILY!
BEETLEJUICE (A)
NICO (2-18)
10 Feb MIDNIGHT RUN/WILLOW

**PANORAMA (MONDEOR) 412-1843/682-3411**
A TALE OF MURDER LUST REVENGE & SEAFOOD! JOHN CLEESE - JAMIE LEE CURTIS!
A FISH CALLED WANDA (2-18)
MIRACLE ON 8TH STREET (A)
10 Feb: COCKTAIL/TEENWOLF 2

**MEIRINGSPARK (KLERKSDORP) (018) 91060**
CHARLES BRONSON & CHUCK NORRIS IN ACTION DOUBLE!
MESSENGER OF DEATH (2-18)
AVENGING FORCE (2-18)
10 Feb: RED HEAT/THE SEVENTH SIGN

**HILLFOX (FLORIDA) 412-1843/679-1212**
IT'S BREAKING ALL BOX OFFICE RECORDS! TOM CRUISE (TOP GUN) IS BACK!
COCKTAIL (2-16)
TEENWOLF 2 (A)
10 Feb A FISH CALLED WANDA/WILLOW

**BRAKPAN 816-1444/915-3907**
A TALE OF MURDER GREED LUST REVENGE & SEAFOOD! JOHN CLEESE JAMIE LEE CURTIS!
A FISH CALLED WANDA (2-18)
FATAL ATTRACTION (2-18)
10 Feb LICENSE TO DRIVE/SWITCHING CHANNELS

**VEREENIGING 816-1444/12-3211**
IT'S A GHOSTLY COMEDY!
BEETLEJUICE (A)
FRANTIC (2-12)
10 Feb: BULL DURHAM/THE SEVENTH SIGN

**KINANDER (EVANDER) 816-1444/24117**
SCHWARZENEGGER IN ACTION!
RED HEAT (2-19)
THE SEVENTH SIGN (2-16)
10 Feb: LICENSE TO DRIVE/WHITE MISCHIEF

**KRUGERSDORP 412-1843/953-1959**
SUPER ACTION PACKED DOUBLE!
WILLOW (A)
THE PRESIDIO (2-16)
10 Feb COCKTAIL/BEETLEJUICE

**NIGEL 816-1444/739-6616**
SUPER COMEDY AND ACTION DOUBLE!
FUNNY FARM (A)
GOOD MORNING VIETNAM (2-16)
10 Feb WILLOW/THE PRESIDIO

**SK STER-KINEKOR PRETORIA DRIVE-INS**

**FOUNTAINS 44-2454**
ACTION, ADVENTURE HUMOUR!
MIDNIGHT RUN (2-18)
STREETS OF FIRE (2-16)
10 Feb CADDYSHACK 2/POLTERGEIST 3

**SWARTKOPS 374-4902**
TOM CRUISE IN HIS LATEST HIT MOVIE!
COCKTAIL (2-16)
BIG BUSINESS (A)
10 Feb A FISH CALLED WANDA/CROCODILE DUNDEE 2

**WONDERBOOM 57-1108**
ACTION ALL THE WAY IN THIS EXCITING DOUBLE!
MESSENGER OF DEATH (2-18)
BRADDOCK - MISSING IN ACTION 3 (2-16)
10 Feb DEAD POOL/NICO

**LYNNWOOD 87-1633**
MURDER GREED LUST REVENGE & SEAFOOD!
A FISH CALLED WANDA (2-18)
WILLOW (A)
10 Feb: MIDNIGHT RUN/SCROOGED

**UITSPAN 7-2515**
SUPER COMEDY AND ACTION DOUBLE FEATURE!
LICENSE TO DRIVE (PG2-10)
RUNNING MAN (2-16)
10 Feb. COCKTAIL/ARTHUR 2

**JAKARANDA 541-1159**
A COMEDY FILLED WITH ACTION AND FUN!
A FISH CALLED WANDA (2-18)
FRIDAY THE 13TH – FINAL CHAPTER (2-16)
10 Feb: BULL DURHAM/A NIGHT IN HEAVEN

**WITBANK 01351-81064**
007 BOND FILM FESTIVAL (2-12)
Fri & Sat: THUNDERBALL/THE LIVING DAYLIGHTS
Mon & Tues: FROM RUSSIA WITH LOVE/MAN WITH THE GOLDEN GUN
Wed & Thurs: MOONRAKER/THE SPY WHO LOVED ME

**RUSTENBURG 01421-29358**
THE FUN COMEDY OF THE YEAR!
WHO FRAMED ROGER RABBIT? (A)
TEENWOLF TOO (A)
10 Feb: FUNNY FARM/GOOD MORNING VIETNAM

## VRYDAG 3

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.30 Take a Break
4.00 Pound Puppies
4.30 The Boy and the Book
4.35 Another Life
5.05 Fast Forward
5.35 Topsport
6.00 News
6.15 Sundowner
7.00 Matlock
8.00 Netwerk
9.00 Hanlon
9.50 'n Flessie Moed - 'n Taxibestuurder word van 'n moord op 'n Russiese agent verdink en deur die Russies en Amerikaanse Geheime Diens agtervolg. Dieter Hallervorden (beter bekend as Grapjas Didi) speel die hoofrol.
12.20 Laataandsessie
12.40 Oordenking

**TV4**
6.03 Topsport
9.04 Fireball Forward (1972) - Die film wat afspeel tydens die Tweeds Wêreld-oorlog is vol aksie, drama en avontuur, maar die werklikheid van die oorlog word ook in al sy smart uitgebeeld. Die regisseur is Frank McCarthy wat ook verantwoordelik was vir die rolprent Patton. Met Ben Gazzara en Ricardo Montbalban.
10.45 Frank's Place
11.22 Lou Rawls Presents Black Gold Hits - kyk onder hoogtepunte hierbo.

**M-NET**
10.30 Daddy's Gone A-Hunting - 'n Sielkundige riller waarin 'n meisie se aborsie-ondervinding na vrees, moord en ontvoering lei.
12.18 West 57th: Debs
3.00 Telegames
3.30 Detective School Dropouts - 'n Skreeusnaakse speurstorie oor 'n maltrap wat graag 'n speurder wil word. Met David Landsberg en Lorin Dreyfuss.
5.00 Die Secret World of Og
5.25 Transformers
5.50 Care Bears
Oop Tyd
6.15 Loving
6.50 Tattingers
7.45 Supersport: Motorsport Intekenare
8.00 Supersport: Motorsport
8.30 Volunteers - Tom Hanks speel die hoofrol in die komedie oor 'n ryk, bedorwe Amerikaner wat na finansiële probleme plekke met sy vriend ruil en by die Vredeskorps in Thailand aansluit.
10.14 Improv Tonite
10.30 The Towering Inferno - 'n Spannende drama oor die gevolge van 'n brand wat in die wêreld se hoogste wolkekrabber ontstaan. Met Paul Newman, Steve McQueen, Faye Dunaway en Fred Astaire.
12.40 Hot Hits

# Hoogtepunte op TV

# The Doors kry ook 'n beurt

SATERDAGAAND is vir sommige 'n tuisblyaand. Op TV1 alleen is daar drie goeie programme. Om 8.30 is dit Magnum, TC en Higgens wat vir Rick, wat spoorloos verdwyn het, soek. Daarna is dit die rolprent Prison for Children wat handel oor die stryd van David Royce om onskuldiges uit 'n instituut vol kriminele te hou. Die hoofrol word vertolk deur John Ritter (van Hooperman-faam). Daarna is The Story of Rock and Roll weer aan die beurt met 'n kykie na die kult-rockgroep van die sestigerjare, The Doors. Ander groepe is The Eagles, The Mamas and The Papas asook Jackson Brown.


Jim Morrison van The Doors

BEAUTY AND THE BEAST begin Saterdagaand om 19h00 op M-Net en moet beslis nie misgeloop word nie. Hierdie hedendaagse fabel handel oor 'n pragtige prokureur (Linda Hamilton) en 'n intelligente man/monster (Ron Perlman) wat saam kriminele elemente in New York beveg.

SONDAG op M-Net is daar twee flieks, 'n komedie genaamd Willy Wonka and the Chocolate Factory om 15h30 en Wargames om 20h30. Willa Wonka is 'n musiek-fantasie gebasseer op 'n Roald Dahl storie waarin vyf kinders gelukkige lekkers koop en 'n toer deur die sjokeladefabriek wen. Gene Wilder speel die hoofrol. Wargames handel oor 'n rekenaar-wonderkind wat onskuldig by die Amerikaanse verdedigingsmeganisme betrokke raak. Met Matthew Broderick en Dabney Coleman.

MURDER SHE WROTE wat Maandagaand om 19h00 op TV1 vertoon word, is seker 'n reeks wat altyd gewild sal bly. Angela Lansbury speel die rol van die skryfster van speurverhale, Jessica Fletcher. Jessica skryf nie net oor geheimsinnige moordgevalle nie, sy los dit in die werklikheid op. Hierdie week luister sy 'n gesprek af tussen twee mans wat 'n moord beplan.

MAANDAGAAND om 20h30 kan die komedie Restless Natives op M-Net gesien word. Joe Mullaney en Vincent Friell speel die rolle van twee brandarm Skotte wat beplan om hulle suur lewe ingrypend te verander deur baie geld te maak... onwettig natuurlik.

EL CONDOR met Jim Brown en Lee van Cleef is Dinsdagaand om 20h30 op M-Net en moet beslis nie misgeloop word nie. Die klasiekke cowboy-fliek handel oor 'n ontsnapte misdadiger en 'n swendelaar wat 'n groep Apaches oplei om 'n Mexikaanse fort, El Condor te gaan beset. Die motief? Goud!

CAPTAIN BLOOD, 'n rolprent wat in 1935 vervaardig is, handel oor 'n Britse dokter wat die leier van 'n rebellegroep teen Koning James II behandel en as gevolg daarvan tot slawerny in die Wes-Indies gevonnis word. Hy ontmoet 'n pragtige vrou, Arabella, rebelleer teen sy gevangenis en word 'n seerower. Met Errol Flynn en Olivia de Havilland. Captain Blood word Dinsdagaand om 21h00 op TV4 vertoon.

HEARTS AND ARMOUR wat Woensdagaand om 20h30 op M-Net vertoon word, is die heroïesie verhaal van die Moorse invalle op die christelike ryk in Europa gedurende die Middeleeue. Manlike en vroulike soldate volg hulle harte en veg met hul swaarde. Liefde en haat is net soveel deel van die besluite wat geneem word as trots en patriotisme. Met Zeudi Araya en Barbara De Rossi.


Tobie Cronjé en Katinka Heyns in Willem

LIEFHEBBERS van Afrikaanse gesinsdramas, intriges, hartseer en alles wat dit kos om 'n lekker plaaslike soapie te maak, moet Cul de sac III Woensdagaand om 21h00 nie misloop nie. Dokter Daan en Jeanne se probleme duur voort. Met Ronny Belcher (sy nuwe langspeelplaat is nou op die rakke), Annette Hartmann en Gerhard Viviers.

DONDERDAGAAND op TV1 om 7-uur kan die eerste aflewering van die heruitsending van die gewilde reeks Willem gesien word. Skreeusnaakse oomblikke in die lewe van 'n private speurder en sy blonde sekretaresse het mense in die laat sewentigs aan die skater gehad, hoop die trefkrag is nog daar... Met Tobie Cronje en Katinka Heyns.

## SATERDAG 4

**TV1**
5.57 Oggendboodskap
6.00 Opvoedkundige tv
6.30 Agriforum '88
7.00 Goeiemôre SA
9.00 Opvoedkundige tv
11.00 Topsport
1.00 Josef
1.05 Kuifie
1.10 Skatte-eiland
1.35 Brandweerhoof Felix Martin
2.00 Topsport
5.57 Kompas
6.00 Nuus
6.15 Pryswys
7.05 Buck James
8.00 News
8.35 Magnum - Kyk onder hoogtepunte hierbo
9.30 Prison for Children - kyk onder hoogtepunte hierbo
11.20 Story of Rock 'n Roll - kyk onder hoogtepunte hierbo
11.40 Epilogue

**TV4**
6.03 The Law and Harry McGraw
6.51 The Pink Panther
9.03 A Different World
9.30 Hooperman
9.56 That's Hollywood
«MDNM»11.22 The Dom DeLuise Show
11.47 Man Sonder Naam

**M-NET**
1.30 The Island at the Top of the World
3.00 The Bunjee Adventure
3.30 Eddie Lawson - World Champion
4.30 Five Nations Rugby Championships
Oop Tyd
6.45 Hot Hits
7.00 Beauty and the Beast - Kyk onder hoogtepunte Intekenare
8.00 Fame, Fortune and Romance
8.30 Goldfinger - In hierdie derde James Bond-avontuur vermoed 007 dat die skatryk Auric Goldfinger goud van Engeland steel. Hy stel ondersoek in maar die roekelose misdadiger neem hom gevange. 007 ontsnap met behulp van 'n pragtige vrou, Pussy Galore, maar dis nie waar sy avonture eindig nie...
10.20 West 57th: Gators
10.30 The China Syndrome

## SONDAG 5

**TV1**
1.30 Pinocchio
1.55 ZET!
2.05 Rainbow Brite
2.30 Legacy
3.00 An Inordinate Fondness for Beetles
3.30 Willem die Veroweraar
4.30 Collage
5.20 Walt Disney Special
6.05 50/50
8.00 Network
9.00 1988 TV1 Chamber Music Festival
9.40 Gilbert and Sullivan - Die D'Oyly Carte-sangers en 'n koor van 'n duisend stemme sing van dié duet se bekendste liedjies.
10.35 Perspektief

**TV4**
6.03 Kahoots
9.04 Trauma Centre
9.58 Kate and Allie
10.26 Sing Country
11.00 Topsport

**M-NET**
6.00 Supersport: Boks van Las Vegas
1.00 Boksbonus
2.00 Five Nations Rugby Championships
3.30 Willy Wonka and the Chocolate Factory - kyk onder hoogtepunte hierbo
5.05 The Adventures of a Mouse
5.23 Megga-T Tuffy Tooth Club
5.25 The Adventures of Teddy Ruxpin
5.50 Raggedy Ann and Andy
Oop Tyd
6.15 Heartbeat
7.05 Carte Blanche Intekenare
8.00 The Twilight Zone
8.30 Wargames - Kyk onder hoogtepunte hierbo
10.18 The Money Programme
10.30 Heat

## MAANDAG 6

**TV1**
7.00 Goeiemôre SA
3.30 Impact
3.55 Autobanking
4.05 Mio Mao
4.10 The Trap Door
4.15 Pumpkin Patch
4.30 The Boy and the Book
4.40 Another Life
5.00 Throb
5.30 Bionic Six
6.00 News
6.15 Graffiti
7.00 Murder She Wrote - kyk onder hoogtepunte hierbo
8.00 Netwerk
9.00 1945
10.00 Topsport
11.00 Die Boot
12.00 Oordenking

**TV4**
6.00 Butterfly Island
6.30 Topsport
9.00 Head of Class
9.30 Dynasty
10.23 Spenser for Hire
11.14 The Forum Presents

**M-NET**
10.30 Beyond Reasonable Doubt - 'n Dramatisering van die verbysterendste en mees omstrede geval in die moderne wetstoepassing. Met John Hargreaves en David Hemmings.
3.30 The Fog
4.54 Teddy Ruxpin
5.25 The Spiral Zone
5.50 The Smurfs
Oop Tyd
6.15 Loving
6.50 Hart to Hart
7.45 Supersport Intekenare
8.00 Supersport
8.30 Restless Natives - kyk onder hoogtepunte hierbo
9.54 Brass Tacks
10.30 Daddy's Gone A-Hunting

## DINSDAG 7

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.30 Sea Images
3.50 Miena Moe en kie
4.00 Mof en Mat
4.10 Wielie Walie
4.30 Die Vreemdeling
5.30 Koning Arthur
5.57 Kompas
6.00 Die Nuus
6.15 Potpourri
7.05 Spioen-Spioen
8.00 Network
8.30 Story of a Marriage
10.00 Topsport
11.00 Educational - Open University
11.55 Evening prayer

**TV4**
6.00 Shane
9.03 Captain Blood - kyk onder hoogtepunte hierbo
11.12 Amen
11.39 Big Valley

**M-NET**
10.30 The Island at the Top of the World
12.00 Isabel's Honeymoon Hotel
3.30 Every Which Way But Loose - Clint Eastwood is terug in die avontuurverhaal van 'n trokbestuurder en sy oerang-oetang.
5.25 The Real Ghostbusters
5.50 G I Joe
Oop Tyd
6.15 Loving
6.50 China Beach
7.45 Hoogtepunte Intekenare
8.00 Floyd on Food
8.30 El Condor - kyk onder hoogtepunte hierbo
10.05 The Money Programme
10.30 Volunteers

## WOENSDAG 8

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.30 Agriforum '88
4.00 Mio Mao
4.10 The Trap Door
4.15 Tele 6


Dirk Vermeulen en Gerrit Schoonhoven in Cul de Sac III

4.25 The Boy and the Book
4.30 Another life
5.05 Cosby III
5.35 Sea Hunt - 'n Nuwe avontuurreeks
6.00 News
6.15 No Jacket Required
7.00 Trail and Error
7.30 The Golden Girls
8.00 Netwerk
9.05 Cul De Sac III - kyk onder hoogtepunte hierbo
9.35 Diagonal Street
10.00 Topsport
11.00 Geskiedenis van Fotografie
11.55 Oordenking

**TV4**
6.00 Pursuit of Happiness
6.30 Topsport
9.00 The Bold and the Beautiful
9.30 Capitol
9.54 Fantomas - Fantomas is geen gewone skurk nie, nie as hy 'n vrou van die adelstand het wat hom in sy misdrywe bystaan en 'n meester op die gebied van vermomming is nie.
11.40 The Honeymooners

**M-NET**
10.30 Detective School Dropouts
12.00 Can You Avoid Cancer? Intekenare
2.40 The Towering Inferno
5.23 Mega-T Tuffy Tooth Club
5.25 The Flintstone Kids
5.50 The Adventures of the Galaxy Rangers
Oop Tyd
6.15 Loving
6.50 Blue Thunder
7.45 Supersport: Sokker Intekenare
8.00 Supersport
8.30 Hearts and Armour - Kyk onder hoogtepunte hierbo
10.00 Boks

## DONDERDAG 9

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.30 Wat sê die reg?
3.50 Harold and the Purple Crayon
4.00 Niklaas
4.30 Silhouette
5.25 Tekkies
5.57 Kompas
6.00 Nuus
6.15 Uit en Tuis
7.05 Willem - Die heruitsending van die skreeusnaaks en gewilde reeks van tien aflewerings oor 'n lomp private speurder en sy blonde sekretaresse. Met Tobie Cronje en Katinka Heyns.
8.00 Network
9.00 Hill Street Blues
10.00 Topsport
11.00 Magic - Kyk onder hoogtepunte hierbo
12.35 Face to Face

**TV4**
6.03 TV4 Top 20
6.30 Muzik A La Carte
9.03 The Bold and the Beautiful
9.28 Capitol
9.54 Night Court
10.21 Skinderkelkies
11.24 Ripley's Believe It or Not

**M-NET**
10.30 Daddy's Gone A-Hunting
12.18 Videofashion Monthly
3.22 The China Syndrome
5.25 Dungeons and Dragons
5.50 Inspector Gadget
Oop Tyd
6.15 Loving
6.45 Designing Women
7.15 Newhart
7.45 Program sal aangekondig word Intekenare
8.30 Elsa se Geheim - kyk onder hoogtepunte hierbo
10.30 Goldfinger

**Lees Stephan Bouwer se TV-rubriek op bladsy 4**